# Remgro
## Beperk

Jaarverslag
2008

# INHOUD

BELEGGINGSFILOSOFIE 1

Remgro se beleggingsfilosofie

GROEPPROFIEL 1

Opsomming van die besigheid van die maatskappy en sy belangrikste beleggings

GROEPSTRUKTUUR 2

Skematiese uiteensetting van die belangrikste beleggings van die groep

FINANSIËLE HOOFTREKKE 6

Wesensverdienste per aandeel
Dividende per aandeel
Netto batewaarde per aandeel
Wisselkoerse
Beurspryse

AANDELESTATISTIEK 7

Inligting met betrekking tot transaksies op die JSE Beperk

GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATISTIEK

Sewejaar gekonsolideerde inkomstestate 8

Sewejaar gekonsolideerde balansstate en kontantvloeistate 9

DIREKSIE 10

Nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure

ALGEMENE VERSLAG

Finansiële oorsig 12

Kommentaar op die groep se resultate

Beleggingsoorsig 17

Kort oorsig van die resultate van individuele beleggings

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE 29

Samestelling van die intrinsieke netto batewaarde

KORPORATIEWE BESTUUR 30

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG 38

Verhoudinge met belanghebbendes
Groepetiek
Veiligheid en die omgewing
MIV/vigs-beleid
Werknemers
Pandemies
Diensbillikheid
BBSEB – breë-basis swart ekonomiese bemagtiging
Sosiale belegging

FINANSIËLE VERSLAG 2008

Statutêre gekonsolideerde finansiële jaarstate van die groep met inhoudsopgawe 48

MAATSKAPPY-INLIGTING 114

AANDEELHOUERSINLIGTING 114

KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS 118

VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS 122

VOLMAGVORM *aangeheg*

REMGRO BEPERK
Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika Registrasienommer 1968/006415/06 ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

www.remgro.com

Remgro

Beperk

## BELEGGINGSFILOSOFIE

REMGRO belê in ondernemings wat voortreflike groei in verdienste en dividende oor die lang termyn kan voorsien. Dit behels die verkryging van betekenisvolle belange in maatskappye wat goeie bestuur het en wat oor die vermoë beskik om sterk kontantopbrengste en groei voort te bring. Remgro gaan strategiese verbintenisse op 'n vennootskapsgrondslag aan en beywer hom om, waar moontlik, waarde toe te voeg. Die doel is om uitmuntende opbrengste in die vorm van dividendvloei en kapitaalgroei vir aandeelhouers te verseker.

## GROEPPROFIEL

REMGRO BEPERK is 'n beleggingshouermaatskappy wat in sy huidige vorm op 1 April 2000 tot stand gekom het na die herstrukturering van die voormalige Rembrandt Groep Beperk. Die belange van die groep bestaan uit beleggings in onder andere tabakprodukte, bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, motorkomponente, glasprodukte, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

Die maatskappy is hoofsaaklik toegespits op beleggingsbestuur en die verskaffing van strategiese insette eerder as op die dag-tot-dag-bestuur van besigheidseenhede van die maatskappye waarin belê is.

Filiale wat nie ten volle besit word nie, is meesal genoteerde maatskappye met onafhanklike direksies, waar hierdie maatskappy op nie-uitvoerende vlak verteenwoordig word. Beleggings in nie-filiale sluit genoteerde en ongenoteerde maatskappye in wat nie deur hierdie maatskappy beheer word nie en meesal as geassosieerde maatskappye beskou word op grond van beduidende invloed en direksieverteenwoordiging.

Remgro
Beperk

## GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN ANDER

### TABAKBELANGE

| | |
|---|---|
| British American Tobacco | 10.6% |

### FINANSIËLE DIENSTE

| | |
|---|---|
| RMB Holdings | 25.0% |
| FirstRand | 9.3% |

### NYWERHEIDSBELANGE

| | |
|---|---|
| Air Products SA | 50.0% |
| Distell | 29.4% |
| Dorbyl | 41.4% |
| Kagiso Trust Investments | 41.8% |
| Medi-Clinic | 45.9% |
| Nampak | 13.3% |
| PGSI | 28.5% |
| Total South Africa | 24.9% |
| Unilever South Africa Holdings | 25.8% |

### MYNBELANGE

| | |
|---|---|
| Trans Hex | 28.5% |
| Implats | 4.4% |

### ANDER BELANGE

| | |
|---|---|
| Business Partners | 21.1% |
| Xiocom | 44.4% |

## FILIAALMAATSKAPPYE

### NYWERHEIDSBELANGE

| | |
|---|---|
| Tsb Sugar | 100.0% |
| Wispeco | 100.0% |
| Rainbow | 74.0% |

### KORPORATIEF EN ANDER BELANGE

| | |
|---|---|
| Remgro Finansieringskorporasie | 100.0% |
| M&I Groepsdienste | 100.0% |
| Remgro Investments – Jersey | 100.0% |

*Persentasies verteenwoordig die direkte belange gehou.*
*Bylae A en B gee meer besonderhede van filiaalmaatskappye en beleggings.*

## GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN ANDER

### TABAKBELANGE

British American Tobacco

**EFFEKTIEWE BELANG: 10.6%**

- Genoteer op die Londense Aandelebeurs.
- Hoofuitvoerende beampte: P Adams
- Vervaardig hoë kwaliteit tabakprodukte vir 'n diverse, wêreldwye mark. Die maatskappy is betrokke vanaf die verbouingstadium tot die bemarking van sy produkte.
- Belang word verteenwoordig deur 'n eenderde belang in die gewone aandele en 'n 100%-belang in die "2005" deelnemende sekuriteite van R&R Holdings SA (R&R). Die ander twee-derdes belang in R&R word gehou deur Compagnie Financière Richemont SA.
- R&R hou 'n belang van 30% in BAT.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: £38 126 miljoen
- Webwerf: www.bat.com

### FINANSIËLE DIENSTE

RMB Holdings

**EFFEKTIEWE BELANG: 25.0%**

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Bedryfshoof: P Cooper
- RMBH se belange is:
  - FirstRand Beperk (33%)
  - RMB Structured Insurance Beperk (81%)
  - OUTsurance Beperk (62%)
  - Glenrand M.I.B Beperk (16%)
  - Discovery Holdings Beperk (27%)
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: R29 623 miljoen
- Webwerf: www.rmbh.co.za

FirstRand

**EFFEKTIEWE BELANG: 9.3%**

*(uitgesluit indirekte belang gehou deur RMB Holdings)*

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: P K Harris
- Die FirstRand groep van maatskappye doen sake in die finansiëledienste-sektor insluitende kleinhandel, korporatief, beleggings en aksepbanksake, korttermynversekering, lewensversekering, werknemervoordele en batebestuur.
- Die bank- en versekeringsaktiwiteite word verteenwoordig deur die volfiliale FirstRand Bank Holdings Beperk en Momentum Groep Beperk onderskeidelik.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: R90 192 miljoen
- Webwerf: www.firstrand.co.za

### MYNBELANGE

Trans Hex

**EFFEKTIEWE BELANG: 28.5%**

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: L Delport
- Eksplorasie vir, en myn en bemarking van, land- en mariene diamante.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: R1 113 miljoen
- Webwerf: www.transhex.co.za

Implats – Distinctly Platinum

**EFFEKTIEWE BELANG: 4.4%**

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: D H Brown
- Implats is 'n ten volle geïntegreerde mynbou- en metallurgiese organisasie, wat suiwer platinumgroep-metale internasionaal bemark en is een van die wêreld se grootste platinumherwinners.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: R197 684 miljoen
- Webwerf: www.implats.co.za

## GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN ANDER

### NYWERHEIDSBELANGE

AIR PRODUCTS

**EFFEKTIEWE BELANG: 50.0%**

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: M Hellyar
- Air Products SA produseer suurstof, stikstof, argon, waterstof en koolstofdioksied vir verkoop in gasvorm deur middel van pypleidings ingevolge langtermynkontrakte aan groot industriële gebruikers asook die verkoop en verspreiding van industriële gasse en chemikalieë, saam met die toepaslike toerusting, aan die algemene handelsmark.
- Die ander 50% van die gewone aandele word gehou deur Air Products and Chemicals Incorporated, 'n VSA-maatskappy.
- Webwerf: www.airproducts.co.za

MEDI-CLINIC

**EFFEKTIEWE BELANG: 45.9%**

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: L J Alberts
- Medi-Clinic se besigheid behels die voorsiening van omvattende, hoëgehalte hospitaaldienste op 'n kostedoeltreffende grondslag in Suidelike Afrika, die Verenigde Arabiese Emirate en Switserland.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: R11 682 miljoen
- Webwerf: www.mediclinic.co.za

Dorbyl Limited

**EFFEKTIEWE BELANG: 41.4%**

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: R F Röhrs
- Dorbyl is 'n industriële groep in die outomobiel ingenieursbedryf. Die maatskappy spesialiseer in die vervaardiging en montering van 'n wye reeks motorkomponente.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: R273 miljoen
- Webwerf: www.dorbyl.co.za

DISTELL

**EFFEKTIEWE BELANG: 29.4%**

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: J J Scannell
- Distell produseer en bemark gehaltewyne, spiritualieë en gegeurde alkoholiese drank in Suid-Afrika met 'n toenemend internasionale profiel.
- Belang word verteenwoordig deur 'n 50%-belang in Remgro-KWV Beleggings Beperk wat op 31 Maart 2008 'n belang van 59% in Distell gehou het.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: R10 234 miljoen
- Webwerf: www.distell.co.za

KAGISO

**EFFEKTIEWE BELANG: 41.8%**

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: J J Njeke
- Kagiso Trust Investments ("Kagiso") is 'n gevestigde swart ekonomies beheerde maatskappy met 'n fokus op beleggingsbankdienste, media- en strategiese beleggings. Kagiso beskik oor 'n beleggingsportefeulje en -strategie wat aanvullend is tot dié van Remgro.
- Webwerf: www.kagiso.com

TOTAL

**EFFEKTIEWE BELANG: 24.9%**

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: J Royére
- Filiaal van Total (Frankryk). Die besigheid van Total South Africa is die raffinering en bemarking van petroleum en petroleumprodukte in Suid-Afrika. Versprei ook aan die aangrensende NBLS-lande en het 'n 36%-belang in National Petroleum Refiners of S.A. (Edms) Beperk (Natref).
- Webwerf: www.total.co.za

Nampak packaging excellence

**EFFEKTIEWE BELANG: 13.3%**

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: G E Bortolan
- Nampak is die grootste en mees gediversifiseerde verpakkingsvervaardiger in Afrika met bedrywighede in die Verenigde Koninkryk en Europa. Dit produseer verpakkingsprodukte van metaal, papier, plastiek en glas en is die grootste vervaardiger en verspreider van "tissue"-produkte.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: R10 785 miljoen
- Webwerf: www.nampak.com

Unilever

**EFFEKTIEWE BELANG: 25.8%**

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: Mev G A Klintworth
- Die Unilever-onderneming vervaardig en bemark 'n wye reeks voedsel- en huishoudelike en persoonlike produkte. Unilever geniet markleierskap in die meeste van sy hoofkategorieë. Bekende handelsmerke sluit die volgende in: *Robertsons, Rama, Flora, Lipton, Joko, Mrs Ball's, Sunlight, Omo, Surf, Vaseline* en *Lux*.
- Webwerf: www.unilever.co.za

PGSI
PGSI Limited

**EFFEKTIEWE BELANG: 28.5%**

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: S Jennings
- PGSI hou 'n belang van 100% in PG Groep.
- Die PG Groep is Suid-Afrika se leier in die geïntegreerde glasbedryf wat hoë kwaliteit motor- en konstruksieglasprodukte vervaardig, versprei en installeer.
- Webwerf: www.pggroup.co.za

## GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN ANDER

### ANDER BELANGE

**Business Partners** — Investing in Entrepreneurs

EFFEKTIEWE BELANG: 21.1%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: J Schwenke
- Business Partners is 'n spesialis beleggings-maatskappy wat doelgemaakte en geïntegreerde beleggings, mentorskap en eiendomsbestuursdienste aan klein en medium ondernemings in Suid-Afrika beskikbaar stel.
- Webwerf: www.businesspartners.co.za

**xiocom wireless**

EFFEKTIEWE BELANG: 44.4%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: J D Spence
- Xiocom is 'n nuut gestigte maatskappy, gebaseer in die VSA, wat spesialiseer in die ontplooiing en bedryf van draadlose breëband netwerke.
- Webwerf: www.xiocom.com

## FILIAALMAATSKAPPYE

### NYWERHEIDSBELANGE

**Tsb Sugar**

EFFEKTIEWE BELANG: 100.0%

- Ongenoteer
- Hoofuitvoerende beampte: H Snyman
- Tsb Sugar is betrokke by die suikerrietbedryf en die produksie, vervoer en bemarking van suiker, asook veevoere. Sitrus word ook op plase van die maatskappy verbou.
- Webwerf: www.tsb.co.za

**WISPECO Aluminium**

EFFEKTIEWE BELANG: 100.0%

- Ongenoteer
- Besturende direkteur: H Rolfes
- Wispeco se hoofbesigheid is die vervaardiging van aluminiumprodukte vir gebruik in die geboue-, ingenieurs- en duursamegoedere-sektore.
- Webwerf: www.wispeco.co.za

**RAINBOW™**

EFFEKTIEWE BELANG: 74.0%

- Genoteer op die JSE Beperk.
- Hoofuitvoerende beampte: M Dally
- Rainbow is die houermaatskappy van een hoofbedryfsfiliaal wat 'n vertikaal geïntegreerde hoenderprodusent is.
- Markkapitalisasie op 31 Maart 2008: R4 234 miljoen
- Webwerf: www.rainbowchicken.co.za

### KORPORATIEF EN ANDER BELANGE

Remgro Finansieringskorporasie Beperk, M&I Groepsdienste Beperk *en* Remgro Investments Limited – Jersey

EFFEKTIEWE BELANG: 100.0%


- Ongenoteerde maatskappye
- Verantwoordelik vir Remgro se sentrale tesourie-funksie sowel as bestuurs- en ondersteunende dienste.

Remgro Beperk

# FINANSIËLE HOOFTREKKE

| | 2008 | 2007 | % verandering |
|---|---|---|---|
| WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL – nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit | **1 700.7c** | 1 453.6c | *17.0* |
| WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL | **1 692.8c** | 1 453.6c | *16.5* |
| VERDIENSTE PER AANDEEL | **2 095.7c** | 1 464.2c | *43.1* |
| WESENSVERDIENSTE – nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit | **R8 028m** | R6 892m | *16.5* |
| WESENSVERDIENSTE | **R7 991m** | R6 892m | *15.9* |
| VERDIENSTE – netto wins vir die jaar | **R9 893m** | R6 942m | *42.5* |
| **Dividende per aandeel** | | | |
| Gewoon | **510.00c** | 434.00c | *17.5* |
| – Tussen | **180.00c** | 153.00c | *17.6* |
| – Finaal | **330.00c** | 281.00c | *17.4* |
| **Netto batewaarde per aandeel** (toeskryfbaar aan eie lede) | | | |
| – teen intrinsieke waarde | **R253.67** | R221.00 | *14.8* |
| Tabakbelange | **R146.07** | R110.56 | *32.1* |
| Ander beleggings | **R107.60** | R110.44 | *(2.6)* |
| **Wisselkoerse** | | | |
| SA rand/pond sterling-wisselkoers | | | |
| – geweegde gemiddelde vir die finansiële jaar | **14.2882** | 13.2898 | |
| – op 31 Maart | **16.0290** | 14.3449 | |
| **Beurspryse** | | | |
| Sluitingsprys per aandeel op 31 Maart | **R195.93** | R181.00 | *8.2* |


DIVIDENDDEKKING



# AANDELESTATISTIEK

| JSE Beperk | **2008** | 2007 | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Geweegde aantal Remgro gewone aandele uitgereik – ongenoteerde B-gewone aandele uitgesluit ('000) | **436 547** | 438 617 | 447 648 | 461 786 | 467 774 | 481 011 |
| Markkapitalisasie op 31 Maart (R miljoen) – Alleenlik gewone aandele | **87 973** | 81 233 | 60 588 | 45 633 | 35 028 | 25 030 |
| Prys (sent per aandeel) | | | | | | |
| – 31 Maart | **19 593** | 18 100 | 13 500 | 9 380 | 7 200 | 5 145 |
| – Hoogste | **20 700** | 18 294 | 13 800 | 9 701 | 7 495 | 7 399 |
| – Laagste | **17 200** | 12 200 | 9 150 | 6 980 | 5 150 | 5 145 |
| Aantal aandele verhandel ('000) | **289 937** | 236 577 | 284 396 | 187 389 | 187 231 | 216 082 |
| Waarde van aandele verhandel (R miljoen) | **53 841** | 35 509 | 32 732 | 15 553 | 11 785 | 14 105 |
| Aandele verhandel/ geweegde aantal gewone aandele (%) | **66.4** | 53.9 | 63.5 | 40.6 | 40.0 | 44.9 |
| Aantal transaksies | **201 515** | 126 747 | 100 309 | 64 707 | 54 055 | 58 873 |

REMGRO-AANDEELPRYS




| *R miljoen* | **2008** | 2007 | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 | 2002 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Wins voor inagname van die onderstaande | **1 578** | 1 476 | 1 938 | 1 384 | 1 292 | 1 209 | 734 |
| Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings | **1 684** | 51 | 3 165 | 2 216 | (132) | 1 055 | (158) |
| Gekonsolideerde wins voor belasting | **3 262** | 1 527 | 5 103 | 3 600 | 1 160 | 2 264 | 576 |
| Belasting | **(419)** | (403) | (857) | (417) | (397) | (394) | (173) |
| Gekonsolideerde wins na belasting | **2 843** | 1 124 | 4 246 | 3 183 | 763 | 1 870 | 403 |
| Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | **7 210** | 6 003 | 4 354 | 5 742 | 3 177 | 7 262 | 3 255 |
| Wins voor inagname van die onderstaande | **7 086** | 5 995 | 4 428 | 4 514 | 4 164 | 4 421 | 3 881 |
| Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings | **124** | 8 | (74) | 1 228 | (987) | 2 841 | (626) |
| Netto wins na belasting | **10 053** | 7 127 | 8 600 | 8 925 | 3 940 | 9 132 | 3 658 |
| Minderheidsbelang | **(160)** | (185) | (398) | (407) | (335) | (446) | (151) |
| **Toeskryfbare netto wins vir die jaar** | **9 893** | 6 942 | 8 202 | 8 518 | 3 605 | 8 686 | 3 507 |
| **Wesensverdienste** | **7 991** | 6 892 | 5 084 | 4 998 | 4 687 | 4 856 | 4 252 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **1 692.8** | 1 453.6 | 1 052.3 | 1 005.0 | 931.3 | 940.1 | 814.5 |
| Wesensverdienste per aandeel – nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit (sent)* | **1 700.7** | 1 453.6 | 1 130.9 | 1 005.0 | 931.3 | 940.1 | 814.5 |
| Verdienste per aandeel (sent) | **2 095.7** | 1 464.2 | 1 697.6 | 1 712.9 | 716.3 | 1 681.6 | 671.8 |
| Dividende per aandeel (sent) | | | | | | | |
| – Gewoon | **510.00** | 434.00 | 361.00 | 314.00 | 285.00 | 248.00 | 206.00 |
| – Spesiaal | | | 400.00 | 600.00 | 200.00 | | 100.00 |

Die syfers vir 2005 hierbo is hersaamgestel ingevolge IFRS. Syfers vir die jare voor 2005 is nie aangepas nie.

* *Gedurende die 2006 finansiële jaar het verskeie maatskappye in die groep swart ekonomiese bemagtigings (SEB)-transaksies aangegaan. Weens die wesentlike uitwerking wat die rekeningkundige verantwoording van hierdie transaksies op Remgro se resultate gehad het, is wesensverdienste per aandeel in die 2006 finansiële jaar ook aangebied met uitsluiting van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste. Gedurende die jaar onder oorsig het Rainbow Chicken Beperk ook 'n SEB-transaksie aangegaan en gevolglik word wesensverdienste per aandeel weer aangebied met uitsluiting van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste.*


REMGRO SE RELATIEWE AANDELEVERTONING (GEBASEER OP INDEKS VAN 100 SOOS OP 26 SEPTEMBER 2000)



| *R miljoen* | **2008** | 2007 | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 | 2002 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BALANSSTATE | | | | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **2 668** | 2 564 | 2 444 | 4 120 | 3 515 | 3 253 | 2 083 |
| Beleggings – Geassosieerde maatskappye | **43 175** | 33 033 | 26 098 | 28 201 | 22 737 | 19 844 | 16 984 |
| Ander nie-bedryfsbates | **9 039** | 6 802 | 4 584 | 2 645 | 2 106 | 3 607 | 2 831 |
| Bedryfsbates | **6 945** | 7 460 | 8 210 | 4 773 | 5 372 | 4 079 | 4 435 |
| **Totale bates** | **61 827** | 49 859 | 41 336 | 39 739 | 33 730 | 30 783 | 26 333 |
| Totale ekwiteit | **57 875** | 46 427 | 38 090 | 36 844 | 31 411 | 28 981 | 24 991 |
| Nie-bedryfslaste | **1 872** | 1 580 | 1 144 | 866 | 685 | 472 | 244 |
| Bedryfslaste | **2 080** | 1 852 | 2 102 | 2 029 | 1 634 | 1 330 | 1 098 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **61 827** | 49 859 | 41 336 | 39 739 | 33 730 | 30 783 | 26 333 |
| **Netto batewaarde per aandeel (Rand)** (toeskryfbaar aan eie lede) | | | | | | | |
| – teen boekwaarde | **121.11** | 96.69 | 78.14 | 71.51 | 59.26 | 54.19 | 46.10 |
| – teen intrinsieke waarde | **253.67** | 221.00 | 157.59 | 119.97 | 100.36 | 77.23 | 89.50 |
| KONTANTVLOEISTATE | | | | | | | |
| Kontant uit bedrywighede voortgebring | **1 232** | 1 666 | 1 474 | 1 566 | 1 383 | 1 055 | 618 |
| Kontantvloei voortgebring uit beleggingsopbrengste | **3 801** | 3 040 | 4 200 | 2 670 | 2 013 | 2 542 | 1 697 |
| Belasting betaal | **(497)** | (676) | (369) | (546) | (363) | (220) | (111) |
| Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite | **4 536** | 4 030 | 5 305 | 3 690 | 3 033 | 3 377 | 2 204 |
| Dividende betaal | **(2 252)** | (3 813) | (4 676) | (2 642) | (1 438) | (1 765) | (968) |
| Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite | **2 284** | 217 | 629 | 1 048 | 1 595 | 1 612 | 1 236 |
| Netto beleggingsaktiwiteite | **(3 438)** | (1 725) | 3 364 | (2 203) | (528) | (1 943) | (201) |
| Netto finansieringsaktiwiteite | **84** | 70 | 99 | 9 | 62 | (82) | (158) |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente | **(1 070)** | (1 438) | 4 092 | (1 146) | 1 129 | (413) | 877 |

Die syfers vir 2005 hierbo is hersaamgestel ingevolge IFRS. Syfers vir die jare voor 2005 is nie aangepas nie.

KONTANTBEWEGING BY DIE HOUERMAATSKAPPY ("KONTANT BY DIE KERN") (R MILJOEN)



# DIREKSIE

## EN LEDE VAN KOMITEES


### NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

**J P Rupert (58)**
*Voorsitter*



**Direkteurskappe:** *Uitvoerende voorsitter van Compagnie Financière Richemont SA en Richemont Société Anonyme en nie-uitvoerende voorsitter van VenFin Beperk en voorsitter van Business Partners Beperk.*

**E de la H Hertzog (58)**
*Ondervoorsitter*




**Direkteurskappe:** *Voorsitter van Medi-Clinic Korporasie Beperk. Dien in die direksies van Distell Groep Beperk, Total South Africa (Edms) Beperk en Trans Hex Groep Beperk.*

**P E Beyers (58)**



**Direkteurskappe:** *Distell Groep Beperk, Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk en Sports Science Institute of South Africa.*

**J W Dreyer (57)**



**Direkteurskap:** *RMB Holdings Beperk.*

**J Malherbe (52)**



**Direkteurskappe:** *Uitvoerende ondervoorsitter van VenFin Beperk. Dien in die direksies van Dimension Data Holdings Plc, Datacraft Asia Limited, e.tv (Edms) Beperk, Psitek (Edms) Beperk, Xiocom Wireless, Inc. en Specpharm Holdings (Edms) Beperk.*

### UITVOERENDE DIREKTEURE

**M H Visser (54)**
*Hoofuitvoerende beampte*
Kwalifikasie: *BComm (Hons), GR(SA)*
Diensjare by die groep: *28*




**Direkteurskappe:** *British American Tobacco Plc, Distell Groep Beperk, Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk, Nampak Beperk, Medi-Clinic Korporasie Beperk, Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk, PGSI Beperk en voorsitter van Rainbow Chicken Beperk.*

**W E Bührmann (53)**
*Beleggings*
Kwalifikasie: *BComm, GR(SA)*
Diensjare by die groep: *21*



**D M Falck (62)**
*Groepfinansies*
Kwalifikasie: *GR(SA)*
Diensjare by die groep: *36*
Afgetree: 18 Junie 2008



**Direkteurskappe:** *RMB Holdings Beperk, FirstRand Beperk, FirstRand Bank Holdings Beperk, Total South Africa (Edms) Beperk en Trans Hex Groep Beperk.*

**L Crouse (55)**
*Groepfinansies*
Kwalifikasie: *GR(SA)*
Aangestel: 18 Junie 2008



**J A Preller (Mev) (58)**
*Korporatiewe sake*
Kwalifikasie: *BEcon*
Diensjare by die groep: *36*



**T van Wyk (60)**
*Beleggings*
Kwalifikasie: *BComm, LLB, LLM, H Dip Tax*
Diensjare by die groep: *18*



**Direkteurskappe:** *Air Products SA (Edms) Beperk, Dorbyl Beperk, Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk, Momentum Groep Beperk, Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk, voorsitter van Wispeco Holdings Beperk en ondervoorsitter van Business Partners Beperk.*

## ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

**G D de Jager (57)**




**Direkteurskappe:** *Anglo Suisse Investment Holdings Beperk en Sharp Interpack Beperk.*

**P K Harris (58)**



**Direkteurskappe:** *Hoofuitvoerende beampte van FirstRand Beperk en direkteur van RMB Holdings Beperk en Momentum Groep Beperk.*

**M M Morobe (51)**



**Direkteurskappe:** *Hoofuitvoerende beampte van Kagiso Media Beperk en direkteur van Kagiso Media Beperk groep van maatskappye, City Year South Africa, Johannesburg Housing Company, Resolve Group (Edms) Beperk en Tokiso Commercial (Edms) Beperk.*

**D Prins (60)**




**M Ramos (Mej) (49)**



**Direkteurskappe:** *Hoofuitvoerende beampte van Transnet Beperk en direkteur van SABMiller plc en Sanlam Beperk.*

**F Robertson (53)**



**Direkteurskappe:** *Uitvoerende ondervoorsitter van Brimstone Investment Corporation Beperk en voorsitter van Lion of Africa Insurance Company Beperk en Lion of Africa Life Assurance Company Beperk.*

## LEDE VAN KOMITEES

### UITVOERENDE KOMITEE

M H Visser (Voorsitter)
W E Bührmann
D M Falck (tot 18 Junie 2008)
L Crouse (vanaf 18 Junie 2008)
J A Preller
T van Wyk

### OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

D Prins (Voorsitter)
G D de Jager
F Robertson

### VERGOEDINGS-EN-NOMINASIEKOMITEE

J P Rupert (Voorsitter)
G D de Jager
P K Harris
F Robertson

## INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het 'n groeikoers van 5.1% in reële BBP in 2007 behaal, wat in ooreenstemming is met die gemiddelde groeitempo wat sedert 2004 ondervind is. 'n Besondere bemoedigende ontwikkeling in 2007 was die sterk momentum van vaste investering in die ekonomie, beide in die private en publieke sektor. Buite die residensiële sektor het private vaste investering met nie minder nie as 16% in die laaste kwartaal van 2007 toegeneem.

Aan die ander kant van die skaal was dit duidelik dat huishoudelike begrotings teen die einde van die jaar onder druk gekom het weens die gesamentlike uitwerking van hoër inflasie en rentekoerse as wat in 2006 gegeld het. Die verbruikersopbloei in die tydperk 2004-07, toe reële huishoudelike verbruiksbesteding jaarliks gemiddeld met 7-8% gegroei het, het waarskynlik tot 'n einde gekom. Hierdie sektor het 'n tydperk van sikliese aanpassing binnegegaan.

Die sikliese verlangsaming in die ekonomie word weerspieël deur die laer sake- en verbruikersvertrouensvlakke. Vertroue het veral 'n terugslag in die eerste kwartaal van 2008 ondervind, nie alleen as gevolg van die sterker verlangsaming in die ekonomie nie, maar weens drie eksterne faktore. Eerstens het die wêreldwye ekonomiese inkrimping wat deur die VSA se subprima finansiële krisis veroorsaak is, oorgespoel in drastiese hoër kommoditeitspryse (voedsel, olie en nywerheidsgrondstowwe). Tweedens word 'n elektrisiteitsverskaffingskrisis plaaslik beleef, wat teen die einde van Januarie volle intensiteit bereik het toe Suid-Afrikaanse myne vir vyf dae moes sluit om die netwerk te stabiliseer. Die ekonomiese lewe in die land is tans besig om by geskeduleerde beurtkrag en kragrantsoenering aan te pas en huishoudings, nywerhede en die handel staar skerp stygings in elektrisiteitspryse in die gesig. Derdens is daar die politieke onsekerheid wat gevolg het op die ANC se nasionale konferensie in Polokwane, waar die ANC-leierskap radikale veranderinge ondergaan het.

Die sake-omgewing het dus met aansienlik groter uitdagings te doen. Terwyl die VSA vermoedelik 'n resessie binnegaan, lyk dit of die wêreldekonomie 'n resessie kan vryspring, hoofsaaklik as gevolg van die ekonomiese veerkragtigheid in Europa en in 'n mindere mate in Japan, asook die volgehoue groei in opkomende ekonomieë, met China op die voorpunt. Plaaslik het inflasie vroeg in 2008 dubbelsyfers bereik ondanks die feit dat rentekoerse met 450 basispunte tussen Junie 2006 en April 2008 gestyg het. Dit weerspieël die impak van die verskaffingskok op inflasie, wat deur verhoogde voedsel- en energiepryse aangedryf is. Dit is 'n wêreldverskynsel en 'n belangrike uitdaging vir sentrale banke. Dis moontlik dat plaaslike rentekoerse verder kan styg namate die aanslae op inflasie in inflasieverwagtinge omskep word, wat 'n groot bedreiging vir inflasievooruitsigte en langtermyn ekonomiese groei inhou.

As gevolg van die traer plaaslike groeimomentum en groter onsekerhede, tesame met toenemende risikovermyding deur internasionale beleggers weens wêreldwye finansiële onstabiliteit, het die rand ook onder druk gekom. Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans het verlede jaar tot 7.3% van BBP vergroot. Terwyl die depresiasie van die rand tot inflasiedruk bygedra het, dra dit by tot 'n herstel in uitvoere en 'n afplatting in invoere. 'n Beter balans tussen uitvoer- en invoergroei, wat reeds in 2007 sigbaar was, saam met sterk vaste investering in openbaresektor-infrastruktuur, kan belangrike stutte vir gemiddelde reële BBP-groei wees in 'n tyd dat die plaaslike mark onder aansienlike druk verkeer.

Gegewe hierdie agtergrond, sal 'n afname in die gemiddelde reële BBP-groeikoers tot 3-3½% oor die kort termyn (2008/09) nie katastrofies wees nie, maar moet dit eerder gesien word as 'n geleentheid om 'n nuwe ewewig te vind, oormatige skuldvlakke te verminder, produktiwiteit te verhoog en aandag te skenk aan die infrastruktuurknelpunte in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

## WESENSVERDIENSTE

Totale wesensverdienste vir die jaar tot 31 Maart 2008 het met 15.9% vanaf R6 892 miljoen tot R7 991 miljoen toegeneem. Wesensverdienste per aandeel het egter met 16.5% vanaf 1 453.6 sent tot 1 692.8 sent toegeneem vanweë die gunstige uitwerking van die aandeleterugkoopprogram in die vorige jaar. Gedurende die jaar onder oorsig het Rainbow Chicken Beperk 'n swart ekonomiese bemagtigings (SEB)-transaksie aangegaan. Die rekeningkundige verantwoording van dié transaksie het 'n nie-herhalende koste van R37 miljoen (Remgro se deel), of 7.9 sent per aandeel, op wesensverdienste vir die jaar onder oorsig gehad. Weens dié rede word wesensverdienste per aandeel, en die jaar-op-jaar-vergelyking, ook aangebied met uitsluiting van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste.

Uitgesluit Remgro se deel van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste, het wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel met onderskeidelik 16.5% en 17.0% toegeneem.

**BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE**

| | Jaar geëindig 31 Maart | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste ingesluit | | Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit | | |
| | **2008 R miljoen** | % verandering | **2008 R miljoen** | % verandering | 2007 R miljoen |
| Tabakbelange | **3 579** | 20.7 | **3 579** | 20.7 | 2 964 |
| Finansiële dienste | **2 120** | 35.2 | **2 120** | 35.2 | 1 568 |
| Nywerheidsbelange | **1 895** | (1.5) | **1 932** | 0.4 | 1 924 |
| Mynbelange | **264** | 70.3 | **264** | 70.3 | 155 |
| Korporatiewe finansies en ander belange | **133** | (52.7) | **133** | (52.7) | 281 |
| | **7 991** | 15.9 | **8 028** | 16.5 | 6 892 |

In 2007 is wesensverdienste gunstig beïnvloed deur buitelandse valutawinste ten bedrae van R65 miljoen ten opsigte van intergroepsaldo's, sowel as die rekeningkundige verantwoording van 'n pensioenfondssurplus ten bedrae van R70 miljoen na die afhandeling van 'n surplusverdelingsproses. Uitgesluit hierdie items, sowel as Remgro se deel van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste wat gedurende die jaar onder oorsig verantwoord is, het Remgro se wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel met onderskeidelik 18.8% en 19.3% toegeneem.

*Die kommentaar wat hierop volg, wat die resultate met dié van die vorige jaar vergelyk, is gebaseer op wesensverdienste, uitgesluit die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste.*

Die bydrae van die tabakbelange, wat 44.6% (2007: 43.0%) van wesensverdienste verteenwoordig, het met 20.7% toegeneem. In sterling, het R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R) se bydrae met 12.6% toegeneem.

Wisselkoersbewegings het steeds 'n wesentlike invloed op die tabakbelange se bydrae tot die groep se verdienste gehad. Weens die swakker rand was die gunstige wisselkoersuitwerking met die omskakeling van R&R se bydrae tot wesensverdienste (wat hoofsaaklik uit geëkwiteerde inkomste vanaf BAT bestaan) R250 miljoen gedurende die jaar onder oorsig, vergeleke met R420 miljoen in 2007, soos in die tabel hieronder uiteengesit.

| | Jaar geëindig 31 Maart | |
|---|---|---|
| | **2008** | 2007 |
| Gemiddelde wisselkoers (R/£) | **14.2882** | 13.2898 |
| Sluitingswisselkoers (R/£) | **16.0290** | 14.3449 |
| R&R se bydrae (£'m) | **251** | 223 |
| R&R se bydrae (R'm) | **3 579** | 2 964 |
| Gunstige wisselkoersuitwerking (R'm) | **250** | 420 |

FirstRand en RMBH se gesamentlike bydrae tot Remgro se wesensverdienste uit finansiële dienste het R2 120 miljoen (2007: R1 568 miljoen) bedra. Die toename van 35.2% kan hoofsaaklik toegeskryf word aan goeie vertonings in die kleinhandels-, korporatiewe en beleggingsbank segmente gedurende die twaalf maande geeïndig 31 Desember 2007.

Die bydrae van die nywerheidsbelange tot wesensverdienste het met 0.4% tot R1 932 miljoen toegeneem (2007: R1 924 miljoen). Kagiso Trust Investments (KTI) het laer resultate gerapporteer, met 'n bydrae tot wesensverdienste van R88 miljoen (2007: R307 miljoen). Gedurende die vorige finansiële jaar is KTI se resultate gunstig beïnvloed deur 'n billike waarde aanpassing wat verband hou met sy aandeelhouding in Metropolitan Holdings Beperk voorkeuraandele, ten bedrae van R390 miljoen, sowel as sekere nie-herhalende winste. Gedurende die jaar onder oorsig het KTI se billike waarde aanpassing waarna hierbo verwys word slegs R38 miljoen bedra. Rainbow se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het vanaf R293 miljoen in 2007 tot R414 miljoen toegeneem. Dié toename kan toegeskryf word aan verdienstegroei deur Rainbow, sowel as Remgro se verhoogde aandeelhouding in Rainbow as gevolg van die aanbod aan Rainbow minderhede wat gedurende Junie 2007 afgehandel is. Distell het goeie resultate gerapporteer met 'n bydrae tot wesensverdienste ten bedrae van R261 miljoen (2007: R210 miljoen), terwyl Nampak verbeterde resultate gerapporteer het met 'n bydrae tot wesensverdienste ten bedrae van R163 miljoen (2007: R125 miljoen). Medi-Clinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R285 miljoen (2007: R278 miljoen) terwyl die Plate Glass groep R22 miljoen tot wesensverdienste bygedra het vir die vyf maande sedert verkryging.

Mynbelange se bydrae tot wesensverdienste het met 70.3% tot R264 miljoen (2007: R155 miljoen) toegeneem. Dividende wat van Implats ontvang is, het R267 miljoen (2007: R147 miljoen) bedra. Trans Hex het 'n wesensverlies van R8 miljoen vir die jaar onder oorsig gerapporteer (2007: R23 miljoen wins). Remgro se deel van hierdie verlies bedra R3 miljoen (2007: R8 miljoen wins).

## VERDIENSTE

Totale verdienste het met 42.5% tot R9 893 miljoen (2007: R6 942 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n kapitaalsurplus ten bedrae van R1 167 miljoen gerealiseer met die herstrukturering van Remgro se belang in Unilever, sowel as die verdienstegroei van die onderliggende beleggings.

## KONTANTVERDIENSTE

Die toeskryfbare kontantverdienste (wat die groep se belang in die netto inkomste deur geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings behou, uitsluit), voor waardedalings en nie-herhalende en kapitale items, het met 29.6% toegeneem van R3 660 miljoen tot R4 743 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in dividende wat van geassosieerde maatskappye ontvang is. Laasgenoemde het R3 380 miljoen bedra, vergeleke met R2 580 miljoen in 2007. Hierdie toename was hoofsaaklik as gevolg van hoër dividende vanaf R&R.

## TERUGKOOP VAN REMGRO-AANDELE

Op 31 Maart 2008 word 8 554 019 Remgro gewone aandele (1.9%) as tesourie-aandele gehou (31 Maart 2007: 8 554 019 aandele). Geen aandele is in die jaar onder oorsig deur die maatskappy of enige volfiliaalmaatskappy teruggekoop nie.

Die Remgro Aandeletrust het gedurende die jaar onder oorsig 150 566 (2007: 563 000) Remgro gewone aandele teen 'n gemiddelde prys van R189.19 (2007: R132.68), vir 'n totale bedrag van R28.5 miljoen (2007: R74.7 miljoen) aangekoop, terwyl 126 383 (2007: 262 016) aandele aan deelnemers gelewer is teen betaling van die koopprys.

## DIVIDENDE

Gewone dividende van 510.00 sent per aandeel is vir die jaar verklaar, vergeleke met 434.00 sent die vorige jaar. Dit verteenwoordig 'n toename van 17.5%. Die dividende is 3.3 keer deur wesensverdienste gedek en 2.0 keer deur kontantverdienste teenoor 3.4 keer en 1.8 keer onderskeidelik die vorige jaar.

## INTRINSIEKE WAARDE

Die intrinsieke netto batewaarde van die groep sluit waardasies in van alle beleggings, insluitende filiaal-, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, teen óf genoteerde markwaarde óf, soos in die geval van ongenoteerde beleggings, teen direkteurswaardasie. Die netto bates van volfiliaal nie-beleggingsmaatskappye, wat hoofsaaklik uit monetêre items bestaan, word teen boekwaarde ingesluit.

Die volgende faktore word in ag geneem ten einde die direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings te bepaal:

- Markwaarde en verdienste-opbrengste van soortgelyke genoteerde aandele, met inagneming van die feit dat die ongenoteerde beleggings se bemarkbaarheid beperk is en, in sommige gevalle, ook die verhandelbaarheid daarvan
- Groeipotensiaal en risiko
- Onderliggende batewaarde
- Winsgeskiedenis en
- Kontantvloeivooruitskattings

Die intrinsieke netto batewaarde het aan die einde van Maart 2008 R253.67 per aandeel bedra. 'n Skedule wat die ontleding van intrinsieke netto batewaarde per aandeel op 31 Maart 2008 en 2007 uiteensit, is aan die einde van die beleggingsoorsig ingesluit.

Die kontant by die kern verskil van die kontant in die balansstaat. Eersgenoemde is soos volg saamgestel:

| | **2008**<br>**R miljoen** | 2007<br>R miljoen |
|---|---|---|
| Per balansstaat | **3 934** | 5 004 |
| Min: Kontant van ander bedryfsfiliale | **(661)** | (647) |
| Kontant by die kern | **3 273** | 4 357 |
| – Plaaslik | **619** | 1 220 |
| – Buiteland | **2 654** | 3 137 |

Kontant by geassosieerde maatskappye is nie hierby ingesluit nie. Ter inligting, R&R se kontant en kontantekwivalente toeskryfbaar aan Remgro op 31 Maart 2008 bedra £152 miljoen of R2 433 miljoen (2007: £150 miljoen of R2 151 miljoen).

Die onderstaande tabelle gee 'n vergelyking van die relatiewe vertoning van Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel teenoor sekere gekose JSE-indekse. Dividende wat op Remgro-aandele betaal is, is nie in aanmerking geneem nie.

| | **2008** | 2007 | 2006 | 2005 | 2004 | 2003 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Intrinsieke netto batewaarde – Rand per aandeel | **253.67** | 221.00 | 157.59 | 119.97 | 100.36 | 77.23 |
| JSE – Alle aandele-indeks | **29 588** | 27 267 | 20 352 | 13 299 | 10 693 | 7 680 |
| – Fin & Ind 30-indeks | **23 868** | 24 960 | 19 491 | 13 477 | 9 953 | 6 682 |
| – Finansiële 15-indeks | **7 424** | 9 345 | 7 616 | 5 258 | 3 782 | 2 744 |
| – Hulpbronne 20-indeks | **64 543** | 50 018 | 34 923 | 21 585 | 19 961 | 15 763 |
| Remgro-aandeelprys (Rand) | **195.93** | 181.00 | 135.00 | 93.80 | 72.00 | 51.45 |

| Relatiewe vertoning | **1 jaar tot 31 Maart 2008 (% jaar op jaar)** | **5 jaar tot 31 Maart 2008 (% saamgestel per jaar)** |
|---|---|---|
| Intrinsieke netto batewaarde | **14.8** | **26.8** |
| JSE – Alle aandele-indeks | **8.5** | **30.9** |
| – Fin & Ind 30-indeks | **(4.4)** | **29.0** |
| – Finansiële 15-indeks | **(20.5)** | **22.0** |
| – Hulpbronne 20-indeks | **29.0** | **32.5** |
| Remgro-aandeelprys | **8.2** | **30.6** |

Die onderstaande tabel gee 'n vergelyking van Remgro se interne opbrengskoers (IOK) teenoor sekere gekose JSE-indekse. Vir hierdie doel word daar aanvaar dat dividende óf in Remgro-aandele óf in die betrokke indeks herbelê word, na gelang van die geval.

| | **IOK Vanaf 26 September 2000 tot 31 Maart 2008 (% saamgestel per jaar)** |
|---|---|
| JSE – Alle aandele-indeks | **22.54** |
| – Fin & Ind 30-indeks | **13.77** |
| – Finansiële 15-indeks | **13.51** |
| – Hulpbronne 20-indeks | **31.58** |
| Remgro-aandeel | **29.50** |

*(Let wel: Slegs beperkte kommentaar word gelewer oor genoteerde maatskappye aangesien die inligting algemeen beskikbaar is. Die ongenoteerde beleggings word in meer besonderhede behandel.)*

## TABAKBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

| | **2008** **R miljoen** | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| R&R Holdings | **3 579** | 2 964 |

### R&R Holdings

Remgro se belang in British American Tobacco Plc (BAT) word verteenwoordig deur sy belang van een-derde van die gewone aandele en al die "2005" deelnemende sekuriteite wat deur R&R uitgereik is. Dit gee Remgro 'n effektiewe belang van 10.6% in BAT, soos op 31 Maart 2008 (2007: 10.4%). Die balans van die gewone aandelekapitaal van R&R word deur Compagnie Financière Richemont SA gehou.

Daar was nie 'n verandering in die aantal BAT-aandele wat R&R hou nie. Die positiewe uitwerking van BAT se volgehoue aandeleterugkoopprogram het egter R&R se belang in BAT tot 30.0% op 31 Maart 2008 laat toeneem (2007: 29.4%).

R&R se belang in BAT se verdienste vir die twaalf maande tot 31 Maart 2008 is gebaseer op BAT se resultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2007 plus die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2008 minus die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2007.

Remgro se deel van R&R se wesensverdienste bestaan uit 35.46% van R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT en sy belang in R&R se nie-BAT wins (dit sluit inkomste toeskryfbaar aan sy belegging in die "2006" deelnemende sekuriteite wat gedurende Maart 2006 deur R&R uitgereik is in).

| | **2008** **£ miljoen** | 2007 £ miljoen |
|---|---|---|
| **Toeskryfbare inkomste van BAT voor nie-herhalende en kapitale items** | **2 275** | 2 077 |
| R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT: | | |
| – 29.62% tot 29.97% (2007: 29.06% tot 29.40%) | **679** | 607 |
| R&R se nie-BAT inkomste | **12** | 9 |
| **R&R se wesensverdienste vir die jaar geëindig 31 Maart** | **691** | 616 |
| Remgro se belang daarin: | | |
| – 35.46% van R&R se deel van die toeskryfbare inkomste van BAT | **241** | 215 |
| – deel van R&R se nie-BAT inkomste | **10** | 8 |
| | **251** | 223 |
| | **R miljoen** | R miljoen |
| **Omgereken teen 'n gemiddelde R/£-koers van 14.2882 (2007: 13.2898)** | **3 579** | 2 964 |

BAT se finansiële jaar eindig op 31 Desember en rapporteer op 'n kwartaallikse grondslag aan aandeelhouers. Die kommentaar wat hierop volg, is 'n uittreksel uit BAT se jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2007. Verdere inligting oor BAT, insluitende die jaarverslag en kwartaalverslae, is op BAT se webwerf (www.bat.com) beskikbaar.

BAT se aangesuiwerde verwaterde verdienste per aandeel, wat 'n goeie aanwyser van sy onderliggende vertoning is, het met 11% tot 108.53 pennies per aandeel toegeneem hoofsaaklik as gevolg van die sterk groei in bedryfswins. Dit is gedeeltelik teengewerk deur die negatiewe uitwerking van wisselkoersbewegings. Die basiese verdienste per aandeel was 105.19 pennies vergeleke met 92.08 pennies die vorige jaar.

Sigaretverkoopvolumes van BAT se filiale het in die jaar tot 31 Desember 2007 met 1% gedaal tot 684 miljard, hoofsaaklik as gevolg van die hoë vlak van handelsaankope in sommige markte teen die einde van 2006, ontwrigtings in die verskaffingsketting in die Midde-Ooste en die verlies van StiX in Duitsland. BAT se netto verkope het met 3% tot £10 018 miljoen gestyg, maar teen vergelykbare wisselkoerse sou dit met 5% gegroei het vanweë prysverhogings en 'n verbeterde produkmengsel.

BAT se bedryfswins was 11% hoër op £2 905 miljoen, of 7% hoër as uitsonderlike items uitgesluit word. Teen vergelykbare wisselkoerse, en met die uitsluiting van uitsonderlike items, sou die wins uit bedrywighede, waartoe alle streke bygedra het, egter 11% hoër gewees het.

In Europa was die wins £61 miljoen, of 8%, hoër op £842 miljoen teen beide huidige en vergelykbare wisselkoerse veral danksy hoër marges in Rusland, Roemenië, Hongarye en Spanje, wat meer as voldoende was om die effek van laer volumes in verskeie markte teen te werk.

In die Asië-Stille Oseaangebied het die wins met £56 miljoen tot £672 miljoen gestyg, hoofsaaklik vanweë die sterk vertonings deur Australasië, Viëtnam, Pakistan en Bangladesj en ondanks die negatiewe effek van wisselkoerse. Teen vergelykbare wisselkoerse sou die wins met £66 miljoen, of 11%, gestyg het.

Winste in Latyns-Amerika het met £69 miljoen tot £680 miljoen toegeneem danksy die goeie vertonings in sleutelmarkte soos Brasilië en Venezuela, wat deels geneutraliseer is deur laer winste in Mexiko en die ongunstige uitwerking van sommige swakker plaaslike geldeenhede. Teen vergelykbare wisselkoerse sou die wins met £86 miljoen, of 14%, gestyg het.

In die Afrika- en Midde-Oostestreek was die wins slegs £2 miljoen hoër op £470 miljoen as gevolg van wisselkoersbewegings. Op 'n vergelykbare wisselkoersgrondslag sou die wins egter met £53 miljoen, of 11%, gestyg het, met sterk vertonings deur Suid-Afrika en Nigerië.

Die wins in die Amerikaanse Pasifiese streek het met £22 miljoen tot £446 miljoen toegeneem vanweë hoër winste in plaaslike geldeenhede in Japan en Kanada, wat deels teengewerk is deur die uitwerking van swakker wisselkoerse. Teen vergelykbare wisselkoerse sou die wins met £45 miljoen, of 11%, gestyg het.

BAT se geassosieerde maatskappye sluit Reynolds American, ITC en Skandinavisk Tobakskompagni in. Met inagneming van belasting van £246 miljoen, het BAT se aandeel in die na-belaste resultate van hierdie maatskappye met £11 miljoen, of 3%, tot £442 miljoen toegeneem. As uitsonderlike items buite rekening gelaat word, het BAT se aandeel in die na-belaste resultate van geassosieerdes £449 miljoen bedra. BAT se aandeel in hierdie resultate is egter veral beïnvloed deur die verswakking van die gemiddelde VSA-dollar van 1.844 tot 2.001 teenoor sterling. Teen vergelykbare wisselkoerse sou die styging 11% gewees het.

BAT het onlangs 'n ooreenkoms aangekondig waarvolgens 100% van Skandinavisk Tobakskompagni (ST) se sigaret- en snusbesigheid bekom word in ruil vir sy 32.25%-belang in ST en die betaling van DKK11 384 miljoen in kontant. Die transaksie is onderhewig aan goedkeuring deur die Europese Kommissie. ST het 'n markaandeel van meer as 60% van sigaretverkope in Skandinawië. Daarby het BAT, met 'n aanbod van VSA $1 720 miljoen (£860 miljoen), die openbare tender gewen om die sigaretbates te bekom van Tekel, wat deur die Turkse staat besit word. Wanneer die verkryging, wat onderhewig is aan regulatoriese goedkeuring, na verwagting later vanjaar voltooi word, sal dit BAT se markaandeel in Turkye, die agtste grootste sigaretmark ter wêreld, tot sowat 36% verhoog, teenoor net meer as 7% voor die verkryging.

## FINANSIËLE DIENSTE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE



| | 2008 R miljoen | % | % Verandering | 2007 R miljoen | % |
|---|---|---|---|---|---|
| FirstRand | *1 090* | *51* | *30* | *836* | *53* |
| RMBH | *1 030* | *49* | *41* | *732* | *47* |
| | *2 120* | *100* | *35* | *1 568* | *100* |



Beide FirstRand Beperk ("FirstRand") en RMB Holdings Beperk ("RMBH") het Junie-jaareindes en gevolglik is hul resultate vir die twaalf maande tot 31 Desember 2007 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig geëkwiteer.

### FirstRand – Genoteerd

FirstRand se bydrae tot Remgro se wesensverdienste, soos in die tabel hierbo aangedui, verteenwoordig slegs Remgro se direkte belang van 9.3% in FirstRand en sluit nie die indirekte bydrae van FirstRand deur Remgro se belegging in RMBH in nie.

Vir FirstRand se jongste gerapporteerde ses maande geëindig 31 Desember 2007 het wesensverdienste met 17% tot R5 702 miljoen (2006: R4 877 miljoen) toegeneem. Hierdie resultate is behaal te midde van voortslepende onbestendigheid op internasionale en plaaslike ekwiteitsmarkte, gepaardgaande met toenemende inflasiedruk en verhoogde rentekoerse.

Die kommersiële bank, ENB, het verdienstegroei van 25% behaal. Wesbank, die afbetalings-finansieringsbesigheid, se groei in kleinhandelbates het verder verlangsaam en 'n wesentlike toename in slegte skuld is ondervind. Alhoewel Wesbank se korporatiewe verkope toegeneem het, het verdienste met 14% afgeneem. RMB, die beleggingsbank, se verdienste het met 8% gegroei ten spyte van 'n verlies van R760 miljoen in die ekwiteitshandeldivisie. Momentum se versekeringsaktiwiteite het voortgesette sterk groei gelewer in nuwe besigheidsvolumes wat bygedra het tot verdienstegroei van 19%.

FirstRand het gewaarsku dat die vooruitsigte wat betref die tweede helfte van sy finansiële jaar geëindig 30 Junie 2008, moeilik gaan wees as gevolg van 'n verslegtende makro-ekonomiese omgewing, beide plaaslik en internasionaal. Verhoogde rentekoerse sowel as voedsel- en brandstofinflasie het 'n negatiewe uitwerking op verbruikers se bekostigbaarheidsvlakke gehad, veral in die middelinkomstemarksegment. Alhoewel die onderliggende groei in transaksionele aktiwiteit sterk bly, is die kleinhandelsaktiwiteite aan die afneem en afskrywings aan die toeneem wat 'n negatiewe

impak op die FirstRand Groep se verdienste vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2008 gaan hê. FirstRand verwag dat die verwaterde verdienste per aandeel teen dieselfde vlakke as die van die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2007 gaan wees.


## RMBH – Genoteerd

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2007 was 86.3% (2006: 87.7%) van RMBH se wesensverdienste van R2 120 miljoen afkomstig van FirstRand, terwyl 13.7% (2006: 12.3%) deur die ander belange bygedra is. RMBH se ander belange sluit in OUTsurance Beperk, RMB Structured Insurance Beperk, Glenrand M.I.B Beperk en Discovery Holdings Beperk, waarin RMBH 'n 25%-belang in November 2007 verkry het as gevolg van die ontbondeling van Discovery deur FirstRand.


OUTsurance het vir die ses maande tot 31 Desember 2007 uitstekende resultate behaal met netto verdiende premie-inkomste wat met 25% tot R1.6 miljard toegeneem het. Verder het 'n toename in nuwe besigheidsvolumes en 'n sterk vertoning deur sy beleggingsportefeulje OUTsurance se wesensverdienste vir die sesmaande-tydperk met 31% tot R282 miljoen (2006: R216 miljoen) laat toeneem. RMB Structured Insurance het beskeie groei van 10% in wesensverdienste getoon terwyl Glenrand M.I.B, wat die einde van 'n herstruktureringsproses nader, 'n verlies te midde van uitdagende marktoestande getoon het. Discovery het 'n 14% jaar-op-jaar-toename in tussentydse wesensverdienste gerapporteer waarvan R29 miljoen ingesluit is in die resultate van FirstRand vir die ses maande geëindig 31 Desember 2007.

## NYWERHEIDSBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE



| | 2008 R miljoen | % | % Verandering | 2007 R miljoen | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Rainbow | 377 | 20 | 29 | 293 | 15 |
| Medi-Clinic | 285 | 15 | 3 | 278 | 15 |
| Distell | 261 | 14 | 24 | 210 | 11 |
| Unilever | 229 | 12 | 9 | 210 | 11 |
| Total | 207 | 11 | (16) | 246 | 13 |
| Nampak | 163 | 9 | 30 | 125 | 6 |
| TSB Sugar | 121 | 6 | 5 | 115 | 6 |
| Air Products | 94 | 5 | 31 | 72 | 4 |
| KTI | 88 | 5 | (71) | 307 | 16 |
| Wispeco | 64 | 3 | 2 | 63 | 3 |
| PGSI | 22 | 1 | – | – | – |
| Dorbyl | (20) | (1) | (2 100) | 1 | – |
| Ander | 4 | – | – | 4 | – |
| | 1 895 | 100 | (2) | 1 924 | 100 |



## Rainbow Chicken Beperk ("Rainbow") – Genoteerd

Vir die die jaar geëindig 31 Maart 2008 het Rainbow se wesensverdienste met 10.7% van R477.0 miljoen tot R528.1 miljoen toegeneem, maar met 15.1% indien die inkomste van 'n voerbesmettingseis van R28.4 miljoen en die SEB-koste van R49.4 miljoen uitgesluit word van wesensverdienste. Dit is 'n prysenswaardige resultaat gegewe die huidige ekonomiese omstandighede.

Rainbow se totale omset het met 25.9% toegeneem, ondersteun deur groei van 21.5% in hoenderomset wat 77% van die totale omset verteenwoordig. Algeheel het hoenderverkoopsvolumes met 6.5% toegeneem, terwyl prysverhogings die maatskappy in staat gestel het om die toename in produksiekostes gedeeltelik te verhaal. Hoenderverkoopsvolumes in die Suid-Afrikaanse mark het met 'n beraamde 6.0% toegeneem.

Op 18 Maart 2008 het die Rainbow-aandeelhouers 'n breëbasis SEB-transaksie goedgekeur waarvolgens die SEB-vennote 'n effektiewe belang van 15% in Rainbow se totale uitgereikte aandelekapitaal vir R915.6 miljoen verkry het. Die koste van die SEB-transaksie vir Rainbow se aandeelhouers word bereken op R79.3 miljoen waarvan R49.4 miljoen gedurende die jaar onder oorsig gerealiseer het. Die SEB-aandele is onderhewig aan beperkings met vervreemdings en beswarings vir 'n tydperk van 10 jaar.

Verbruikersbesteding gaan na verwagting in die volgende ses maande afneem as gevolg van die hoër inflasie en rentekoers-omgewing. Mielies- en sojaboonpryse gaan waarskynlik op die huidige hoër vlakke verhandel wat voerinsetkoste gaan verhoog. Ander kostes soos brandstof, gas, steenkool, elektrisiteit en verpakking word ook aansienlik deur die inflasionêre en verskaffingsprysdruk beïnvloed. Soos in die jaar onder oorsig is dit onwaarskynlik dat die verwagte produksiekostetoename ten volle deur verkope verhaal sal word.

Rainbow bly gefokus op sleutel strategiese inisiatiewe gesentreer rondom sy verbruikers en kliënte. Rainbow het deurlopend sy handelsmerke ondersteun deur investering in televisie-advertensies en verbruikersgerigte veldtogte. Die *Farmer Brown*-handelsmerk is nuwe lewe gegee deur 'n onlangse nasionale televisie-advertensie.

Rainbow se fokus op innovasie, differensiasie en kommunikasie is deurlopend suksesvol. Daar word beplan dat die vlak van innovasie in die 2009 finansiële jaar gaan toeneem, met die fokus op hoër- en middelklasinkomstegroepe.

### Medi-Clinic Korporasie Beperk ("Medi-Clinic") – Genoteerd

Medi-Clinic se omset het gedurende die jaar onder oorsig met 79% tot R9 579 miljoen (2007: R5 364 miljoen) toegeneem, terwyl die wesensverdienste met 5% tot R608 miljoen (2007: R581 miljoen) toegeneem het. As gevolg van die verskeie verkrygings gedurende 2007/08 en die verwante finansiering daarvan is Medi-Clinic se resultate nie direk vergelykbaar met die vorige tydperk nie.

Effektief 26 Oktober 2007 is 'n belang van 100% in Hirslanden Finanz AG ("Hirslanden"), die houermaatskappy van die grootste privaat hospitaalgroep in Switserland, verkry. Hirslanden is die leier in privaathospitaalsorg in Switserland met 13 intensiewe versorgingsfasiliteite (1 301 beddens). Die aankoopkoste van CHF2 556 miljoen is gefinansier deur nuwe skuld ten bedrae van CHF2 450 miljoen te bekom asook deur 'n regte-uitgifte van R4 500 miljoen. R500 miljoen van die opbrengs van die regte-uitgifte gaan aangewend word vir uitbreidingsgeleenthede van Medi-Clinic se bedrywighede in Suidelike Afrika. Sedert die effektiewe datum van aankoop is Hirslanden se omset van R3 041 miljoen en bedryfswins voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie ("EBITDA") van R708 miljoen, ingesluit in die resultate van Medi-Clinic.

Op 27 Maart 2007 het Medi-Clinic se verkryging van 'n beherende belang (50% plus een aandeel) in Emirates Healthcare Holdings Limited onvoorwaardelik geword. Emirates Healthcare besit en bedryf die Welcare Hospitaal (120 beddens) en daar is begin met die bou van die City Hospitaal met 210 beddens wat in die derde kwartaal van 2008 in gebruik gestel behoort te word. Emirates Healthcare het ook die reg om 'n verdere hospitaal te ontwikkel. Hiermee sal Emirates Healthcare die grootste privaat gesondheidsverskaffer in Dubai word. Omset vanaf die Verenigde Arabiese Emirate het R482 miljoen beloop en wesensverdienste het R18 miljoen tot Medi-Clinic se resultate bygedra.

Verkrygings van bedrywighede in Suidelike Afrika gedurende die jaar onder oorsig, sluit in 'n 51%-belang in die 200-bed Protector Groep asook 'n 49%-belang in Tshwane Privaat Hospitale. Omset in Suidelike Afrika het met 13% tot R6 056 miljoen (2007: R5 364 miljoen) toegeneem en EBITDA was 13% hoër op R1 302 miljoen (2007: R1 151 miljoen). Met uitsluiting van die toename in kapasiteit, het Medi-Clinic se omset uit bedrywighede in Suidelike Afrika met 12% (2007: 11%) gegroei, deels deur 'n toename in beide bedbesetting en gemiddelde inkomste per beddag asook 'n klein verandering in die profiel van pasiënte wat behandel is.

In die komende finansiële jaar gaan meer as 50% van Medi-Clinic se omset en EBITDA uit buitelandse bedrywighede kom.

### Distell Groep Beperk ("Distell") – Genoteerd

Aangesien Distell se finansiële jaareinde 30 Junie is, word die maatskappy se resultate vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2007 in Remgro se wesensverdienste ingesluit.

Distell se omset het in die jongste gerapporteerde sesmaande-tydperk geëindig 31 Desember 2007 met 12.9% (2006: 16.6%) tot R4.8 miljard (2006: R4.3 miljard) toegeneem, terwyl verkoopsvolume met 7.6% gestyg het. Verkoopsvolumes in Suid-Afrika het met 5.4% (2006: 11.9%) toegeneem. Internasionale verkoopsvolume, met uitsluiting van Afrika, was 17.7% (2006: 3.3%) hoër en het gelei tot 'n 20.7%-toename in internasionale omset. Omset in Afrika, met uitsluiting van Suid-Afrika, het met 23.8% (2006: 16.3%) toegeneem, terwyl verkoopsvolume met 19.7% gestyg het.

Die toename van 17.9% (2006: 30.2%) in Distell se wesensverdienste vir die sesmaande-tydperk tot R542 miljoen (2006: R460 miljoen), was hoofsaaklik vanweë volgehoue produktiwiteitsverbeteringe en effektiewe bemarkingsveldtogte.

### Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk ("Unilever Suid-Afrika") – Ongenoteerd

Unilever het sy Suid-Afrikaanse besigheid op 1 Oktober 2007 herstruktureer deur die Voedsel-, Roomys- en Huishoudelike en Persoonlike Sorg-besighede in een entiteit, Unilever Suid-Afrika, saam te voeg. As deel van die herstrukturering het Remgro se aandeelhouding verander van 41% in Unilever Bestfoods Robertsons (Holdings) Limited LLC ("UBR") tot 'n belang van 25.75% in Unilever Suid-Afrika. Effektiewelik het Remgro 'n belang van 15.25% in die Suid-Afrikaanse Voedselbesigheid en sy 41%-belang in die Israel besigheid verkoop en in ruil daarvoor 'n 25.75%-belang bekom in die Huishoudelike en Persoonlike Sorg-besighede, wat nou deel van Unilever Suid-Afrika is. Op 30 September 2007 het Unilever Suid-Afrika sy uitvoerbesigheid as deel van bogenoemde herstrukturering, Unilever Market Development South Africa (Edms) Beperk, vir 'n wins van R54 miljoen verkoop.

Vir die twaalf maande geëindig 31 Maart 2008 het Remgro in sy wesensverdienste R228.5 miljoen (2007: R210 miljoen) van die verdienste van Unilever ingesluit.

Die gekombineerde omset van die besighede het toegeneem met 12% vir die jaar geëindig 31 Maart 2008. Hierdie groei is hoofsaaklik voortgebring deur prysstrategie deurdat pryse in die tweede helfte van 2007 verhoog is om te vergoed vir toenemende insetkoste. Die toename in insetkoste is veral gevoel ten opsigte van margarien, seep en waspoeiers, synde die kategorieë wat die hoogste proporsie olie-gebaseerde materiale gebruik en waar die grootste inflasionêre druk ervaar is. Hierdie toename in koste is verder vererger deur die depresiasie van die rand aangesien olies hoofsaaklik in VSA-dollar aangekoop word.

Die sterkste groei in omset het gekom van die kategorieë vir Geurmiddels en Slaaisouse ("S&D"), Smeermiddels, Kaas- en Kookprodukte ("SCC") en Velsorgmiddels. S&D het voortgebou op goeie vertonings deur die hoofhandelsmerke *Knorrox* en *Robertsons* en hoewel die vertoning effens bederf is in Desember 2007 en Januarie 2008 as gevolg van 'n wegbly-aksie by verspreiders, is hierdie agterstand nou grootliks uitgewis. Die groei in SCC was hoofsaaklik prysgedrewe, met volumes wat konstant was teenoor die vorige jaar. Die wassery-besigheid het onder druk gekom as gevolg van toenemende kompetisie, wat aanleiding gegee het tot 'n verlies in markaandeel.

### Total South Africa (Edms) Beperk ("Total") – Ongenoteerd

Aangesien Total se finansiële jaareinde 31 Desember is, is die maatskappy se resultate vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2007 ingesluit in Remgro se wesensverdienste. Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig was R207 miljoen (2007: R246 miljoen).

Total se Suid-Afrikaanse markaandeel van hoofbrandstowwe het effens afgeneem gedurende die jaar tot Desember 2007, alhoewel verkoopsvolumes met 5% toegeneem het en bruto wins in lyn met verkoopsvolumes gegroei het.

Raffinering se bruto wins in Natref, waarin Total 'n 36%-belang het, was meer as 10% laer as gevolg van laer raffineringsmarges en die verstewiging van die rand teenoor die VSA dollar. Natref was vanaf Mei 2007 vir ses weke gesluit vir beplande onderhoud, waarna 'n aantal onbeplande sluitings ook plaasgevind het. Die verminderde bruto wins uit raffinering is vergoed deur 'n toename in die bemarkingsmarge.

Bedryfswins was effens laer as gevolg van 'n styging in oorhoofse kostes. Finansieringskoste is hoër as gevolg van die toename in bedryfskapitaalbehoeftes wat veroorsaak het dat netto wins na belasting met 14% teenoor die ooreenstemmende tydperk gedaal het.

### Nampak Beperk ("Nampak") – Genoteerd

Nampak het 'n September-jaareinde. Nampak se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het betrekking op sy resultate vir die twaalf maande tot 31 Maart 2008.

Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2008 het Nampak gerapporteer dat omset met slegs 4% toegeneem het as gevolg van laer verkoopsvolumes in Suid-Afrika. Bedryfswins het toegeneem met 5.5% tot R824 miljoen (2007: R781 miljoen). As gevolg van die positiewe impak van etlike nie-herhalende items in dieselfde tydperk, het Nampak 'n toename in wesensverdienste per aandeel van 25.4% tot 109.9 sent (2007: 87.6 sent) gerapporteer, terwyl verdienste met 39.7% toegeneem het vanaf R462.2 miljoen tot R645.9 miljoen.

### Tsb Sugar (Edms) Beperk ("Tsb Sugar") – Ongenoteerd

Tsb Sugar is hoofsaaklik betrokke by die verbouing van suikerriet en die produksie, vervoer en bemarking van geraffineerde suiker, bruinsuiker en veevoer. Bedrywighede vind hoofsaaklik in die Nkomazi-streek van die Mpumalanga Laeveld plaas. Suikerprodukte word bemark onder die gevestigde *Selati*-handelsmerk, wat markleierskap in sy teikenmarkte (Gauteng, Mpumalanga, Noordwes en Limpopo) geniet terwyl die onlangse uitbreiding na ander geografiese markte suksesvol was. Tsb Sugar se twee suikermeulens is naby Malelane en Komatipoort geleë. Tsb Sugar het ook 'n 27.3%-belang in Royal Swaziland Sugar Corporation Limited, wat gesetel is in Swaziland en twee suikermeulens in Swaziland besit en bedryf. Tsb Sugar het ook 'n effektiewe belang van 63.7% in Mananga Sugar Packers, 'n suikerverpakking-en-bemarkingsmaatskappy gesetel in Swaziland, wat suiker onder die *First*-handelsmerk verpak en in Swaziland en Suid-Afrika bemark.

Die wesensverdienste het met 4.4% tot R120.6 miljoen (2007: R115.5 miljoen) toegeneem terwyl omset, hoofsaaklik vanweë 'n toename in volumes, met 7.9% tot R2 509 miljoen (2007: R2 324 miljoen) toegeneem het. 'n Stagnante suikerprys en 'n verhoging in produksiekostes het druk geplaas op die wesensverdienstegroei. Suiker, sitrus en veevoer maak onderskeidelik 77%, 9% en 9% van omset uit (2007: 81%, 8% and 6%).

Die Suid-Afrikaanse suikerbedryf se totale suikerproduksie het in 2007/08 met 2.1% gestyg. Tsb Sugar se rusuikerproduksie het egter met 12.7% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die beter klimaatstoestande in Tsb Sugar se wateropvanggebied en die gevolglike toename in besproeiingswater. Die voordele van die verhoogde suikerproduksie is egter teengewerk deur die laer eindprodukpryse.

Tsb Sugar se twee suikermeulens het 3.952 miljoen ton suikerriet (2007: 3.629 miljoen ton) gedurende die seisoen verwerk, met 'n produksie van 475 452 ton ru suiker (2007: 421 632 ton). Die rusuiker-tot-rietverhouding van 8.3 vergelyk gunstig met die Suid-Afrikaanse bedryfsgemiddelde van 8.6, wat op goeie produksiedoeltreffendheid by beide meulens dui. Tsb Sugar bedryf 'n raffinadery by die Malelane Meulekompleks en ru suiker wat van die maatskappy se suikermeulens ontvang word, word vir beide die binnelandse en uitvoermark geraffineer. Die raffinadery het 333 762 ton (2007: 314 432 ton) geraffineerde suiker gedurende die jaar geproduseer.

Tsb Sugar se veevoerbedrywigheid, Molatek, vervaardig 'n verskeidenheid veevoerprodukte. Die hoofgrondstowwe (molasse en bagasse) wat in die produksieproses gebruik word, is byprodukte van suikerproduksie. Molatek het 'n rekordjaar gehad en het produksievolumes met 15.9% verhoog.

Tsb Sugar belê ook in sitrus deur sy 51%-belang in Golden Frontiers Citrus ("GFC"). GFC besit drie sitrusplase waar pomelo's en lemoene vir die uitvoermark verbou, geoes en verpak word. Sitrusbemarking word deur Komati Fruits, 'n vennootskap tussen verskeie sitrusprodusente, onderneem. GFC het 47 000 ton pomelo's en 25 000 ton lemoene geoes. Die toename in uitvoere tot 68% (2007: 63%) van produksie het tesame met 'n verhoging in pryse 'n rekordjaar vir GFC tot gevolg gehad.

Tsb Sugar ondersoek tans etanol-produksie wêreldwyd met suikerriet as grondstof, deur middel van Resource Energy, 'n Nederlandse maatskappy waarin Tsb Sugar 'n 25%-belang hou. Daar word verwag dat Resource Energy binnekort sy eerste belegging in 'n produksiefasiliteit kan maak.

Die afhandeling van die grondeise wat op Tsb Sugar se plase geregistreer is, vorder goed en die Tenbosch-grondeis is reeds gedurende die jaar afgehandel. Gesamentlike bestuursondernemings met die grondeisers is gestig om die bestuur van die grond wat oorgedra is, te behartig. Onderhandelinge ten opsigte van die oorblywende eise is in 'n gevorderde stadium en die verwagting is dat die grondeise vroeg in die komende finansiële jaar afgehandel sal word.

Vir 2008/09 word verwag dat Tsb Sugar se bedryfsresultate positief beïnvloed sal word deur 'n verhoging in suikerproduksie en 'n verwagte herstel in die wêreld suikerprys.

### Air Products South Africa (Edms) Beperk ("Air Products") – Ongenoteerd

Air Products het 'n September-jaareinde. Vir die twaalf maande geëindig 31 Maart 2008 het Air Products se omset met 15.3% (2007: 22.4%) van R873.4 miljoen tot R1 006.6 miljoen toegeneem. Remgro se deel van wesensverdienste het met 30.5% (2007: 13.5%) van R72.2 miljoen tot R94.2 miljoen toegeneem. Ongeveer 40% van die huidige jaar se groei in wesensverdienste is die direkte gevolg van die gunstige effek van 'n verandering in rekeningkundige standpunte vir ooreenkomste wat veronderstelde huurreëlings insluit.

Air Products is die grootste vervaardiger van industriële gas in Suidelike Afrika. Air Products is ook 'n invoerder en verspreider van 'n verskeidenheid spesialiteitsgasse en chemiese produkte wat gelewer word aan 'n wye reeks industrieë wat insluit staal, chemikalieë, olieraffinering, hulpbronminerale, glas, pulp en papier, voedselverpakking asook algemene vervaardiging, fabriekswese en sweiswerke.

Die maatskappy bedryf 'n aantal groot aanlegte in Suidelike Afrika wat koste-effektiewe gasverskaffingsgeriewe bied aan groot maatskappye via pyplyne of grootmaat vloeibare gasse per pad afgelewer deur tenkwaens. 'n Aantal kleiner kliënte word voorsien van 'n verskeidenheid produkte in silinders of minitenkwaens. Verskeie kliënte word bygestaan in die gebruik van hierdie produkte deur innoverende tegnologieë verskaf deur Air Products.

'n Lugskeidingsaanleg is onlangs in die Zambiese koperstreek in bedryf gestel. Die maatskappy se kapitaaluitbreidingsprogramme vir die komende jaar sluit in die inbedryfstelling van 'n nuwe lugskeidingsaanleg in Newcastle asook aansienlike investering in verspreidingstoerusting om in die voortgesette sterk groei in die vraag na grootmaat vloeibare- en silindergasprodukte te voorsien.

## Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk ("KTI") – Ongenoteerd

KTI is 'n swart ekonomies beheerde beleggingshouermaatskappy. Sy beleggings is oorwegend in die finansiëledienste-, media- en mynwesesektore. Sy twee grootste beleggings volgens waarde is 'n 4%-belang in Metropolitan Holdings Beperk en 'n 48%-belang in Kagiso Media Beperk.

Aangesien KTI se finansiële jaareinde 30 Junie is, word die maatskappy se resultate vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2007 in Remgro se wesensverdienste ingesluit.

KTI het heelwat laer verdienste vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2007 gerapporteer met wesensverdienste van R211 miljoen teenoor R733 miljoen in die vergelykende twaalfmaande-tydperk. Die afname in wesensverdienste is hoofsaaklik vanweë die verkoop van belange in Kagiso Property Holdings gedurende Julie 2007 en Sanitech gedurende April 2007, asook billike waarde winste ten bedrae van R38 miljoen op die opsiekomponent van die omskepbare voorkeuraandeel-belegging in Metropolitan Holdings Beperk wat wesentlik laer is as die billike waarde wins van R390 miljoen ingesluit in die resultate vir Desember 2006. Die veerkragtige platinumprys het gesorg vir 'n wesentlike toename van R76 miljoen in die wesensverdienste vanaf die bedrywighede van die Kagiso Platinum gesamentlike onderneming.

KTI het onlangs 'n transaksie gesluit waarvolgens 25% van sy belegging in Matrix Vehicle Tracking (Edms) Beperk geruil is vir 'n 12.5%-belang in Telimatrix Beperk, 'n genoteerde maatskappy. Die wins van R69.3 miljoen wat op hierdie transaksie gerealiseer is, is by KTI se bedryfswins ingesluit, maar nie by wesensverdienste nie.

## Wispeco Holdings Beperk ("Wispeco") – Ongenoteerd

Vir die twaalf maande onder oorsig was Wispeco se wesensverdienste ingesluit in Remgro se resultate R63.9 miljoen (2007: R62.6 miljoen).

Wispeco se finansiële prestasie vir die jaar onder oorsig is beïnvloed deur groei in verkoopsvolumes, nou winsmarges en wisselvalligheid in aluminiumpryse. Verkoopsvolumes het met 8% (2007: 8%) toegeneem terwyl omset met 14% (2007: 36%) toegeneem het. Wisselvallige aluminiumpryse het gereelde voorraadherwaardasies veroorsaak. Die netto effek hiervan het die bedryfswins op jaareinde met R2.7 miljoen verhoog.

Sedert die voltooiing van wesentlike kapitaaluitbreidingsprogramme gedurende die afgelope twee jaar het die fokus geskuif na die optimalisering van effektiwiteit en operasionele doeltreffendheid by hierdie aanlegte. Die maatskappy het vertikaal uitgebrei na die prosessering van aluminiumafval en 'n nuwe afsetpunt is ook in Port Elizabeth geopen. Verdere kapasiteitsuitbreidingsprogramme by die maatskappy se nuwe perseel in Vereeniging is in die beplanningsfase.

Die maatskappy gaan voort om opleiding en vaardigheidsontwikkeling in die aluminium-ekstrusie-nywerheid te verskaf. Gedurende die jaar onder oorsig het altesaam 400 mense tegniese opleiding in die vervaardiging van aluminiumprodukte ontvang. In die nuwe jaar het 31 leerders, wat tans deel is van die "New Venture Creation Learnership" (in aluminiumvervaardiging), die praktiese fase van die besigheidsontwikkelingsproses betree. Tien gehoorgestremde leerders het ook in 2008 vir die "Aluminium Fabrication Learnership" geregistreer.

### PGSI Beperk ("PGSI") – Ongenoteerd

PGSI se finansiële jaareinde is 31 Desember. Remgro het egter eers op 31 Julie 2007 sy belang van 28.5% in PGSI verkry en dus word slegs die wesensverdienste vir die vyf maande tot 31 Desember 2007 by Remgro se resultate ingesluit.

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2007 het PGSI se omset toegeneem met 15% tot R2 574 miljoen en sy wesensverdienste met 55.6% tot R136 miljoen. PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig is R22.3 miljoen.

PGSI, deur sy volfiliaal PG Group (Edms) Beperk, is die grootste vervaardiger van plaatglas in Afrika. Produkte word gelewer aan industrieë soos konstruksie, residensiële verbeteringe, meubels, sonkrag, nuwevoertuig-vervaardiging, motorglasvervanging en spoorweë. Die groep vervaardig hoëgehalte deursigtige en getinte dryf- en rolglas by sy smeltoonde in Springs, Gauteng. Die onverwerkte glas word hoofsaaklik veredel in sy eie konstruksie- en motor-glas-vervaardigingsaanlegte asook deur onafhanklike kliënte.

Die Shatterprufe-divisie het drie motorglasaanlegte wat ruitskerms en syglaspanele van hoë gehalte vervaardig. Die Glas Suid-Afrika-divisie verskaf nasionale verpakkings- en verspreidingsfasiliteite deur sy 40 persele. Die PG Glas-divisie, met 120 eie en agentskapverkoopsentra, lewer herstel- en vervangingsfasiliteite vir konstruksie- en motorglaskliënte. Primador en Widney-filiale vervaardig hoëgehalte aluminium glaseringsisteme vir die residensiële en kommersiële bou-industrie, asook die vervoerindustrie. PGSI is ook 'n wesentlike uitvoerder van konstruksie en motorglas klaarprodukte na Afrika, Europa en die VSA, met 17% van die omset afkomstig van uitvoere.

Gedurende April 2007 het die groep 'n nuwe dryfglasaanleg in Springs teen 'n koste van R800 miljoen in bedryf gestel. Die addisionele kapasiteit het tydige verwerkingskapasiteit verskaf ten einde te voldoen aan die hoë vraag in die kontruksieglas- en nuwevoertuig-vervaardigingsnywerhede. Shatterprufe het ook 'n aantal kapitaalprojekte onderneem om sy infrastruktuur te verbeter ten einde te voldoen aan nuwevoertuig-vervaardigingstandaarde. Kapitaaluitgawes vir die volgende jaar sluit in die beplanning en voorbereiding vir die herstel en opgradering van die bestaande dryfglasaanleg wat vir Mei 2009 beplan is.


### Dorbyl Beperk ("Dorbyl") – Genoteerd

Vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2008 het Dorbyl se omset met 1.8% vanaf R962.0 miljoen in die vergelykende tydperk tot R944.6 miljoen afgeneem, terwyl bedryfsverliese oor dieselfde tydperk toegeneem het vanaf R12.6 miljoen tot R83.2 miljoen. Wesensverdienste per aandeel het ook afgeneem van 7.3 sent in 2007 tot 'n wesensverlies van 143.9 sent per aandeel.


Die toenemende globale prysdruk op die industrie en die stygende insetkoste wat nie ten volle van kliënte verhaal kan word nie, het bruto wins-marges en winsgewendheid by die meeste afdelings negatief beïnvloed. Daar word verwag dat die moeilike marktoestande in die komende finansiële jaar gaan voortduur.

## MYNBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE



| | 2008 R miljoen | % | % Verandering | 2007 R miljoen | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Implats | 267 | 101 | 82 | 147 | 95 |
| Trans Hex | (3) | (1) | (138) | 8 | 5 |
| | 264 | 100 | 70 | 155 | 100 |



### Implats Beperk ("Implats") – Genoteerd

Remgro se belang in Implats is 4.4% en slegs dividendinkomste word verantwoord. Dividendinkomste van R267 miljoen (2007: R147 miljoen) het jaar op jaar met 82% toegeneem.

### Trans Hex Groep Beperk ("Trans Hex") – Genoteerd

Trans Hex het 'n verlies van R18.5 miljoen (2007: R41.7 miljoen wins) vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 gerapporteer. Die bedrywighede van twee diepsee-mynvaartuie is teen die einde van die finansiële jaar beëindig, welke bedrywighede R17.0 miljoen bygedra het tot die totale verlies van R18.5 miljoen.

Wesensverdienste per aandeel het van 21.7 sent in 2007 tot 'n wesensverlies van 7.5 sent per aandeel in die huidige jaar afgeneem. Oor dieselfde tydperk het wesensverdienste uit voorgesette bedrywighede gedaal van 31.2 sent tot 8.6 sent per aandeel.

Die afname in verdienste uit voortgesette bedrywighede was hoofsaaklik die gevolg van die tydelike sluiting van die Bloeddrif-aanleg wat intussen weer suksesvol in bedryf gestel is, asook die laergraad-diamante wat in die laaste kwartaal by Baken ontgin is en wat nou weer na verwagte vlakke teruggekeer het.

Totale ru-diamantverkope vir die finansiële jaar het met 12% (2007: 12%) afgeneem en die omset in rand was 11% (2007: 5%) laer op R881 miljoen.

## KORPORATIEWE FINANSIES EN ANDER BELANGE

| | **2008 R miljoen** | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| Sentrale tesourie | **180** | 266 |
| Netto korporatiewe koste | **(56)** | (61) |
| Pensioenfondssurplus | **–** | 70 |
| Ander belange | **9** | 6 |
| | **133** | 281 |

### Korporatief

Die sentrale tesourie-afdeling se bydrae het van R266 miljoen tot R180 miljoen afgeneem. Hierdie afname kan hoofsaaklik toegeskryf word aan nie-herhalende buitelandse valutawinste ten bedrae van R65 miljoen ten opsigte van intergroepsaldo's wat in die vergelykende jaar verantwoord is, sowel as laer gemiddelde kontantsaldo's vergeleke met 2007.

Die netto na-belaste korporatiewe koste wat salarisse, donasies en die koste van die aandele-aansporingskema insluit, het met R5 miljoen van R61 miljoen in 2007 tot R56 miljoen in 2008 afgeneem.

In 2007 is wesensverdienste ook gunstig beïnvloed deur die rekeningkundige verantwoording van 'n pensioenfondssurplus ten bedrae van R70 miljoen na die afhandeling van 'n surplusverdelingsproses.

## ERKENNING

Mnr Denis Falck, ons finansiële direkteur, het op 18 Junie 2008 afgetree na 'n dienstermyn van nagenoeg 37 jaar, die helfte daarvan as direkteur van die groep. Deur sy toewyding en integriteit het hy 'n reuse bydrae gelewer tot die ontwikkeling en sukses van die groep. Ons gun hom sy aftrede en wens hom alle voorspoed toe vir die toekoms.

Ons verwelkom graag vir mnr Leon Crouse wat op 18 Junie 2008 as finansiële direkteur tot die direksie toegetree het.

Aan almal wat die afgelope jaar tot die sukses van die groep bygedra het, dra ons ons hartlike dank oor: aan die aandeelhouers vir hul volgehoue vertroue; die besturende direkteure en alle kollegas in die onderskeie groepmaatskappye vir hul samewerking en ondersteuning; alle ander direkteure, amptenare en werknemers vir hul toewyding en ander belanghebbendes vir dienste gelewer.

**Johann Rupert**

**Thys Visser**

Stellenbosch
18 Junie 2008

# INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

## OP 31 MAART 2008

| | Aantekeninge | Aandele gehou miljoen | Beurs-sluitings-prys | £ miljoen | Wissel-koers | 31 Maart 2008 R miljoen | 31 Maart 2007 R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tabakbelange** | | | | | | | |
| R&R Holdings | | | | 4 305.8 | 16.0290 | 69 018 | 52 229 |
| – BAT-gewone aandele | 1 | 214.3 | 1 891 | 4 052.4 | | | |
| – Kontant en kontantekwivalente | | | | 151.8 | | | |
| – Dividende ontvangbaar | | | | 102.0 | | | |
| – Ander netto bates/(laste) | | | | (0.4) | | | |
| **Finansiële dienste** | | | | | | | |
| FirstRand | | 481.1 | 1 600 | | | 7 698 | 11 836 |
| RMB Holdings | | 302.3 | 2 450 | | | 7 406 | 10 111 |
| **Nywerheidsbelange** | | | | | | | |
| Medi-Clinic Korporasie | | 257.3 | 1 970 | | | 5 070 | 4 295 |
| Distell Groep | | 58.7 | 5 100 | | | 2 992 | 3 054 |
| Unilever SA Holdings | | | | | | 3 663 | 3 020 |
| Rainbow Chicken | | 214.6 | 1 460 | | | 3 133 | 2 778 |
| Total South Africa | | | | | | 2 620 | 2 226 |
| Tsb Sugar | | | | | | 2 097 | 1 980 |
| Nampak | | 78.1 | 1 640 | | | 1 281 | 1 735 |
| Kagiso Trust Investments | | | | | | 1 432 | 1 312 |
| Air Products South Africa | | | | | | 1 538 | 910 |
| PGSI | | | | | | 773 | – |
| Wispeco | | | | | | 447 | 421 |
| Dorbyl | | 14.1 | 800 | | | 112 | 211 |
| Caxton | | 7.8 | 1 450 | | | 113 | 130 |
| **Mynbelange** | | | | | | | |
| Implats | | 26.7 | 31 300 | | | 8 353 | 6 085 |
| Trans Hex Groep | | 30.2 | 1 050 | | | 317 | 438 |
| **Ander** | | | | | | | |
| Diverse beleggings en lenings | | | | | | 344 | 220 |
| Uitgestelde belastingbate/ (-aanspreeklikheid) | | | | | | (1 027) | (738) |
| Ander netto bates/(laste) | | | | | | 441 | 506 |
| **Kontant by die kern** | 2 | | | | | | |
| Plaaslik | | | | | | 619 | 1 220 |
| Buiteland | | | | | | 2 654 | 3 137 |
| – Sterling | | | | 164.8 | 16.0290 | 2 641 | 3 137 |
| – Rand | | | | | | 13 | – |
| **Intrinsieke netto batewaarde** | | | | | | 121 094 | 107 116 |
| **Potensiële KWB-aanspreeklikheid** | 3 | | | | | (1 233) | (2 714) |
| **Intrinsieke netto batewaarde na belasting** | | | | | | 119 861 | 104 402 |
| Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop en aandele in Die Remgro Aandeletrust (miljoen) | | | | | | 472.5 | 472.4 |
| **INTRINSIEKE WAARDE PER AANDEEL** | | | | | | R253.67 | R221.00 |

**Aantekeninge**

1. Dit verteenwoordig Remgro se effektiewe belang van 10.6% in BAT Plc.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale en geassosieerde maatskappye wat afsonderlik hierbo gewaardeer is.
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid, wat ongeouditeer is, is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings beskikbaar vir verkoop (Implats en Caxton) is onder "Ander" hierbo ingesluit.
4. Ongenoteerde beleggings word teen direkteurswaardasie aangetoon. Genoteerde beleggings word teen beurspryse aangetoon.

Remgro Beperk ("Remgro") onderskryf die waardes van, en is ten volle verbind tot, die King II-verslag se Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag. Die raad is ook 'n voorstander van goeie korporatiewe bestuur by al die ondernemings waarin die maatskappy belê en al die maatskappy se genoteerde filiale en geassosieerde maatskappye onderskryf die Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag waar toepaslik.

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy. Verwysing na "die groep" beteken in hierdie konteks die maatskappy en sy volfiliale. Elke onderneming waarin die maatskappy belê, het sy eie bestuurstruktuur. Effektiewe korporatiewe bestuur vorm deel van die beoordelingskriteria van die groep se beleggingsplan wat verder gemonitor word deur middel van nie-uitvoerende direksie-verteenwoordiging in daardie direksies.

Die "Global Reporting Initiative (GRI) Boundary Protocol" is gebruik as riglyn vir die opstel van hierdie verslag. Openbaarmaking is beperk tot ondernemings wat 'n wesentlike invloed op die groep se volhoubaarheidsprestasie kan hê en ondernemings waar Remgro beheer uitoefen oor finansiële en bedryfsaangeleenthede, tensy daardie ondernemings self die relevante inligting in hul jaarverslae publiseer.

Om sy verantwoordelikheid ten opsigte van risikobestuur na te kom, het die groep 'n deurlopende hersieningsprogram vir risikobestuur geïmplementeer en in stand gehou ten einde 'n samehangende benadering in die groep te verseker.

Hieronder volg die vernaamste aspekte van die groep se korporatiewe bestuur.

## DIREKSIE-HANDVES

Die direksie het 'n formele handves aanvaar en geïmplementeer om:

- die verantwoordelikhede, funksies en samestelling van die direksie te identifiseer, te omskryf en te boekstaaf, en
- as verwysing te dien vir nuwe direkteure.

Die handves word deur alle direkteure van Remgro onderskryf en is by die geregistreerde adres beskikbaar ter insae.

Na besinning oor die onderstaande is die direksie tevrede dat die vereiste handelinge, soos vervat in die handves, in die jaar onder oorsig uitgevoer is.

## SAMESTELLING VAN DIREKSIE

Remgro het 'n ten volle funksionele direksie wat die groep lei en beheer. Op 31 Maart 2008 het die direksie uit vyf uitvoerende en elf nie-uitvoerende direkteure, waarvan ses onafhanklik is, bestaan.

Die funksies van die voorsitter en die hoofuitvoerende beampte is geskei. Die voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur, maar is nie onafhanklik nie.

'n Lys van direkteure verskyn op bladsy 10 en 11.

## ROL EN VERANTWOORDELIKHEID VAN DIREKSIE

Die direksie is uiteindelik verantwoordelik vir die strategiese rigting, risiko-aptyt, prestasie en sake van die maatskappy. In sy rigtinggewende funksie aan die groep verskaf die direksie leierskap, integriteit en oordeel, gegrond op billikheid, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en deursigtigheid, ten einde die volhoubare voorspoed van die groep te verseker.

Na die goedkeuring van bedryfs- en beleggingsplanne en strategieë, bemagtig die direksie die uitvoerende bestuur om dit te implementeer en tydige, akkurate en toepaslike terugvoering te gee oor die vordering wat gemaak word.

Die direksie bly aanspreeklik vir die algehele sukses van goedgekeurde strategieë, gegrond op waardes, doelwitte en die vereistes van belanghebbendes en vir die prosesse en beleide wat die effektiwiteit van risikobestuur en interne beheer verseker. Die direksie is die sentrale punt van die groep se korporatiewe bestuur en dit is sy verantwoordelikheid om toe te sien dat aan alle toepaslike wette, regulasies en kodes van beste sakepraktyke voldoen word.

Die direksie is verantwoordelik vir die monitering van die groep se bedryfs- en beleggingsprestasie, wat finansiële en nie-finansiële aspekte insluit. Dit is ook verantwoordelik om toe te sien dat prosedures en praktyke in plek is om te verseker dat die groep se bates en reputasie beskerm word deur middel van akkurate en deursigtige rapportering.

Die direksie het die volgende subkomitees daargestel om hom te help om sy pligte en verantwoordelikhede na te kom:

- **Die vergoedings-en-nominasiekomitee** bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure en adviseer die direksie oor die vergoedingsfilosofieë en diensterme van alle direkteure en senior bestuurslede en is verantwoordelik vir opvolgbeplanning. Die komitee is ook verantwoordelik vir die benoeming van direkteure vir aanstelling en neem jaarliks deel aan die evaluering van uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure. Direkteure het nie langtermynkontrakte of buitengewone voordele verbonde aan die beëindiging van hul diens nie. Die voorsitter van die direksie is voorsitter van hierdie komitee. Die hoofuitvoerende beampte woon vergaderings op uitnodiging by.

  Die komitee het 'n formele mandaat en sy doeltreffendheid word daarvolgens deur die direksie beoordeel.

- **Die oudit-en-risikokomitee**, bestaande uit drie nie-uitvoerende direkteure, beoordeel die geskiktheid en doeltreffendheid van die finansiële verslaggewingsproses; die stelsel van interne beheer; die bestuur van finansiële, beleggings-, tegnologiese en bedryfsrisiko's; risikobefondsing; rekeningkundige beleid; tussen- en finansiële jaarverslae; die interne en eksterne ouditprosesse; die maatskappy se proses waarvolgens nakoming van wette en regulasies gemonitor word; sy eie kode van sakeoptrede; en prosedures wat ingestel word om die maatskappy se bates te beskerm. Die komitee evalueer ook die doeltreffendheid van die tesouriekomitee en keur die aanstelling van die eksterne ouditeur en eksterne ouditeursfooie vir ouditdienste en nie-ouditdienste goed.

  'n Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur is voorsitter van die komitee. Die komitee het 'n formele mandaat en sy doeltreffendheid word daarvolgens deur die direksie beoordeel.

- **Die uitvoerende komitee** bestaan uit al vyf uitvoerende direkteure en vergader gereeld tussen direksievergaderings om sake te hanteer wat deur die direksie gedelegeer is.

Die direksie is verantwoordelik vir die aanstelling en oriëntering van nuwe direkteure. Nie-uitvoerende direkteure word aangestel op grond van hul wyer kennis en ondervinding en van hulle word verwag om effektief aan besluitneming en die formulering van strategieë en beleid deel te neem.

Uitvoerende direkteure dra hul insig van die dag-tot-dag-bedrywighede by, wat die direksie in staat stel om doelwitte te identifiseer, rigting te gee en die lewensvatbaarheid te bepaal van strategieë wat voorgestel word. Hierdie direkteure is oor die algemeen verantwoordelik vir die implementering van alle bedryfsbesluite.

## VERGADERINGS EN KWORUM

Die statute van die maatskappy vereis dat drie direkteure 'n kworum vorm vir direksievergaderings. 'n Meerderheid van lede, met verkieslik 'n beduidende teenwoordigheid van nie-uitvoerende direkteure, word vereis vir komiteevergaderings.

Die direksie vergader minstens ses keer per jaar. Die oudit-en-risikokomitee kom minstens vier keer per jaar bymekaar, terwyl die vergoedings-en-nominasiekomitee minstens een keer per jaar vergader.

## WESENTLIKHEID EN GOEDKEURINGSRAAMWERK

Sake van wesentlike of strategiese aard, wat 'n invloed op die reputasie en prestasie van die groep mag hê, word na die direksie verwys. Ander sake word, soos opgedra deur die direksie, op senior bestuursvlak aangespreek.

Die notules van al die komiteevergaderings word aan direksielede gestuur. Sake wat die direksie se aandag moet geniet of 'n direksiebesluit vereis, word uitgelig en as agendapunte vir die volgende direksievergadering ingesluit.

## VERGOEDINGSBEGINSELS

Die maatskappy se beleid, wat as riglyn dien vir die vergoeding van alle direkteure en senior bestuur, het die volgende ten doel:

- Die behoud van die dienste van bestaande direkteure en senior bestuur
- Die werwing van potensiële direkteure en senior bestuurders
- Die verskaffing van vergoeding wat billik en regverdig is aan direkteure en senior bestuur
- Om te verseker dat geen diskriminasie plaasvind nie
- Die erkenning en aanmoediging van prestasie wat buitengewoon is en waarde toevoeg
- Om te verseker dat vergoedingstrukture in ooreenstemming is met die maatskappy se langtermynbehoeftes
- Beskerming van die maatskappy se regte deur dienskontrakvoorwaardes

In ooreenstemming met hierdie doelwitte evalueer die vergoedings-en-nominasiekomitee jaarliks die bydrae van elke direkteur en senior bestuurslid en word jaarlikse salarisaanpassings daarvolgens bepaal. Vir hierdie doel word ook salarisopnames wat deur onafhanklike organisasies gemaak is, in ag geneem.

## PLIGTE VAN DIREKTEURE

Die Maatskappywet lê direkteure sekere verpligtinge op en bepaal dat hulle die nodige omsigtigheid en vaardigheid moet aanwend in die uitvoering van hul pligte. Om te verseker dat dit gebeur, word bestepraktyk-beginsels, soos vervat in die King II-verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika, toegepas.

Die direksie is ook verantwoordelik vir die formulering van die maatskappy se kommunikasiebeleid en om seker te maak dat woordvoerders van die maatskappy dit nakom. Hierdie verantwoordelikheid

sluit duidelike, deursigtige, gebalanseerde en waarheidsgetroue kommunikasie aan aandeelhouers en relevante belanghebbendes in.

Na evaluasie van hul prestasie ingevolge die onderskeie handveste is die direkteure van mening dat die raad en sy subkomitees alle verantwoordelikhede nagekom het.

## KONFLIKTE

Meganismes is in plek om enige potensiële belangebotsing raak te sien, daarop te reageer en dit te bestuur. Direkteure onderteken minstens een keer per jaar 'n verklaring dat hulle nie bewus is van enige onverklaarde botsing van belange wat mag bestaan vanweë hulle belang in, of verbintenis met enige ander maatskappy nie. Daarbenewens verklaar die direkteure hul belange in kontrakte wat vir die groep se besigheid van belang is en neem hulle nie deel aan die stemproses oor die aangeleenthede nie.

Alle inligting wat direkteure in die uitvoering van hulle pligte bekom en wat nie openbaar gemaak word nie, word as vertroulik beskou en direkteure mag nie sulke inligting gebruik, of skyn te gebruik, vir persoonlike gewin of tot voordeel van derde partye nie.

Van alle direkteure van die maatskappy word verwag om die Remgro Gedragskode en die voorskrifte van die JSE Beperk (JSE) insake binne-inligting, transaksies en die openbaarmaking van transaksies na te kom.

## MAATSKAPPYSEKRETARIS EN PROFESSIONELE ADVIES

Alle direkteure is geregtig daarop om onafhanklike professionele advies oor die sake van die groep te bekom op koste van die maatskappy.

Alle direkteure het onbeperkte toegang tot die dienste van die maatskappysekretaris wat moet toesien dat behoorlike korporatiewe bestuursbeginsels nagekom word en is daarvoor aan die direksie verantwoordelik. Direksie-oriëntering of -opleiding word gedoen, soos nodig geag.

## LOPENDE SAAK

Die direksie oorweeg minstens een keer per jaar die lopendesaak-status van die groep aan die hand van die volgende:

- Netto beskikbare fondse en die likiditeit daarvan
- Die groep se restante risikoprofiel
- Wêreldekonomiese gebeure
- Die volgende jaar se strategiese sakeplan, begrotings en kontantvloeiberamings
- Die groep se huidige finansiële posisie

## DIENSMAATSKAPPY

'n Filiaal van Remgro, naamlik M&I Groepsdienste Beperk (M&I), lewer bestuurs- en ondersteunende dienste aan Remgro en sy groepslede. M&I verhaal sy kostes by wyse van fooie vanaf maatskappye aan wie dienste gelewer word. 'n Ooreenkoms is ook met VenFin Beperk aangegaan waarvolgens sekere ondersteunende en administrasiedienste aan die VenFin groep van maatskappye gelewer word teen fooie wat jaarliks beding word. Die netto koste van M&I maak deel uit van die korporatiewe koste van Remgro. Verwys ook aantekening 26 by die finansiële jaarstate.

## RISIKOBESTUUR EN INTERNE BEHEER

In die bepaling van strategiese doelwitte het die direksie seker gemaak dat al die risiko's verstaan word wat geïdentifiseer is in die groep se beleggingsportefeulje met die oog daarop om volhoubare winste en groei te maksimaliseer. Hierdie risiko's word voortdurend gemeet aan die risiko-aptyt, soos deur die direksie bepaal.

Die geïdentifiseerde risikokategorieë is in breë trekke soos volg:

- **Prestasierisiko's** wat verband hou met risiko's wat deur die direksie bestuur word sluit strategiese risiko, geleentheidsrisiko, reputasierisiko, likiditeitsrisiko, asook risiko's ten opsigte van korporatiewe bestuur, sosiale verantwoordelikheid en die verhouding met belanghebbendes in.

- **Beleggingsrisiko** verwys na risiko's wat verband hou met bestaande beleggings. Die direksie het die verantwoordelikheid vir beleggingsrisikobestuur aan die direksies van die onderskeie maatskappye waarin belê word, gedelegeer. Die Remgro-direksie monitor dat hierdie gedelegeerde verantwoordelikhede nagekom word.

- **Bedryfsrisiko's** sluit in bedryfsdoeltreffendheid, die beveiliging van bates, nakoming van relevante wette en regulasies, betroubaarheid van verslae, effektiewe bedryfsrisikobestuur, menslike hulpbronne-risiko, tegnologierisiko, sakevoortsetting en risikobefondsing.

Die direksie het 'n omvattende risikobestuurstelsel opgestel en geïmplementeer wat voorsiening maak vir volgehoue risikovasstelling en -beoordeling en die vaslegging van interne beheer.

Die ondernemingswye risikobestuurstelsel van toepassing op die groep sluit die volgende in:

- **Groeprisiko-analise**
  Die doel van die groeprisiko-analise is om die groep se gekonsolideerde risikoprofiel te herbevestig en op datum te hou. Dit verseker dat die risikoprofiel, per individuele belegging en in die geheel, binne die risiko-toleransie bly wat die direksie bepaal het en dat tydig op nuwe risiko's en geleenthede gereageer word.

- **Aktiwiteitsrisikowaardering**
  Die aktiwiteitsrisikowaardering verfyn verder die groep se risikowaardering op hoofaktiwiteitsvlak met die oog daarop om gedetailleerde doelwitte te bereik en toe te sien dat risikobestuursinisiatiewe voldoende voorrang geniet en toepaslik befonds word.

- **Bedryfsrisikobestuur**
  Die direksie beïnvloed die beheeromgewing deur die daarstelling van etiese waardes en 'n organisasiekultuur en sien toe dat bestuurstyle, gedelegeerde magte, sakeplanne en bestuursbevoegdheid voldoende en doeltreffend is.

  Bedryfsrisiko's word hoofsaaklik deur effektiewe interne beheer bestuur wat ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf ten opsigte van die konstante bereiking van organisasie-doelwitte en die beperking van verlies of wanvoorstelling binne aanvaarbare perke.

  Bestuurstrukture is daargestel om na sekere hoofrisiko-aktiwiteite om te sien, insluitende tesourie, veiligheid, gesondheid, omgewing, batebeskerming, belasting en risikobefondsing.

- **Tesourie**
  Gegewe sy aard en die wesentlike hoeveelheid kontantbestuur binne die groep, word die beheer van tesourie-risiko as uiters belangrik beskou. Die sentrale tesourie-afdeling se verantwoordelikheid is om, ooreenkomstig 'n geskrewe mandaat, die risiko's verbonde aan opbrengskoerse en nakomingsvereistes, likiditeit, beleggings-, finansierings- en valutatransaksies te bestuur.

  'n Tesouriekomitee, saamgestel uit genomineerde lede van senior bestuur, is verantwoordelik vir die daarstelling van beleid en prosedures, toepassing van toepaslike bestuursbevoegdheidsvlakke en gereelde terugvoering aan die direksie via die oudit-en-risikokomitee. Die tesouriebeleid verseker ook dat 'n maksimum opbrengs op kontantreserwes verdien word met inagneming van beleggings- en kredietrisiko's en die groep se likiditeitsvereistes.

  V&R Management Services (V&R), 'n maatskappy geregistreer en bestuur in Switserland, lewer tesouriedienste vir buitelandse kontanthouding aan R&R Holdings ('n 33.3% geassosieerde maatskappy) en Remgro Investments (Jersey) ('n volfiliaal). Die maatskappye het dienskontrakte wat V&R se pligte en verantwoordelikhede uitspel met verwysing na tesouriebeleide wat deur hulle onderskeie direksies goedgekeur is en deur hulle gemonitor word. V&R se aktiwiteite en risikobestuurspraktyke word jaarliks onderwerp aan onafhanklike oudits. Remgro en VenFin hou elkeen 'n 50%-belang in V&R.

- **Risikobefondsing**
  Waar resrisiko's belangrik geag word, of in die geval van risiko's met 'n lae moontlikheid van voorkoms, maar met 'n potensiaal vir aansienlike impak, word toepaslike versekeringsdekking bekom of na geskikte verskansingstrategieë gekyk.

- **Geïntegreerde gerusstelling**
  Die direksie maak nie alleen staat op die interne beheerde neergelegde proses nie, maar ontvang en oorweeg ook gereeld verslae oor die doeltreffendheid van risikobestuursfunksies. Die oudit-en-risikokomitee verseker dat die gerusstellingsfunksies van bestuur, asook interne en eksterne oudit, voldoende geïntegreer is.

  Die onderskeie verskaffers van geïntegreerde gerusstelling aan die direksie sluit die volgende in:

  - Die uitvoerende komitee en senior bestuur oorweeg die maatskappy se risikostrategie en -beleid en die doeltreffendheid daarvan.

  - Die oudit-en-risikokomitee oorweeg die geskiktheid van risikobestuurstrategieë, stelsels van interne beheer, risikoprofiel, wetsvoldoening, interne en eksterne ouditverslae en beoordeel ook die onafhanklikheid van die ouditeure, die omvang en aard van hulle verbintenisse, omvang van werk en bevindinge. Hierdie komitee kyk ook na die vlak van openbaarmaking in die finansiële jaarverslae en die toepaslikheid van rekeningkundige beleid deur bestuur aanvaar, die etiekregister en ander gerapporteerde verliessituasies. Die direksie beoordeel die prestasie van die oudit-en-risikokomitee aan die hand van sy handves.

*Interne oudit*

Die groep se interne ouditafdeling is 'n effektiewe, onafhanklike waarderingsfunksie wat 'n risikogebaseerde ouditbenadering volg in ooreenstemming met die Instituut vir Interne Ouditeure (IIO) se definisie van interne oudit en wat vervat is in 'n handves deur die direksie goedgekeur. Die hoof van hierdie afdeling het direkte toegang tot die voorsitter van die oudit-en-risikokomitee, sowel as die voorsitter van die groep.

*Eksterne oudit*

Die maatskappy se eksterne ouditeur woon alle vergaderings van die oudit-en-risikokomitee by en het direkte toegang tot die voorsitter van die oudit-en-risikokomitee en die voorsitter van die groep. Die omvang van die eksterne oudit is voldoende geïntegreer met die interne ouditfunksie sonder dat die omvang daarvan enigsins beperk word.

Ander dienste wat deur die eksterne ouditeur verskaf word, sluit hoofsaaklik belasting-aangeleenthede in en dit word hanteer deur 'n afdeling wat onafhanklik van die ouditvennote is. Onafhanklikheid word verder verseker deur die aanstellingsterme.

In die nakoming van sy breër verantwoordelikhede ingevolge die Korporatiewe Wetswysigingswet, 24 van 2006, is die volgende toegevoeg tot die selfbeoordelingsmetodiek wat die doeltreffendheid van die oudit-en-risikokomitee monitor:

- Goedkeuring van die eksterne ouditeur se aanstellingsterme, die ouditbenadering en fooie (insluitende nie-ouditfooie)
- Versekering van die eksterne ouditeur se onafhanklikheid
- Goedkeuring van die eksterne ouditeur se aanstelling vir die daaropvolgende finansiële jaar
- Voorafgoedkeuring van alle fooie wat aan die eksterne ouditeur betaal word vir nie-ouditdienste

Waar vereis, stel die oudit-en-risikokomitee prosedures in om sy besluitnemingsprosesse te rig en dit te notuleer.

Die direkteure is van mening dat, op grond van navrae wat gedoen is en die verslae wat van die interne en eksterne ouditeure ontvang is, die risikobestuursprogramme en interne beheerstelsels van die maatskappy en sy afhanklike filiale in die tydperk onder oorsig doeltreffend was. In hierdie verband word Tsb Sugar, Rainbow Chicken en Wispeco as onafhanklik beskou en daarom word daar nie oor hulle gerapporteer nie.

Die oudit-en-risikokomitee is tevrede dat die ouditkomitees van die maatskappy se onafhanklike filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye behoorlik funksioneer.

## VERHANDELINGS IN SEKURITEITE

Ingevolge die noteringsvereistes van die JSE het die maatskappy 'n gedragskode met betrekking tot binnehandel aanvaar. Gedurende 'n geslote tydperk word direkteure en aangewese werknemers verbied om handel te dryf in die maatskappy se aandele. Buite geslote tydperke mag direkteure en aangewese werknemers slegs met toestemming van die voorsitter of besturende direkteur in die maatskappy se aandele handel dryf. Die geslote tydperk duur vanaf die sluiting van die finansiële verslagtydperk tot die publikasie van die resultate vir daardie tydperk. Bykomende geslote tydperke mag van tyd tot tyd verklaar word indien omstandighede dit vereis.

## BYWONING VAN VERGADERINGS

| | Direksie | Oudit-en-risiko-komitee | Vergoedings-en-nominasie-komitee |
|---|---|---|---|
| **Aantal vergaderings gehou** | 7 | 4 | 1 |
| | | | |
| **Bywoning deur direkteure** | | | |
| J P Rupert | 7 | | 1 |
| M H Visser | 7 | | |
| P E Beyers | 7 | | |
| W E Bührmann | 7 | | |
| G D de Jager | 7 | 3 | 1 |
| J W Dreyer | 7 | | |
| D M Falck[(1)] | 7 | 4 | |
| P K Harris | 6 | | 1 |
| E de la H Hertzog | 6 | | |
| J Malherbe | 7 | | |
| M M Morobe[(2)] | 5 | | |
| J A Preller (mev) | 7 | | |
| D Prins | 7 | 4 | |
  *(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Julie 2008)*
  Hierdie interpretasie skryf die rekeningkundige hantering voor vir wanneer entiteite kliënte aanmoedig om hul goedere en dienste aan te koop, bv. deur die toekenning van krediete of sogenaamde "punte" waar die kliënt sulke krediete vir "gratis" of verdiskonteerde goedere en dienste mag gebruik.

  Entiteite moet toegekende krediete as 'n afsonderlik-identifiseerbare komponent van die verkoopstransaksie waarin dit toegeken word, verantwoord. Die billike waarde van die teenprestasie ontvang of ontvangbaar vir die aanvanklike verkoopstransaksie moet geallokeer word tussen die toegekende krediete en die ander komponente van die verkoopstransaksie. Die teenprestasie wat aan die toegekende krediete geallokeer word, moet waardeer word met verwysing na hul billike waarde, dit is die bedrag waarvoor die toegekende krediete afsonderlik verkoop kan word.

- **IFRIC 14: Die beperking op 'n Omskrewe-voordeelbate, minimum befondsingsvereistes en hul interaksie**
  *(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2008)*
  Hierdie interpretasie skryf voor wanneer terugbetalings of verlagings in toekomstige bydraes as "beskikbaar" ingevolge IAS 19 beskou mag word, hoe minimum befondsingsvereistes die beskikbaarheid van verlagings in toekomstige bydraes mag beïnvloed en wanneer minimum befondsingsvereistes tot 'n verpligting aanleiding mag gee.

  'n Entiteit moet die beskikbaarheid van 'n terugbetaling of 'n verlaging in toekomstige bydraes aan die hand van die reëls van die fonds en statutêre bepalings vasstel. 'n Reg tot 'n terugbetaling is slegs beskikbaar wanneer die entiteit 'n onvoorwaardelike reg, wat nie mag afhang van 'n onsekere toekomstige gebeurtenis wat nie onder die entiteit se beheer is nie, daartoe het.

  Die interpretasie vereis ook dat minimum befondsingsvereistes in ag geneem word wanneer die bedrag van die beskikbare voordeel bepaal word.

  Entiteite moet 'n verpligting erken in soverre die bydraes wat aan die plan betaal word nie beskikbaar sal wees as 'n verlaging in toekomstige bydraes of as terugbetaling nie. Minimum befondsingsvereistes moet ook in ag geneem word.

- **Gewysigde IFRS 3: Besigheidsamevoegings**
  *(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Julie 2009)*
  Die gewysigde standpunt vestig beginsels vir die erkenning en meting van identifiseerbare bates verkry, laste aanvaar en enige nie-beherende belange wat in 'n entiteit verkry word. Enige klassifikasie of aanwysing gemaak in die erkenning van hierdie items moet ingevolge kontraktuele terme, ekonomiese omstandighede, die verkryger se operasionele en rekeningkundige beleid en ander faktore, wat op die verkrygingsdatum bestaan, gedoen word.

  Elke identifiseerbare bate en las word gemeet teen sy billike waarde op die verkrygingsdatum. Enige nie-beherende belang in 'n verkreë entiteit word gemeet teen billike waarde of teen die nie-beherende belang se proporsionele gedeelte van die verkreë entiteit se netto identifiseerbare bates.

  Die standpunt verskaf beperkte uitsonderings tot hierdie erkennings- en metingsbeginsels.

- **Gewysigde IAS 23: Leenkoste**
  *(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)*
  Die gewysigde IAS 23 verwyder die opsie om rente wat verband hou met bates, wat noodwendig 'n aansienlike tyd neem om gereed te maak vir hul voorgenome gebruik of verkoop, as 'n uitgawe te erken.

- **Gewysigde IAS 27: Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State**
  *(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Julie 2009)*
  Die standpunt spesifiseer in watter omstandighede 'n entiteit die finansiële state van 'n ander entiteit (synde 'n filiaal) moet konsolideer, die rekeningkundige verantwoording van veranderinge in die eienaarsvlakke in 'n filiaal, die verantwoording van verlies van beheer van 'n filiaal en die inligting wat 'n entiteit moet openbaar om gebruikers van finansiële state in staat te stel om die aard van die verhouding tussen die entiteit en sy filiale te evalueer.

  Die standpunt vereis verder dat nie-beherende belange in die gekonsolideerde balansstaat binne ekwiteit, afsonderlik van dié van die eienaars van die houermaatskappy, geopenbaar word. Totale omvattende inkomste moet toegedeel word aan beide die eienaars van die houermaatskappy en die nie-beherende belange, selfs indien dit veroorsaak dat die nie-beherende belang 'n negatiewe balans het.

  Veranderinge in die houermaatskappy se ekwiteitsbelang in 'n filiaal wat nie tot gevolg het dat beheer verloor word nie, word binne ekwiteit verantwoord.

  Wanneer 'n entiteit beheer oor 'n filiaal verloor, onterken hy die bates en laste en verbandhoudende ekwiteitskomponente van die voormalige filiaal. Enige wins of verlies word in die inkomstestaat verantwoord. Enige belegging wat in die voormalige filiaal behou word, word teen die billike waarde op die dag waarop beheer verloor is, verantwoord.

- **Wysiging aan IFRS 2: Aandeelgebaseerde Betaling (Vestigingsvoorwaardes en kansellasies)**
  *(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)*
  Die wysiging bevestig dat vestigingsvoorwaardes slegs diens- en prestasievoorwaardes is. Ander eienskappe van aandeelgebaseerde betaling is nie vestigingsvoorwaardes nie. Die wysiging spesifiseer ook dat alle kansellasies, hetsy deur die entiteit of deur enige ander party, onderworpe is aan dieselfde rekeningkundige hantering.

- **Wysiging aan IAS 1 (gewysigde): Aanbieding van Finansiële State**
  *(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)*
  Die gewysigde IAS 1 vereis dat die inligting in finansiële state saamgestel word gebaseer op gemene kenmerke en dat 'n staat van omvattende inkomste opgestel word. Die titels van sommige finansiële state is verander om hul funksie duideliker te omskryf maar die gebruik daarvan is nie voorskriftelik vir finansiële state nie.

- **Wysiging aan IAS 14: Segmentverslagdoening**
  *(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)*
  Weens die wysigings aan IAS 1 het IAS 14 gevolglike veranderinge ondergaan. Die veranderinge aan IAS 14 word van krag wanneer die standpunt deur IFRS 8 vervang word.

- **Wysiging aan IAS 32: Finansiële Instrumente: Aanbieding en IAS 1: Aanbieding van Finansiële State (Verkoopbare Finansiële Instrumente en Verpligtinge wat op Likwidasie ontstaan)**
  *(effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2009)*
  IAS 1 en IAS 32 is gewysig deur te vereis dat sekere verkoopbare finansiële instrumente en sommige finansiële instrumente wat 'n verpligting op die entiteit plaas om 'n pro rata deel van sy netto bates slegs op likwidasie aan 'n ander party te lewer, as ekwiteit geklassifiseer en openbaar word.

- **IASB se eerste jaarlikse verbeteringsprojek**
  Die IASB het sy eerste jaarlikse verbeteringsprojek afgehandel en verskeie rekeningkundige standpunte is gewysig. Hierdie wysigings word, tensy anders vermeld in die oorgangsbepalings, effektief vir tydperke wat 'n aanvang neem op of na 1 Januarie 2009.

Die toepassing van bogenoemde standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS in toekomstige finansiële verslagdoeningstydperke sal na verwagting nie 'n wesentlike uitwerking op die groep se finansiële resultate, finansiële posisie en kontantvloei hê nie.

# BALANSSTATE

## OP 31 MAART 2008

| *R miljoen* | Aantekeninge | GEKONSOLIDEERD 2008 | GEKONSOLIDEERD 2007 | DIE MAATSKAPPY 2008 | DIE MAATSKAPPY 2007 |
|---|---|---|---|---|---|
| BATES | | | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 2 | 2 568 | 2 441 | – | – |
| Biologiese landboubates | 3 | 67 | 91 | – | – |
| Beleggingseiendomme | 4 | 33 | 32 | – | – |
| Klandisiewaarde en handelsmerke | 5 | 408 | 413 | – | – |
| Beleggings – Geassosieerde maatskappye | 6 | 43 175 | 33 033 | – | – |
| – Gesamentlike ondernemings | 7 | 64 | 8 | – | – |
| – Ander | 8 | 8 551 | 6 245 | – | – |
| Aftreevoordele | 9 | 10 | 10 | – | – |
| Lenings | | 2 | 2 | – | – |
| Uitgestelde belasting | 10 | 4 | 124 | – | – |
| | | 54 882 | 42 399 | – | – |
| **Bedryfsbates** | | 6 945 | 7 460 | 2 313 | 2 372 |
| Voorraad | 11 | 953 | 754 | – | – |
| Biologiese landboubates | 3 | 369 | 269 | – | – |
| Debiteure en korttermynlenings | 12 | 1 385 | 1 214 | 2 313 | 2 372 |
| Afgeleide instrumente | 13 | 19 | 16 | – | – |
| Belasting | | 80 | 14 | – | – |
| Bates gehou vir verkoop | 14 | 205 | 189 | – | – |
| Kontant en kontantekwivalente | 15 | 3 934 | 5 004 | – | – |
| **Totale bates** | | 61 827 | 49 859 | 2 313 | 2 372 |
| EKWITEIT EN LASTE | | | | | |
| **Aandelekapitaal** | 16 | 8 | 8 | 8 | 8 |
| **Aandelepremie** | 16 | 37 | – | 37 | – |
| **Reserwes** | 17 | 58 697 | 47 161 | 2 255 | 2 353 |
| **Tesourie-aandele** | 16 | (1 515) | (1 497) | – | – |
| **Aandeelhouersekwiteit** | | 57 227 | 45 672 | 2 300 | 2 361 |
| **Minderheidsbelang** | | 648 | 755 | | |
| **Totale ekwiteit** | | 57 875 | 46 427 | 2 300 | 2 361 |
| **Nie-bedryfslaste** | | 1 872 | 1 580 | – | – |
| Aftreevoordele | 9 | 229 | 214 | – | – |
| Langtermynlenings | 18 | 189 | 161 | – | – |
| Uitgestelde belasting | 10 | 1 454 | 1 205 | – | – |
| **Bedryfslaste** | | 2 080 | 1 852 | 13 | 11 |
| Handels- en ander krediteure | 19 | 1 826 | 1 440 | 13 | 11 |
| Korttermynlenings | 20 | 190 | 233 | – | – |
| Voorsienings | 21 | 48 | 48 | – | – |
| Afgeleide instrumente | 13 | 3 | 27 | – | – |
| Belasting | | 13 | 104 | – | – |
| **Totale ekwiteit en laste** | | 61 827 | 49 859 | 2 313 | 2 372 |

# INKOMSTESTATE

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2008

| *R miljoen* | Aantekeninge | GEKONSOLIDEERD 2008 | 2007 | DIE MAATSKAPPY 2008 | 2007 |
|---|---|---|---|---|---|
| Verkope | | 9 447 | 7 872 | | |
| Voorraaduitgawes | | (5 415) | (4 781) | | |
| Personeelkoste | 22 | (1 621) | (1 302) | | |
| Waardevermindering | 25 | (251) | (223) | | |
| Ander netto bedryfsuitgawes | 25 | (1 109) | (550) | (3) | (2) |
| Handelswins/(-verlies) | | 1 051 | 1 016 | (3) | (2) |
| Dividende ontvang | 27 | 274 | 156 | 2 138 | 3 358 |
| Rente ontvang | 25 | 296 | 332 | | |
| Finansieringskoste | | (43) | (28) | | |
| Negatiewe klandisiewaarde | | – | 44 | | |
| Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde | | 19 | – | | |
| Wins met die verkoop en herstrukturering van beleggings | 25 | 1 665 | 7 | | |
| Gekonsolideerde wins voor belasting | | 3 262 | 1 527 | 2 135 | 3 356 |
| Belasting | 10 | (419) | (403) | | |
| Gekonsolideerde wins na belasting | | 2 843 | 1 124 | 2 135 | 3 356 |
| Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | 28 | 7 210 | 6 003 | | |
| **Netto wins vir die jaar** | | 10 053 | 7 127 | 2 135 | 3 356 |
| ***Toeskryfbaar aan:*** | | | | | |
| Ekwiteithouers | | 9 893 | 6 942 | 2 135 | 3 356 |
| Minderheidsbelang | | 160 | 185 | | |
| | | 10 053 | 7 127 | 2 135 | 3 356 |

| VERDIENSTE PER AANDEEL | | Sent | Sent |
|---|---|---|---|
| **– Basies** | 1 | 2 095.7 | 1 464.2 |
| **– Verwater** | | 2 048.9 | 1 418.5 |

| GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS | R miljoen | R miljoen |
|---|---|---|
| **Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings** | | |
| Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items | 10 023 | 8 515 |
| Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde | (28) | (12) |
| Wins met die verkoop van beleggings | 372 | 256 |
| Herstruktureringskoste | (259) | (297) |
| Ander nie-herhalende en kapitale items | 32 | 8 |
| Wins voor belasting en minderheidsbelang | 10 140 | 8 470 |
| Belasting | (2 390) | (2 033) |
| Minderheidsbelang | (540) | (434) |
| | 7 210 | 6 003 |

# STATE VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2008

GEKONSOLIDEERD

| *R miljoen* | Toeskryfbaar aan ekwiteithouers van die maatskappy | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Uitgereikte kapitaal | Ekwiteits-reserwes | Ander nie-verdeelbare reserwes | Billike waarde reserwes | Behoue verdienste | Tesourie-aandele | Aandeel-houers-ekwiteit | Minder-heids-belang | Totale ekwiteit |
| **2008** | | | | | | | | | |
| **Saldo's op 1 April** | 8 | 20 155 | 1 931 | 5 003 | 20 072 | (1 497) | 45 672 | 755 | 46 427 |
| Totale inkomste verantwoord | | 1 685 | 370 | 1 962 | 10 200 | | 14 217 | 160 | 14 377 |
| Wisselkoersaanpassings | | 1 685 | 370 | | 307 | | 2 362 | | 2 362 |
| Netto billike waarde aanpassings vir die jaar | | | | 1 962 | | | 1 962 | | 1 962 |
| Netto inkomste direk in ekwiteit verantwoord | | 1 685 | 370 | 1 962 | 307 | | 4 324 | | 4 324 |
| Netto wins vir die jaar | | | | | 9 893 | | 9 893 | 160 | 10 053 |
| Dividende betaal | | | | | (2 178) | | (2 178) | (74) | (2 252) |
| Verhoging van belang in filiaalmaatskappy | | | (391) | | | | (391) | (269) | (660) |
| Kapitaal deur minderhede geïnvesteer | | | | | | | | 58 | 58 |
| Oordragte tussen reserwes en ander bewegings | | (446) | (303) | 12 | 775 | | 38 | 15 | 53 |
| Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | | (154) | (11) | | | | (165) | | (165) |
| Oordrag van behoue inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | | 4 100 | (25) | | (4 075) | | – | | – |
| Netto aankoop van aandele deur Die Remgro Aandeletrust | | | | | | (18) | (18) | | (18) |
| Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe | | | 15 | | | | 15 | 3 | 18 |
| Aandele uitgereik | 37 | | | | | | 37 | | 37 |
| **Saldo's op 31 Maart** | 45 | 25 340 | 1 586 | 6 977 | 24 794 | (1 515) | 57 227 | 648 | 57 875 |
| **2007** | | | | | | | | | |
| **Saldo's op 1 April** | 8 | 14 026 | 997 | 3 160 | 19 715 | (412) | 37 494 | 596 | 38 090 |
| Totale inkomste verantwoord | | 3 594 | 910 | 1 843 | 7 476 | | 13 823 | 185 | 14 008 |
| Wisselkoersaanpassings | | 3 594 | 907 | | 534 | | 5 035 | | 5 035 |
| Netto billike waarde aanpassings vir die jaar | | | 3 | 1 843 | | | 1 846 | | 1 846 |
| Netto inkomste direk in ekwiteit verantwoord | | 3 594 | 910 | 1 843 | 534 | | 6 881 | | 6 881 |
| Netto wins vir die jaar | | | | | 6 942 | | 6 942 | 185 | 7 127 |
| Dividende betaal | | | | | (3 748) | | (3 748) | (65) | (3 813) |
| Kapitaal deur minderhede geïnvesteer | | | | | | | | 30 | 30 |
| Oordragte tussen reserwes en ander bewegings | | (7) | 17 | | (5) | | 5 | 6 | 11 |
| Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye | | (824) | | | | | (824) | | (824) |
| Oordrag van behoue inkomste van geassosieerde maatskappye | | 3 366 | | | (3 366) | | – | | – |
| Aandele deur volfiliaal teruggekoop (tesourie-aandele) | | | | | | (1 031) | (1 031) | | (1 031) |
| Netto aankoop van aandele deur Die Remgro Aandeletrust | | | | | | (54) | (54) | | (54) |
| Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe | | | 7 | | | | 7 | 3 | 10 |
| **Saldo's op 31 Maart** | 8 | 20 155 | 1 931 | 5 003 | 20 072 | (1 497) | 45 672 | 755 | 46 427 |

DIE MAATSKAPPY

| *R miljoen* | 2008 | 2007 |
|---|---|---|
| Saldo's op 1 April | 2 361 | 2 787 |
| Uitgereikte kapitaal | 8 | 8 |
| Behoue verdienste | 2 353 | 2 779 |
| Aandele uitgereik | 37 | – |
| Netto wins vir die jaar | 2 135 | 3 356 |
| Dividende betaal | (2 233) | (3 782) |
| **Saldo's op 31 Maart** | 2 300 | 2 361 |

# KONTANTVLOEISTATE

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2008

| *R miljoen* | Aantekeninge | GEKONSOLIDEERD 2008 | 2007 | DIE MAATSKAPPY 2008 | 2007 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kontantvloei – bedryfsaktiwiteite** | | | | | |
| Handelswins/(-verlies) | | 1 051 | 1 016 | (3) | (2) |
| Aansuiwerings | 29.1 | 482 | 820 | – | – |
| Gekonsolideerde wins/(verlies) voor bedryfskapitaal-veranderings | | 1 533 | 1 836 | (3) | (2) |
| Bedryfskapitaalveranderings | 29.2 | (301) | (170) | 5 | 2 |
| Kontant uit bedrywighede voortgebring/(benut) | | 1 232 | 1 666 | 2 | – |
| Kontantvloei voortgebring uit beleggingsopbrengste | | 3 844 | 3 068 | 2 138 | 3 358 |
| Rente ontvang | | 296 | 332 | – | – |
| Dividende ontvang | 29.3 | 3 548 | 2 736 | 2 138 | 3 358 |
| Finansieringskoste | | (43) | (28) | – | – |
| Belasting betaal | 29.4 | (497) | (676) | – | – |
| Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite | | 4 536 | 4 030 | 2 140 | 3 358 |
| Dividende betaal | 29.5 | (2 252) | (3 813) | (2 233) | (3 782) |
| Kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite | | 2 284 | 217 | (93) | (424) |
| **Kontantvloei – beleggingsaktiwiteite** | | | | | |
| Netto beleggings om bedrywighede te handhaaf | | 198 | (109) | – | – |
| Vervanging van eiendom, aanleg en toerusting | | (100) | (124) | – | – |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates | | 298 | 15 | – | – |
| Beleggings om bedrywighede uit te brei | | (3 889) | (673) | – | – |
| Toevoegings tot – eiendom, aanleg en toerusting en ander bates | | (405) | (410) | – | – |
| – beleggings en lenings | | (2 820) | (249) | – | – |
| – filiale | | (660) | – | – | – |
| Besigheid aangekoop | | (4) | (14) | – | – |
| Opbrengs met verkoop van beleggings en lenings | | 274 | 260 | – | – |
| Aankope van tesourie-aandele | | (21) | (1 203) | – | – |
| Netto kontant voortgebring/(benut) voor finansieringsaktiwiteite | | (1 154) | (1 508) | (93) | (424) |
| **Kontantvloei – finansieringsaktiwiteite** | | 84 | 70 | 93 | 424 |
| Aandele uitgereik | | 37 | – | 37 | – |
| (Toename)/afname in lenings | | (15) | 40 | 56 | 424 |
| Uitreik van nuwe aandele deur filiaalmaatskappye | | 30 | 12 | – | – |
| Kapitaal deur minderhede van filiaalmaatskappy bygedra | | 32 | 18 | – | – |
| **Netto afname in kontant en kontantekwivalente** | | (1 070) | (1 438) | – | – |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar** | | 4 901 | 6 339 | – | – |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | | 3 831 | 4 901 | – | – |
| Kontant en kontantekwivalente – per balansstaat | | 3 934 | 5 004 | | |
| Oortrokke bankrekening | | (103) | (103) | | |

## 1. VERDIENSTE

| | 2008 | | 2007 | |
|---|---|---|---|---|
| | Bruto R miljoen | Netto R miljoen | Bruto R miljoen | Netto R miljoen |
| **Wesensverdienste rekonsiliasie** | | | | |
| **Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers** | | 9 893 | | 6 942 |
| Plus/(minus): | | | | |
| – Negatiewe klandisiewaarde | – | – | (44) | (44) |
| – Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde | (15) | (8) | – | – |
| – Wins met die verkoop en herstrukturering van beleggings | (1 665) | (1 627) | (7) | (7) |
| – Netto (oorskot)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | (114) | (138) | – | – |
| – Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | (122) | (129) | 14 | 1 |
| **Wesensverdienste** | | 7 991 | | 6 892 |
| Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste teruggetel | | 37 | | – |
| **Wesensverdienste – Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit** | | 8 028 | | 6 892 |

| | 2008 | 2007 |
|---|---|---|
| **Verdienste per aandeel** | Sent | Sent |
| **Wesensverdienste per aandeel** | | |
| – Basies | 1 692.8 | 1 453.6 |
| – Verwater | 1 649.0 | 1 409.2 |
| **Wesensverdienste per aandeel – Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit** | | |
| – Basies | 1 700.7 | 1 453.6 |
| – Verwater | 1 656.8 | 1 409.2 |
| **Verdienste per aandeel** | | |
| – Basies | 2 095.7 | 1 464.2 |
| – Verwater | 2 048.9 | 1 418.5 |

**Verdienste per aandeel**
In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal uitgereikte aandele, naamlik 472 052 993 (2007: 474 123 689), in berekening gebring na aftrekking van tesourie-aandele asook aandele deur Die Remgro Aandeletrust en sekere geassosieerde maatskappye gehou.

**Verwaterde verdienste per aandeel**
In die berekening van verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal uitgereikte aandele aangepas vir die geagte verwateringseffek van die aandele deur deelnemers van die Remgro Aandeleskema aanvaar, maar nog nie gelewer nie.

Omdat die skema-aandele as tesourie-aandele verantwoord moet word, sal die lewering daarvan aan deelnemers geag word 'n uitgifte van aandele te wees. Aangesien die markwaarde (billike waarde) van die aandele op die datum van lewering sal verskil van die aanbodwaarde, sal die aantal aandele wat daardie verskil verteenwoordig, geag word 'n uitgifte van gewone aandele sonder teenprestasie te wees. Hierdie toegerekende aandele bedra 1 908 925 (2007: 1 672 153) en is bygetel by die geweegde aantal uitgereikte aandele ten einde die verwateringseffek te bereken.

Sommige filiaal- en geassosieerde maatskappye het soortgelyke bestuursaansporingskemas sowel as ander instrumente wat in die toekoms tot 'n verwatering van dié maatskappye se verdienste aanleiding kan gee. Ten einde Remgro se verwaterde verdienste per aandeel te bereken is R175 miljoen (2007: R187 miljoen) en R182 miljoen (2007: R193 miljoen) teen onderskeidelik wesensverdienste en verdienste verreken ten einde die potensiële verwateringseffek te verantwoord.

## 2. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

| | *Grond en geboue* R miljoen | *Masjinerie en toerusting* R miljoen | *Voertuie* R miljoen | *Kantoor-toerusting* R miljoen | *Totaal* R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|
| **Drawaarde op 1 April 2006** | 874 | 1 211 | 219 | 13 | 2 317 |
| Kosprys | 1 267 | 2 311 | 376 | 39 | 3 993 |
| Opgelope waardevermindering | (393) | (1 100) | (157) | (26) | (1 676) |
| Toevoegings | 102 | 300 | 78 | 22 | 502 |
| Vervreemdings | (5) | (4) | (6) | – | (15) |
| Waardevermindering | (27) | (167) | (26) | (3) | (223) |
| Oordrag na bates gehou vir verkoop | (123) | (17) | – | – | (140) |
| Ander | (30) | 30 | – | – | – |
| **Drawaarde op 31 Maart 2007** | 791 | 1 353 | 265 | 32 | 2 441 |
| Kosprys | 1 199 | 2 581 | 429 | 47 | 4 256 |
| Opgelope waardevermindering | (408) | (1 228) | (164) | (15) | (1 815) |
| Toevoegings | **225** | **187** | **49** | **3** | **464** |
| Vervreemdings | **(5)** | **(2)** | **(6)** | **(1)** | **(14)** |
| Waardevermindering | **(30)** | **(188)** | **(31)** | **(2)** | **(251)** |
| Besighede verkry | **–** | **1** | **–** | **–** | **1** |
| Oordrag na bates gehou vir verkoop | **(40)** | **(19)** | **(12)** | **–** | **(71)** |
| Ander | **(45)** | **40** | **2** | **1** | **(2)** |
| **Drawaarde op 31 Maart 2008** | **896** | **1 372** | **267** | **33** | **2 568** |
| Kosprys | **1 320** | **2 740** | **421** | **51** | **4 532** |
| Opgelope waardevermindering | **(424)** | **(1 368)** | **(154)** | **(18)** | **(1 964)** |

| | **2008** % | 2007 % |
|---|---|---|
| **Waardeverminderingskoerse is soos volg:** | | |
| Geboue | **0 – 50** | 0 – 50 |
| Masjinerie en toerusting | **3⅓ – 100** | 3⅓ – 100 |
| Voertuie | **4 – 33⅓** | 4 – 33⅓ |
| Kantoortoerusting | **5 – 33⅓** | 5 – 33⅓ |

Bates met 'n boekwaarde van R3 miljoen (2007: R1 miljoen) dien as sekuriteit vir verpligtinge onder verbandlenings, bruikhuur- en afbetalingskredietooreenkomste.

Die registers met volledige besonderhede van grond en geboue is vir insae deur lede of hul gevolmagtigdes beskikbaar by die geregistreerde kantore van die maatskappye aan wie die eiendomme behoort.

## 3. BIOLOGIESE LANDBOUBATES

Ingesluit by nie-bedryfsbates:

| **Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar** | *Suikerriet-wortels* R miljoen | *Suikerriet-plante* R miljoen | *Ander* R miljoen | 2008 R miljoen | *Suikerriet-wortels* R miljoen | *Suikerriet-plante* R miljoen | *Ander* R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Saldo's op 1 April | 55 | 22 | 14 | 91 | 47 | 34 | 14 | 95 |
| Billike waarde aanpassing | 14 | 27 | 1 | 42 | 22 | (4) | – | 18 |
| Oordrag na bates gehou vir verkoop | (28) | (16) | – | (44) | (14) | (8) | – | (22) |
| Ander | (14) | (8) | – | (22) | – | – | – | – |
| **Saldo's op 31 Maart** | 27 | 25 | 15 | 67 | 55 | 22 | 14 | 91 |

| **Die hoeveelhede op 31 Maart is soos volg:** | 2008 | 2007 |
|---|---|---|
| Suikerrietwortels (ha) | 3 654 | 5 024 |
| Suikerrietplante (ha) | 3 654 | 5 024 |
| Ander (ha) | 1 787 | 1 393 |

Ingesluit by bedryfsbates:

| **Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar** | *Teelhoenders en eiers* R miljoen | *Braaikuikens* R miljoen | 2008 R miljoen | *Teelhoenders en eiers* R miljoen | *Braaikuikens* R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Saldo's op 1 April | 160 | 109 | 269 | 143 | 99 | 242 |
| Toevoegings | 576 | 2 810 | 3 386 | 418 | 2 115 | 2 533 |
| Afname deur oeste | (526) | (2 775) | (3 301) | (403) | (2 114) | (2 517) |
| Billike waarde aanpassing | 3 | 12 | 15 | 2 | 9 | 11 |
| **Saldo's op 31 Maart** | 213 | 156 | 369 | 160 | 109 | 269 |

## 4. BELEGGINGSEIENDOMME

| | 2008 | | | 2007 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Kosprys* R miljoen | *Opgelope waarde-vermindering* R miljoen | *Netto waarde* R miljoen | *Kosprys* R miljoen | *Opgelope waarde-vermindering* R miljoen | *Netto waarde* R miljoen |
| Grond | 3 | – | 3 | 3 | – | 3 |
| Geboue | 30 | – | 30 | 29 | – | 29 |
| | 33 | – | 33 | 32 | – | 32 |

| **Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar** | *Grond* R miljoen | *Geboue* R miljoen | 2008 R miljoen | *Grond* R miljoen | *Geboue* R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Saldo's op 1 April | 3 | 29 | 32 | 3 | 28 | 31 |
| Toevoegings | – | 1 | 1 | – | 1 | 1 |
| **Saldo's op 31 Maart** | 3 | 30 | 33 | 3 | 29 | 32 |

Die Suid-Afrikaanse beleggingseiendomme is gedurende die 2008 finansiële jaar deur 'n onafhanklike, gekwalifiseerde waardeerder volgens markinligting gewaardeer. Buitelandse beleggingseiendomme is gedurende die 2006-jaar waardeer deur 'n onafhanklike, gekwalifiseerde waardeerder. Die billike waarde van die beleggingseiendomme, BTW uitgesluit, is R345 miljoen (2007: R318 miljoen).

Geen waardevermindering is op beleggingseiendomme voorsien nie aangesien al die bates beduidende reswaardes het. Die oorblywende nuttige leeftyd van die bates word op 50 jaar beraam.

Die registers met volledige besonderhede van beleggingseiendomme is vir insae deur lede of hul gevolmagtigdes beskikbaar by die geregistreerde kantore van die maatskappye aan wie die eiendomme behoort.

## 5. KLANDISIEWAARDE EN HANDELSMERKE

| | 2008 Kosprys of waardasie R miljoen | 2008 Opgelope waardedaling/ amortisasie R miljoen | 2008 Netto waarde R miljoen | 2007 Kosprys of waardasie R miljoen | 2007 Opgelope waardedaling/ amortisasie R miljoen | 2007 Netto waarde R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Klandisiewaarde | 345 | – | 345 | 342 | – | 342 |
| Handelsmerke en ander | 154 | 91 | 63 | 146 | 75 | 71 |
| | 499 | 91 | 408 | 488 | 75 | 413 |

| | 2008 % | 2007 % |
|---|---|---|
| **Amortisasiekoerse is soos volg:** | | |
| Handelsmerke en ander | 5 – 100 | 5 – 100 |

| **Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar** | Klandisie-waarde R miljoen | Handelsmerke en ander R miljoen | 2008 R miljoen | Klandisie-waarde R miljoen | Handelsmerke en ander R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Saldo's op 1 April | 342 | 71 | 413 | 316 | 36 | 352 |
| Toevoegings | – | – | – | 19 | 37 | 56 |
| Amortisasie | – | (12) | (12) | – | (14) | (14) |
| Besighede verkry | 2 | – | 2 | 7 | 2 | 9 |
| Ander | 1 | 4 | 5 | – | 10 | 10 |
| **Saldo's op 31 Maart** | 345 | 63 | 408 | 342 | 71 | 413 |

Klandisiewaarde word jaarliks vir enige moontlike waardedalings getoets, en vir dié doel word dit toegedeel aan die onderskeie kontantgenererende eenhede soos hieronder aangedui.

| | Rainbow Chicken Beperk en sy filiale | Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk en sy filiale | Wispeco Holdings Beperk en sy filiale | 2008 Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Klandisiewaarde toegedeel (R miljoen) | 291 | 38 | 16 | 345 |
| Basis gebruik vir bepaling van waarde van kontantgenererende eenhede | Waarde in gebruik | Waarde in gebruik | Waarde in gebruik | |

R287 miljoen van die klandisiewaarde wat betrekking het op Rainbow Chicken en sy filiale hou verband met die verkryging van Vector Logistics (Edms) Beperk in 2005. In die bepaling van die waarde in gebruik van die kontantgenererende eenheid waaraan die klandisiewaarde toegedeel is, is die volgende aannames gemaak:

| | |
|---|---|
| Diskontokoers | 18.80% |
| Groeikoers | 5.0% |
| Tydperk | 5 jaar |

Sensitiwiteitsanalise van die aannames gebruik in die toets vir waardedaling van klandisiewaarde:

| Aanname | Beweging | Waardedaling |
|---|---|---|
| Diskontokoers | +5% | Nul |
| Groeikoers | –5% | Nul |

Gedurende die jaar onder oorsig het geen waardedaling van klandisiewaarde plaasgevind nie.

## 6. BELEGGINGS – GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE

(Bylae B & C)

| | 2008 | | | 2007 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Genoteer* R miljoen | *Ongenoteer* R miljoen | *Totaal* R miljoen | *Genoteer* R miljoen | *Ongenoteer* R miljoen | *Totaal* R miljoen |
| Aandele – teen kosprys | 9 182 | 6 930 | 16 112 | 6 720 | 4 289 | 11 009 |
| Ekwiteitsaansuiwering | 7 483 | 19 538 | 27 021 | 4 758 | 17 077 | 21 835 |
| Drawaarde | 16 665 | 26 468 | 43 133 | 11 478 | 21 366 | 32 844 |
| Langtermynlenings | – | 42 | 42 | – | 189 | 189 |
| | 16 665 | 26 510 | 43 175 | 11 478 | 21 555 | 33 033 |
| Markwaardes van genoteerde beleggings | 22 147 | | 22 147 | 28 871 | | 28 871 |
| Direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings | | 82 286 | 82 286 | | 62 969 | 62 969 |
| Markwaardes en direkteurswaardasies | 22 147 | 82 286 | 104 433 | 28 871 | 62 969 | 91 840 |
| Oorskot van markwaardes en direkteurswaardasies bo drawaarde van beleggings: | | | | | | |
| – toeskryfbaar aan ekwiteithouers | | | 61 258 | | | 58 807 |
| – toeskryfbaar aan minderheid | | | – | | | – |
| | | | 61 258 | | | 58 807 |

'n Wesentlike gedeelte, naamlik R72 010 miljoen (2007: R55 283 miljoen), van die direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings hierbo is gebaseer op die beurspryse van onderliggende genoteerde aandele wat deur die betrokke ongenoteerde beleggings gehou word.

| **Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar** | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| Drawaarde op 1 April | 33 033 | 26 098 |
| Wisselkoersverskille met omrekening van drawaarde aan die begin van die jaar na jaareindkoers | 2 003 | 4 292 |
| *Inkomste van geassosieerde maatskappye behou* | 4 100 | 3 366 |
| Belang in netto toedeelbare wins van geassosieerde maatskappye | 7 230 | 6 003 |
| Dividende ontvang van geassosieerde maatskappye | (3 297) | (2 748) |
| Wisselkoersverskille met omrekening tussen gemiddelde koers na jaareindkoerse | 167 | 111 |
| Geëkwiteerde bewegings op reserwes | (154) | (824) |
| Lenings terugbetaal | (147) | (165) |
| Vervreemdings/kapitaalverminderings | (236) | (85) |
| Beleggings gemaak | 3 411 | 201 |
| Herstrukturering van belang in Unilever | 1 167 | – |
| Beleggings herklassifiseer as geassosieerde maatskappye | – | 106 |
| Ander | (2) | 44 |
| **Drawaarde op 31 Maart** | 43 175 | 33 033 |

| | | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|---|
| 7. | **BELEGGINGS – GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS** (Bylaag B) | | |
| | Ongenoteerde aandele – teen kosprys | 97 | – |
| | Ekwiteitsaansuiwering | (34) | – |
| | Drawaarde | 63 | – |
| | Langtermynlenings | 1 | 8 |
| | | 64 | 8 |
| | Direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings | 64 | 8 |
| | Oorskot van direkteurswaardasies bo drawaarde van beleggings: | | |
| | – toeskryfbaar aan ekwiteithouers | – | – |
| | – toeskryfbaar aan minderheid | – | – |
| | | – | – |

**Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar**

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| Drawaarde op 1 April | 8 | 1 |
| Wisselkoersverskille met omrekening van drawaarde aan die begin van die jaar na jaareindkoers | 10 | – |
| *Verliese van gesamentlike ondernemings erken* | (25) | – |
| Belang in netto toedeelbare verliese van gesamentlike ondernemings | (20) | – |
| Wisselkoersverskille met omrekening tussen gemiddelde koers na jaareindkoerse | (5) | – |
| Geëkwiteerde bewegings op reserwes | (11) | – |
| Lenings aangegaan/(terugbetaal) | (7) | 7 |
| Beleggings gemaak | 89 | – |
| **Drawaarde op 31 Maart** | 64 | 8 |

Die groep se belang in die resultate, bates en laste van gesamentlike ondernemings is soos volg:

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| Wins/(verlies) | (20) | – |
| Verkope | 71 | 8 |
| Bates | 124 | 6 |
| Laste | 66 | 5 |

Die groep se belang in kapitaalverpligtinge van gesamentlike ondernemings beloop R11 miljoen (2007: RNul miljoen).

## 8. BELEGGINGS – ANDER

(Bylaag B)

| | 2008 Genoteer R miljoen | 2008 Ongenoteer R miljoen | 2008 Totaal R miljoen | 2007 Genoteer R miljoen | 2007 Ongenoteer R miljoen | 2007 Totaal R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Gekonsolideerd** | | | | | | |
| Beleggings – ander | | | | | | |
| Aandele – beskikbaar vir verkoop | 8 483 | 68 | 8 551 | 6 229 | 16 | 6 245 |
| Markwaardes van genoteerde beleggings | 8 483 | | 8 483 | 6 229 | | 6 229 |
| Direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings | | 68 | 68 | | 16 | 16 |
| Markwaardes en direkteurswaardasies | 8 483 | 68 | 8 551 | 6 229 | 16 | 6 245 |

| **Rekonsiliasie van drawaarde van beleggings beskikbaar vir verkoop aan die begin en einde van die jaar** | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| Saldo's op 1 April | 6 245 | 4 136 |
| Billike waarde aanpassings vir die jaar | 2 258 | 2 169 |
| Beleggings gemaak | 48 | 48 |
| Vervreemdings | – | (2) |
| Belegging geherklassifiseer as geassosieerde maatskappy | – | (106) |
| **Saldo's op 31 Maart** | 8 551 | 6 245 |

## 9. AFTREEVOORDELE

| | 2008 | 2007 |
|---|---|---|
| **Balansstaatbates** | | |
| Aftreevoordele | 10 | 10 |
| **Balansstaatverpligtinge** | | |
| Aftreevoordele | (91) | (85) |
| Na-aftrede mediese voordele | (138) | (129) |
| | (229) | (214) |
| **Inkomstestaat** | | |
| Aftreevoordele* | 2 | (95) |
| Na-aftrede mediese voordele | 10 | 11 |
| Uitgawe/(inkomste) | 12 | (84) |

** Verwys na aantekening 22 op bladsy 93.*

## 9. AFTREEVOORDELE *(vervolg)*

### 9.1 Aftreevoordele

Van die maatskappy se filiale het verskeie omskrewevoordeel-pensioenfondse, omskrewebydrae-pensioenfondse en omskrewebydrae-voorsorgfondse wat onafhanklik van die finansies van die groep privaat geadministreer word. Al die fondse word deur die Wet op Pensioenfondse, 1956 (soos gewysig), beheer. Alle besoldigde werknemers is verplig om lidmaatskap van een van die fondse te aanvaar.

Die omskrewevoordeel-pensioenfondse word elke derde jaar vir statutêre doeleindes deur onafhanklike aktuarisse volgens die metode vir geprojekteerde kredieteenhede waardeer. Die jongste aktuariële waardasies van hierdie fondse is tussen 31 Maart 2005 en 31 Maart 2008 gedoen.

| | Balansstaat | | | | | Inkomstestaat |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Billike waarde van fondsbates* R miljoen | *Huidige waarde van befondsde verpligtinge* R miljoen | *Onerkende aktuariële (winste)/ verliese* R miljoen | *Pensioen-fonds-surplus-beperking* R miljoen | *Bedrag in balansstaat erken* R miljoen | *Ingesluit in personeelkoste* R miljoen |
| **Saldo's op 1 April 2006** | 722 | (633) | (16) | (142) | (69) | |
| Huidige dienskoste | – | (4) | – | – | (4) | 4 |
| Rente | – | (40) | – | – | (40) | 40 |
| Verwagte opbrengs op bates | 53 | – | – | – | 53 | (53) |
| Surplus-beperking benutting | – | – | – | 108 | 108 | (108) |
| Amortisasie van aktuariële (winste)/verliese | – | – | (22) | – | (22) | 22 |
| Bydraes | 7 | – | – | – | 7 | – |
| Oordrag van bates | (88) | – | – | – | (88) | – |
| Wisselkoersverskille | 114 | (132) | (2) | – | (20) | – |
| Voordeelbetalings | (31) | 31 | – | – | – | – |
| Aktuariële bewegings: fondsverpligting | – | 11 | (11) | – | – | – |
| Aktuariële bewegings: fondsbates | (6) | – | 6 | – | – | – |
| **Saldo's op 31 Maart 2007** | 771 | (767) | (45) | (34) | (75) | (95) |
| Huidige dienskoste | – | (3) | – | – | (3) | 3 |
| Rente | – | (44) | – | – | (44) | 44 |
| Verwagte opbrengs op bates | 52 | – | – | – | 52 | (52) |
| Surplus-beperking benutting | – | – | 71 | (79) | (8) | 8 |
| Amortisasie van aktuariële (winste)/verliese | – | – | 1 | – | 1 | (1) |
| Bydraes | 8 | – | – | – | 8 | – |
| Wisselkoersverskille | 64 | (80) | 4 | – | (12) | – |
| Voordeelbetalings | (83) | 83 | – | – | – | – |
| Aktuariële bewegings: fondsverpligting | – | (34) | 34 | – | – | – |
| Aktuariële bewegings: fondsbates | 63 | – | (63) | – | – | – |
| **Saldo's op 31 Maart 2008** | 875 | (845) | 2 | (113) | (81) | 2 |

Die pensioenfondssurplus word nie as 'n bate in die balansstaat erken nie aangesien die surplusverdelingsproses kragtens die Pensioenfondswet gewing nog nie afgehandel is nie.

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| **9. AFTREEVOORDELE** *(vervolg)* | | |
| **9.1 Aftreevoordele** *(vervolg)* | | |
| Bedrag van fondsbates verteenwoordig deur belegging in entiteit se eie finansiële instrumente | **20** | 14 |
| Werklike opbrengs op fondsbates | **115** | 47 |
| Aansuiwering vir ondervinding op fondsbates | **–** | 5 |
| Aansuiwering vir ondervinding op befondsde verpligtinge | **(21)** | 17 |
| Verwagte bydraes tot aftreefondse vir die jaar geëindig 31 Maart 2009: R8 miljoen | | |

| | Aantal | Aantal |
|---|---|---|
| Aantal lede | **444** | 445 |

| **Samestelling van fondsbates** | % | % |
|---|---|---|
| Kontant | **6.81** | 6.69 |
| Ekwiteit | **22.48** | 20.62 |
| Effekte | **1.67** | 2.73 |
| Eiendom | **1.39** | 0.70 |
| Internasionaal | **67.65** | 69.26 |
| | **100.00** | 100.00 |

| **Belangrikste aktuariële aannames op balansstaatdatum** | | |
|---|---|---|
| Diskontokoers | **6.50 – 9.62** | 5.40 – 9.95 |
| Verwagte opbrengskoerse op fondsbates* | **6.43 – 10.25** | 6.48 – 9.95 |
| Toekomstige salarisverhogings | **6.25 – 7.25** | 5.75 – 7.04 |
| Toekomstige pensioenverhogings | **3.50 – 6.25** | 2.90 – 4.75 |
| Inflasiekoers | **6.25** | 4.75 |

* *Die verwagte opbrengs op fondsbates is bepaal met verwysing na die verwagte langtermynopbrengste op ekwiteit, kontant en effekte.*

| **Fondsgeskiedenis van die huidige en vorige 2 jaar** | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | 2006 R miljoen |
|---|---|---|---|
| Billike waarde van fondsbates | **875** | 771 | 722 |
| Huidige waarde van befondsde verpligtinge | **(845)** | (767) | (633) |
| Surplus/(tekort) | **30** | 4 | 89 |

## 9. AFTREEVOORDELE *(vervolg)*

### 9.2 Na-aftrede mediese voordele

| | Balansstaat | | | | Inkomstestaat |
|---|---|---|---|---|---|
| | *Billike waarde van fondsbates* R miljoen | *Huidige waarde van befondsde verpligtinge* R miljoen | *Onerkende aktuariële (winste)/ verliese* R miljoen | *Bedrag in balansstaat erken* R miljoen | *Ingesluit in personeelkoste* R miljoen |
| **Saldo's op 1 April 2006** | 16 | (121) | (11) | (116) | |
| Huidige dienskoste | – | (3) | – | (3) | 3 |
| Rente | – | (10) | – | (10) | 10 |
| Verwagte opbrengs op bates | 2 | – | – | 2 | (2) |
| Verpligting aanvaar | 5 | (6) | (2) | (3) | – |
| Amortisasie van aktuariële (winste)/verliese | – | (1) | 1 | – | – |
| Voordeelbetalings | – | 1 | – | 1 | – |
| Aktuariële bewegings | 12 | (6) | (6) | – | – |
| **Saldo's op 31 Maart 2007** | 35 | (146) | (18) | (129) | 11 |
| Huidige dienskoste | – | (3) | – | (3) | 3 |
| Rente | – | (11) | – | (11) | 11 |
| Verwagte opbrengs op bates | 3 | – | – | 3 | (3) |
| Amortisasie van aktuariële (winste)/verliese | – | – | 1 | 1 | (1) |
| Voordeelbetalings | – | 1 | – | 1 | – |
| Aktuariële bewegings | (1) | 6 | (5) | – | – |
| **Saldo's op 31 Maart 2008** | 37 | (153) | (22) | (138) | 10 |

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| Bedrag van fondsbates verteenwoordig deur belegging in entiteit se eie finansiële instrumente | 2 | 2 |
| Werklike opbrengs op fondsbates | 2 | 14 |
| Aansuiwering vir ondervinding op fondsbates | – | 14 |
| Aansuiwering vir ondervinding op befondsde verpligtinge | – | 4 |
| Verwagte bydraes tot aftreefondse vir die jaar geëindig 31 Maart 2009: R8 miljoen | | |

| | Aantal | Aantal |
|---|---|---|
| Aantal lede | 987 | 1 050 |

| **Fondsgeskiedenis van die huidige en vorige 2 jaar** | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | 2006 R miljoen |
|---|---|---|---|
| Billike waarde van fondsbates | 37 | 35 | 16 |
| Huidige waarde van befondsde verpligtinge | (153) | (146) | (121) |
| Surplus/(tekort) | (116) | (111) | (105) |

| **Samestelling van fondsbates** | 2008 % | 2007 % |
|---|---|---|
| Kontant | 3.00 | 3.00 |
| Ekwiteit | 92.00 | 92.00 |
| Effekte | 5.00 | 5.00 |
| | 100.00 | 100.00 |

| | 2008 % | 2007 % |
|---|---|---|
| **9. AFTREEVOORDELE** *(vervolg)* | | |
| **9.2 Na-aftrede mediese voordele** *(vervolg)* | | |
| **Belangrikste aktuariële aannames op die balansstaatdatum** | | |
| Diskontokoers | 8.75 – 9.00 | 7.50 – 7.75 |
| Verwagte opbrengskoerse op fondsbates* | 9.75 | 8.75 |
| Jaarlikse verhoging in gesondheidsorgkoste | 5.50 – 7.50 | 4.75 – 6.75 |

** Die verwagte opbrengs op fondsbates is bepaal met verwysing na die verwagte langtermynopbrengste op ekwiteit, kontant en effekte.*

| | 2008 Toename R miljoen | 2008 Afname R miljoen |
|---|---|---|
| Die effek van 'n 1%-beweging in bogenoemde verwagte jaarlikse verhoging in gesondheidsorgkoste is soos volg: | | |
| Na-aftrede mediese verpligting | 2 | 2 |
| Huidige dienskoste en rente op verpligting | 17 | 16 |

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| **10. BELASTING** | | |
| **10.1 Uitgestelde belasting** | | |
| **Uitgestelde belastingaanspreeklikheid** | 1 454 | 1 205 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 334 | 378 |
| Ontasbare bates | 13 | 16 |
| Voorraad | 109 | 84 |
| Voorsienings | (68) | (44) |
| Biologiese landboubates | 26 | 34 |
| Beleggings (direk in ekwiteit verantwoord) | 1 027 | 738 |
| Belastingverliese | (38) | – |
| Toekomstige kapitaalwins belasbaar | 35 | – |
| Ander | 16 | (1) |
| **Uitgestelde belastingbate** | (4) | (124) |
| Eiendom, aanleg en toerusting | (2) | (44) |
| Voorsienings | (2) | (20) |
| Belastingverliese | – | (49) |
| Ander | – | (11) |
| Netto uitgestelde belasting | 1 450 | 1 081 |
| Die beweging tussen begin- en eindsaldo van uitgestelde belasting kan soos volg ontleed word: | | |
| Begin van die jaar | 1 081 | 700 |
| Koersverandering | (25) | – |
| Soos per inkomstestaat | 79 | 43 |
| Direk in ekwiteit | 315 | 338 |
| | 1 450 | 1 081 |

Geen uitgestelde belasting word voorsien op tydelike verskille wat verband hou met beleggings in filiaalmaatskappye en gesamentlike ondernemings nie, aangesien Remgro die dividendbeleid van dié maatskappye beheer en gevolglik ook die omkeer van die tydelike verskille beheer.

Uitgestelde belasting op kapitaaldistribusies ontvang vanaf 1 Oktober 2001 tot 30 September 2007 word teen 14.0% voorsien weens die promulgasie van terugwerkende belastingwetgewing.

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| **10. BELASTING** *(vervolg)* | | |
| **10.2 Belastingverliese** | | |
| Beraamde belastingverliese wat beskikbaar is vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste | 189 | 245 |
| Aangewend om uitgestelde belastingbate te skep | (135) | (168) |
| | 54 | 77 |
| **10.3 Sekondêre belasting op maatskappye (SBM)** | | |
| Die SBM-krediete op 31 Maart, wat teen toekomstige dividendbetalings aangewend kan word, bedra | | |
| – Die maatskappy | 76 | 172 |
| – Filiaalmaatskappye | 2 970 | 1 356 |
| Onbenutte SBM-krediete | 3 046 | 1 528 |

'n Buitelandse volfiliaalmaatskappy van Remgro beskik oor reserwes wat tot verdere SBM-krediete van R1 621 miljoen (2007: R1 538 miljoen) aanleiding sal gee wanneer dit as dividende aan sy Suid-Afrikaanse houermaatskappy verklaar word.

Remgro se geskiedenis van dividende ontvang teenoor gewone dividende betaal dui daarop dat sy SBM-krediete oor tyd toeneem. Dit is dus onwaarskynlik dat Remgro se SBM-krediete in die afsienbare toekoms teen gewone dividende betaal aangewend sal word, en geen uitgestelde belastingbate is dus geskep vir dié maatskappy se onbenutte SBM-krediete nie.

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| **10.4 Belasting in inkomstestaat** | | |
| Lopend | 313 | 339 |
| – huidige jaar – Suid-Afrikaanse normale belasting | 290 | 332 |
| – Belasting op kapitaalwins | 17 | – |
| – Buitelandse belasting | 8 | 8 |
| | 315 | 340 |
| – vorige jaar – Suid-Afrikaanse normale belasting | (2) | (1) |
| Sekondêre belasting op maatskappye – lopend | 27 | 21 |
| Uitgestel – huidige jaar | 56 | 60 |
| – vorige jaar | 1 | (17) |
| – koersverandering | (13) | – |
| – belasting op kapitaalwins | 35 | – |
| | 419 | 403 |

| | | |
|---|---|---|
| **10.5 Rekonsiliasie van effektiewe belastingkoers van die maatskappy en sy filiale met standaardkoers** | % | % |
| Effektiewe belastingkoers | 12.9 | 26.4 |
| Verlaging/(verhoging) in standaardkoers as gevolg van: | | |
| Vrygestelde dividendinkomste | 2.3 | 3.0 |
| Nie-belasbare kapitaalwinste | 13.5 | – |
| Ander nie-belasbare inkomste | 3.6 | 0.4 |
| Buitelandse belasting | (1.7) | (0.5) |
| Belasting ten opsigte van vorige jare | – | 1.1 |
| Koersverandering | 0.4 | – |
| Toekomstige kapitaalwins betaalbaar | (1.2) | – |
| Sekondêre belasting op maatskappye | (0.8) | (1.4) |
| Standaardkoers | 29.0 | 29.0 |

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| **11. VOORRAAD** | | |
| Grondstowwe | 333 | 272 |
| Klaarprodukte | 549 | 430 |
| Onvoltooide werk | 12 | 6 |
| Verbruiksgoedere | 59 | 46 |
| | 953 | 754 |

## 12. DEBITEURE EN KORTTERMYNLENINGS

| | DIE MAATSKAPPY 2008 R miljoen | 2007 R miljoen | GEKONSOLIDEERD 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|---|---|
| Handelsdebiteure (bruto) | 3 | 6 | 1 184 | 919 |
| Min: Voorsiening vir waardedalings | – | – | (44) | (49) |
| Handelsdebiteure (netto) | 3 | 6 | 1 140 | 870 |
| Dividende ontvangbaar | – | – | – | 168 |
| Vooruitbetalings en ander | – | – | 245 | 176 |
| Lenings – Filiaalmaatskappye | 2 310 | 2 366 | – | – |
| | 2 313 | 2 372 | 1 385 | 1 214 |

Debiteure met 'n drawaarde van R32 miljoen (2007: R42 miljoen) het sekuriteit aan die groep verskaf. Lenings aan filiaalmaatskappye is onversekerd, dra geen rente nie en is op aanvraag terugbetaalbaar.

Bewegings op die voorsiening vir waardedalings van handelsdebiteure is soos volg:

| | 2008 R miljoen | 2007 R miljoen |
|---|---|---|
| Saldo's op 1 April | 49 | 38 |
| Voorsiening vir waardedalings op debiteure | 8 | 19 |
| Debiteure gedurende die jaar as oninbaar afgeskryf | (3) | (3) |
| Ongebruikte bedrae teruggeskryf | (11) | (7) |
| Ander | 1 | 2 |
| **Saldo's op 31 Maart** | 44 | 49 |

Gedurende die jaar is slegte skulde van R11 miljoen (2007: R9 miljoen) afgeskryf. Die ander klasse bates binne debiteure en korttermynlenings bevat geen bates waarop waardedalings gemaak is nie. Vir verdere inligting verwys na aantekening 31.

## 13. AFGELEIDE INSTRUMENTE

**Die volgende wesentlike afgeleide instrumente het bestaan op 31 Maart:**

| **Bates** | 2008 *Valuta-waarde* miljoen | *Vooruit-waarde* R miljoen | *Billike waarde* R miljoen | 2007 *Valuta-waarde* miljoen | *Vooruit-waarde* R miljoen | *Billike waarde* R miljoen |
|---|---|---|---|---|---|---|
| *Buitelandse valutakontrakte* | | | | | | |
| Koop: VSA-dollar | 11.7 | 95.0 | 8.8 | 1.3 | 8.7 | 2.6 |
| Ander | 2.0 | 26.2 | 2.5 | – | – | – |
| Verkoop: VSA-dollar | – | – | – | 20.5 | 154.4 | 3.1 |
| | | | 11.3 | | | 5.7 |
| *Ander afgeleide instrumente* | | | | | | |
| Suikertermynkontrakte | | | 0.3 | | | 9.7 |
| Mielie-opsiekontrakte | | | – | | | 0.3 |
| Valuta-opsiekontrakte | | | 7.0 | | | – |
| | | | 7.3 | | | 10.0 |
| | | | 18.6 | | | 15.7 |

## 13. AFGELEIDE INSTRUMENTE *(vervolg)*

**Die volgende wesentlike afgeleide instrumente het bestaan op 31 Maart:**

| | | 2008 | | | 2007 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Laste** | ***Valuta-waarde* miljoen** | ***Vooruit-waarde* R miljoen** | ***Billike waarde* R miljoen** | *Valuta-waarde* miljoen | *Vooruit-waarde* R miljoen | *Billike waarde* R miljoen |
| *Buitelandse valutakontrakte* | | | | | | |
| Koop: Euro | **1.0** | **11.6** | **1.1** | – | – | – |
| VSA-dollar | **0.1** | **1.3** | **0.1** | – | – | – |
| Ander | **–** | **–** | **–** | 0.1 | 0.8 | – |
| Verkoop: VSA-dollar | **5.3** | **42.6** | **0.8** | 3.7 | 27.7 | 0.4 |
| | | | **2.0** | | | 0.4 |
| *Ander afgeleide instrumente* | | | | | | |
| Suikertermynkontrakte | | | **–** | | | 9.3 |
| Mielie-opsiekontrakte | | | **–** | | | 16.9 |
| Soja-opsiekontrakte | | | **1.3** | | | – |
| | | | **1.3** | | | 26.2 |
| | | | **3.3** | | | 26.6 |

| | **2008 R miljoen** | 2007 R miljoen |
|---|---|---|

## 14. BATES GEKLASSIFISEER AS GEHOU VIR VERKOOP

Tsb Sugar het op 31 Januarie 2007 'n ooreenkoms vir die verkoop van sekere bates ingevolge 'n grondhervormingstransaksie aangegaan. Die effektiewe datum van die Tenbosch-transaksie was 1 April 2007. Die tweede fase van die grondhervormingstransaksie is tans in proses en gevolglik is die bates wat ingevolge dié ooreenkoms verkoop gaan word geklassifiseer as gehou vir verkoop en waardeer in terme van die vereistes van IFRS 5.

Besonderhede van die bates geklassifiseer as gehou vir verkoop is soos volg:

Besonderhede van diverse filiaalmaatskappye wat nie wesentlik is vir die beoordeling van die besigheid van die groep nie, word nie aangetoon nie.

# BYLAAG B

## BELANGRIKSTE BELEGGINGS OP 31 MAART 2008

| NAAM VAN MAATSKAPPY | | GENOTEER | | | | ONGENOTEER | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **2008** | | 2007 | | **2008** | | 2007 | |
| | | | **Effektiewe** | | Effektiewe | | **Effektiewe** | | Effektiewe |
| In Suid-Afrika geïnkorporeer | | **Aandele** | **belang** | Aandele | belang | **Aandele** | **belang** | Aandele | belang |
| tensy anders vermeld | | **gehou** | **%** | gehou | % | **gehou** | **%** | gehou | % |
| **Tabakbelange** | | | | | | | | | |
| R&R Holdings SA – Luxembourg | (1) | | | | | | | | |
| – gewone aandele | | | | | | **316 000** | **33.3** | 316 000 | 33.3 |
| – skuldbriewe | | | | | | **682 291** | **38.7** | 682 291 | 38.7 |
| – deelnemende sekuriteite (2005) | | | | | | **19 281 686** | **100.0** | 19 281 686 | 100.0 |
| – deelnemende sekuriteite (2006) | | | | | | **1** | **33.3** | 1 | 33.3 |
| – gehou deur R&R Holdings SA: | | | | | | | | | |
| – BAT Plc – VK (30%) | (1) | | **10.6** | | 10.4 | | | | |
| **Finansiële dienste** | | | | | | | | | |
| RMB Holdings Beperk | (2) | **302 279 403** | **25.0** | 280 946 517 | 23.7 | | | | |
| – gehou deur RMB Holdings Beperk: | | | | | | | | | |
| – FirstRand Beperk (33%) | | | **8.2** | | 7.8 | | | | |
| FirstRand Beperk | (2) | **481 142 375** | **9.3** | 481 142 375 | 9.3 | | | | |
| **Nywerheidsbelange** | | | | | | | | | |
| Air Products South Africa (Edms) Beperk | (1) | | | | | **4 500 000** | **50.0** | 4 500 000 | 50.0 |
| Dorbyl Beperk | (1) | **14 058 346** | **41.4** | 14 058 346 | 41.4 | | | | |
| Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk | *(2) | | | | | **10 344** | **41.8** | 10 344 | 41.8 |
| Medi-Clinic Korporasie Beperk | (1) | **257 346 286** | **45.9** | 171 128 418 | 47.6 | | | | |
| Nampak Beperk | (1) | **78 096 694** | **13.3** | 78 096 694 | 13.4 | | | | |
| PGSI Beperk – BVI | #*(3) | | | | | **11 153 362** | **28.5** | – | – |
| Unilever Bestfoods Robertsons (Holdings) Limited L.L.C. – VSA | (4) | | | | | **–** | **–** | 8 200 | 41.0 |
| Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk | (5) | | | | | **5 348 135** | **25.8** | – | – |
| Total South Africa (Edms) Beperk | *(2) | | | | | **12 872 450** | **33.2** | 12 872 450 | 33.2 |
| Remgro-KWV Beleggings Beperk | (2) | | | | | **50** | **50.0** | 50 | 50.0 |
| – gehou deur Remgro-KWV Beleggings Beperk: | | | | | | | | | |
| – Distell Groep Beperk (59%) | | | **29.4** | | 29.4 | | | | |
| **Mynbelange** | | | | | | | | | |
| Impala Platinum Holdings Beperk | ** | **26 687 288** | **4.4** | 26 687 288 | 4.2 | | | | |
| Trans Hex Groep Beperk | Δ (1) | **30 215 000** | **28.5** | 30 215 000 | 33.6 | | | | |
| **Ander belange** | | | | | | | | | |
| Business Partners Beperk | (1) | | | | | **36 204 249** | **21.1** | 35 766 919 | 21.3 |
| Xiocom Wireless, Inc. – VSA | (6) | | | | | **11 250 000** | **44.4** | – | – |

Finansiële tydperk verantwoord:
*(1) Twaalf maande tot 31 Maart 2008*
*(2) Twaalf maande tot 31 Desember 2007*
*(3) Vir vyf maande vanaf datum van aankoop tot 31 Desember 2007*
*(4) Vir ses maande vanaf 1 April 2007 tot datum van herstrukturering van belang in Unilever*
*(5) Vir ses maande vanaf herstrukturering van belang in Unilever tot 31 Maart 2008*
*(6) Vir agt maande vanaf datum van aankoop tot 31 Maart 2008*

* *Effektiewe belang, op 'n volle verwaterde grondslag:*
- *Total South Africa (Edms) Beperk 24.9%*
- *Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk 37.1%*
- *Business Partners Beperk 20.2% (2007: 20.0%)*
- *PGSI Beperk 24.5%*

** *Nie 'n geassosieerde maatskappy nie*

\# *Belang verkry op 31 Julie 2007*

Δ *Gedurende Maart 2008 het Trans Hex 16 000 000 verpligtend omskepbare skuldbriewe wat gedurende 2002 uitgereik is, in gewone aandele omskep in die verhouding van 1:1, met die gevolg dat Remgro se belang tot 28.5% verwater het.*

BVI – "British Virgin Islands"
VK – Verenigde Koninkryk
VSA – Verenigde State van Amerika

Besonderhede van beleggings wat nie wesentlik is vir die beoordeling van die groep nie, word nie aangetoon nie.

# BYLAAG C

## BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE – ADDISIONELE INLIGTING

| | RMB Holdings (Finansiële dienste) 2008 | FirstRand (Finansiële dienste) 2008 | Medi-Clinic (Nywerheids-belange) 2008 | R&R (Tabak-belange) 2008 |
|---|---|---|---|---|
| Effektiewe belang | 25.0% | 9.3% | 45.9% | 33⅓% |
| | R miljoen | R miljoen | R miljoen | R miljoen |
| Drawaarde van beleggings | 5 493 | 5 085 | 4 091 | 19 229 |
| Deel van behoue ekwiteitsinkomste | | | | |
| – Huidige jaar | 715 | 676 | 1 150 | 1 866 |
| Normale inkomste | 1 030 | 1 090 | 286 | 3 579 |
| Dividende | (433) | (611) | (97) | (1 893) |
| Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings | 38 | 67 | – | (55) |
| Ander reserwe- en wisselkoersbewegings | 80 | 130 | 961 | 235 |
| – Kumulatief | 2 168 | 2 330 | 2 028 | 16 216 |

| Opgesomde finansiële inligting: | Per tussenverslag 31/12/2007 | Per tussenverslag 31/12/2007 | Per jaarverslag 31/03/2008 | Per jaarverslag 31/03/2008 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | *Nota 1* |
| **Balansstaat** | | | | |
| **Bates** | | | | |
| Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite | 1 612 | 40 654 | – | – |
| Ontasbare bates | 22 | 4 409 | 6 079 | 129 915 |
| Eiendom, aanleg en toerusting en ander | 110 | 3 788 | 30 972 | 38 117 |
| Beleggings en lenings | 17 850 | 22 812 | 34 | 46 147 |
| Netto bedryfsbates/(-laste) | – | (14 352) | (3 812) | 13 016 |
| | 19 594 | 57 311 | 33 273 | 227 195 |
| **Ekwiteit en laste** | | | | |
| Aandeelhouersfondse en langtermynskuld | 19 594 | 57 311 | 33 273 | 227 195 |

| | 12 maande geëindig 31/12/2007 | 12 maande geëindig 31/12/2007 | 12 maande geëindig 31/03/2008 | 12 maande geëindig 31/03/2008 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | *Nota 2* |
| **Inkomstestaat** | | | | |
| Wesensverdienste | 4 332 | 11 695 | 607 | 9 874 |
| Netto wins vir die jaar | 4 491 | 12 429 | 609 | 9 719 |
| Dividende betaal | 1 681 | 4 266 | 189 | 5 165 |

Daar is geen lenings aan hierdie geassosieerde maatskappye nie.

Nota 1: In die geouditeerde balansstaat van R&R word sy belang in British American Tobacco Plc (BAT) slegs as 'n enkele item getoon wat die drawaarde daarvan as 'n geëkwiteerde geassosieerde maatskappy verteenwoordig. Om meer betekenisvolle inligting te openbaar, word BAT se verkorte balansstaat eerder hierbo aangebied. Hierdie balansstaat is soos op 31 Desember 2007 aangesien BAT nie 'n balansstaat in sy kwartaalverslag tot 31 Maart 2008 ingesluit het nie.

Nota 2: Wesensverdienste en netto wins vir die jaar het betrekking op die inkomstestaat van R&R wat sy belang in die netto inkomste van BAT insluit.

Nota 3: Bogenoemde beleggings verteenwoordig 78% van die totale drawaarde van geassosieerde maatskappye.

## BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE – ADDISIONELE INLIGTING

| | RMB Holdings (Finansiële dienste) 2007 | FirstRand (Finansiële dienste) 2007 | Medi-Clinic (Nywerheids-belange) 2007 | R&R (Tabak-belange) 2007 |
|---|---|---|---|---|
| Effektiewe belang | 23.7% | 9.3% | 47.6% | 33⅓% |
| | R miljoen | R miljoen | R miljoen | R miljoen |
| Drawaarde van beleggings | 4 054 | 4 539 | 987 | 17 047 |
| Deel van behoue ekwiteitsinkomste | | | | |
| – Huidige jaar | 403 | 552 | 197 | 4 015 |
| Normale inkomste | 715 | 813 | 280 | 2 964 |
| Dividende | (345) | (354) | (91) | (1 405) |
| Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings | 86 | 101 | – | (190) |
| Ander reserwe- en wisselkoersbewegings | (53) | (8) | 8 | 2 646 |
| – Kumulatief | 1 453 | 1 654 | 878 | 14 350 |

| Opgesomde finansiële inligting: | Per tussenverslag 31/12/2006 | Per tussenverslag 31/12/2006 | Per jaarverslag 31/03/2007 | Per jaarverslag 31/03/2007 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | *Nota 1* |
| **BALANSSTAAT** | | | | |
| **Bates** | | | | |
| Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite | 1 257 | 50 804 | – | – |
| Ontasbare bates | 10 | 4 261 | 419 | 107 242 |
| Eiendom, aanleg en toerusting en ander | 100 | 941 | 3 124 | 31 659 |
| Beleggings en lenings | 13 703 | 17 894 | 46 | 38 760 |
| Netto bedryfsbates/(-laste) | – | (21 875) | 356 | 13 456 |
| | 15 070 | 52 025 | 3 945 | 191 117 |
| **Ekwiteit en laste** | | | | |
| Aandeelhouersfondse en langtermynskuld | 15 070 | 52 025 | 3 945 | 191 117 |

| | 12 maande geëindig 31/12/2006 | 12 maande geëindig 31/12/2006 | 12 maande geëindig 31/03/2007 | 12 maande geëindig 31/03/2007 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | *Nota 2* |
| **INKOMSTESTAAT** | | | | |
| Wesensverdienste | 3 155 | 9 048 | 581 | 8 190 |
| Netto wins vir die jaar | 3 524 | 10 126 | 582 | 7 653 |
| Dividende betaal | 1 347 | 3 267 | 178 | 3 964 |

Daar is geen lenings aan hierdie geassosieerde maatskappye nie.

Nota 1: In die geouditeerde balansstaat van R&R word sy belang in British American Tobacco Plc (BAT) slegs as 'n enkele item getoon wat die drawaarde daarvan as 'n geëkwiteerde geassosieerde maatskappy verteenwoordig. Om meer betekenisvolle inligting te openbaar, word BAT se verkorte balansstaat eerder hierbo aangebied. Hierdie balansstaat is soos op 31 Desember 2006 aangesien BAT nie 'n balansstaat in sy kwartaalverslag tot 31 Maart 2007 ingesluit het nie.

Nota 2: Wesensverdienste en netto wins vir die jaar het betrekking op die inkomstestaat van R&R wat sy belang in die netto inkomste van BAT insluit.

Nota 3: Bogenoemde beleggings verteenwoordig 81% van die totale drawaarde van geassosieerde maatskappye.

# BYLAAG D

## INLIGTING OOR SAKE- EN GEOGRAFIESE SEGMENTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2008

| *R miljoen* | Tabak-belange | Finansiële dienste | Nywerheids-belange | Myn-belange | Korporatiewe finansies en ander belange | GEKONSOLIDEERD 2008 Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **SAKESEGMENTONTLEDING** | | | | | | |
| **Verkope** | – | – | 9 447 | – | – | 9 447 |
| Resultate | | | | | | |
| Filiaalmaatskappye | 167 | 2 | 1 170 | 267 | 15 | 1 621 |
| Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | 3 525 | 2 226 | 1 458 | (6) | 7 | 7 210 |
| | | | | | | 8 831 |
| Finansieringskoste | | | | | | (43) |
| Wins met verkoop van beleggings en negatiewe klandisiewaarde | | | | | | 1 684 |
| Wins voor belasting | | | | | | 10 472 |
| Belasting | | | | | | (419) |
| **Netto wins** | | | | | | 10 053 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | | | |
| Ekwiteithouers | | | | | | 9 893 |
| Minderheidsbelang | | | | | | 160 |
| | | | | | | 10 053 |
| **Wesensverdienste** | 3 579 | 2 120 | 1 895 | 264 | 133 | 7 991 |
| **ANDER INLIGTING** | | | | | | |
| Segmentbates | 2 660 | – | 6 481 | 8 353 | 1 010 | 18 504 |
| Beleggings in geassosieerde maatskappye | 19 229 | 10 579 | 12 758 | 283 | 326 | 43 175 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | 2 | – | 24 | – | 38 | 64 |
| | | | | | | 61 743 |
| Belasting – Uitgestel | | | | | | 4 |
| – Lopend | | | | | | 80 |
| **Gekonsolideerde totale bates** | | | | | | 61 827 |
| Segmentlaste | 2 | – | 2 368 | – | 115 | 2 485 |
| Belasting – Uitgestel | | | | | | 1 454 |
| – Lopend | | | | | | 13 |
| **Gekonsolideerde totale laste** | | | | | | 3 952 |
| Toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | – | – | 454 | – | 10 | 464 |
| Waardevermindering en amortisasie | – | – | 256 | – | 7 | 263 |
| Netto verhaling van waardedaling | – | (4) | (15) | – | – | (19) |

Die belange van die groep word in vyf hoofbedryfsafdelings/sakesegmente ingedeel – tabakbelange, finansiële dienste, nywerheidsbelange, mynbelange en korporatiewe finansies/ander belange. Elke segment verteenwoordig die hoofbedryfsektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n maatskappy hoofsaaklik in een segment bedrywig is maar ook belange in 'n ander segment het nie.

Inkomste en uitgawes asook die toeskryfbare gedeelte van die inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings is direk aan segmente toeskryfbaar.

Segmentbates sluit hoofsaaklik kontant en kontantekwivalente, debiteure en korttermynlenings, voorraad, eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en ander beleggings in. Beleggings in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, word apart getoon.

Segmentlaste sluit alle bedryfslaste in, behalwe vir belasting.

### GEOGRAFIESE SEGMENTONTLEDING

Die groep se belange kan in twee hoof geografiese gebiede ingedeel word, naamlik Suid-Afrika en die buiteland.

| *R miljoen* | Kapitaal-uitgawes 2008 | Verkope 2008 | Wesens-verdienste 2008 | Totale bates 2008 |
|---|---|---|---|---|
| Suid-Afrika | 464 | 9 447 | 4 293 | 39 852 |
| Buiteland | – | – | 3 698 | 21 891 |
| | 464 | 9 447 | 7 991 | 61 743 |

Totale bates sluit bates en beleggings in geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in, maar nie uitgestelde belastingbates en belasting vooruitbetaal nie.

## INLIGTING OOR SAKE- EN GEOGRAFIESE SEGMENTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2007

| *R miljoen* | Tabak-belange | Finansiële dienste | Nywerheids-belange | Myn-belange | Korporatiewe finansies en ander belange | GEKONSOLIDEERD 2007 Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **SAKESEGMENTONTLEDING** | | | | | | |
| **Verkope** | – | – | 7 872 | – | – | 7 872 |
| Resultate | | | | | | |
| Filiaalmaatskappye | 218 | 1 | 967 | 147 | 171 | 1 504 |
| Geassosieerde maatskappye | 2 774 | 1 716 | 1 499 | 14 | – | 6 003 |
| | | | | | | 7 507 |
| Finansieringskoste | | | | | | (28) |
| Wins met verkoop van beleggings en negatiewe klandisiewaarde | | | | | | 51 |
| Wins voor belasting | | | | | | 7 530 |
| Belasting | | | | | | (403) |
| **Netto wins** | | | | | | 7 127 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | | | |
| Ekwiteithouers | | | | | | 6 942 |
| Minderheidsbelang | | | | | | 185 |
| | | | | | | 7 127 |
| **Wesensverdienste** | 2 964 | 1 568 | 1 924 | 155 | 281 | 6 892 |
| **ANDER INLIGTING** | | | | | | |
| Segmentbates | 3 139 | – | 5 840 | 6 085 | 1 616 | 16 680 |
| Beleggings in geassosieerde maatskappye | 17 047 | 8 593 | 6 782 | 316 | 295 | 33 033 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | – | – | 8 | – | – | 8 |
| | | | | | | 49 721 |
| Belasting – Uitgestel | | | | | | 124 |
| – Lopend | | | | | | 14 |
| **Gekonsolideerde totale bates** | | | | | | 49 859 |
| Segmentlaste | 3 | – | 1 980 | – | 140 | 2 123 |
| Belasting – Uitgestel | | | | | | 1 205 |
| – Lopend | | | | | | 104 |
| **Gekonsolideerde totale laste** | | | | | | 3 432 |
| Toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates | – | – | 474 | – | 65 | 539 |
| Waardevermindering en amortisasie | – | – | 229 | – | 8 | 237 |

Die belange van die groep word in vyf hoofbedryfsafdelings/sakesegmente ingedeel – tabakbelange, finansiële dienste, nywerheidsbelange, mynbelange en korporatiewe finansies/ander belange. Elke segment verteenwoordig die hoofbedryfsektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar ’n maatskappy hoofsaaklik in een segment bedrywig is maar ook belange in ’n ander segment het nie.

Inkomste en uitgawes asook die toeskryfbare gedeelte van die inkomste van geassosieerde maatskappye is direk aan segmente toeskryfbaar.

Segmentbates sluit hoofsaaklik kontant en kontantekwivalente, debiteure en korttermynlenings, voorraad, eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en ander beleggings in. Beleggings in geassosieerde maatskappye, volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, word apart getoon.

Segmentlaste sluit alle bedryfslaste in, behalwe vir belasting.

### GEOGRAFIESE SEGMENTONTLEDING

Die groep se belange kan in twee hoof geografiese gebiede ingedeel word, naamlik Suid-Afrika en die buiteland.

| *R miljoen* | Kapitaal-uitgawes 2007 | Verkope 2007 | Wesens-verdienste 2007 | Totale bates 2007 |
|---|---|---|---|---|
| Suid-Afrika | 539 | 7 872 | 3 834 | 29 535 |
| Buiteland | – | – | 3 058 | 20 186 |
| | 539 | 7 872 | 6 892 | 49 721 |

Totale bates sluit bates en beleggings in geassosieerde maatskappye in, maar nie uitgestelde belastingbates en belasting vooruitbetaal nie.

# MAATSKAPPY-INLIGTING

**SEKRETARIS**
M Lubbe (Mev)

**SAKE-ADRES EN GEREGISTREERDE KANTOOR**
Carpe Diem Kantoorgebou
Quantumstraat
Tegnopark
Stellenbosch
7600

Posbus 456
Stellenbosch
7599

**OORDRAGSEKRETARIS**
Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Marshallstraat 70
Johannesburg
2001

Posbus 61051
Marshalltown
2107

**OUDITEURE**
PricewaterhouseCoopers Ing.
Kaapstad

**NOTERING**
JSE Beperk
*Sektor:* Nywerhede – Algemene Nywerhede

**AMERICAN DEPOSITARY RECEIPT (ADR) PROGRAM**
Cusip nommer 75956M107
ADR tot gewone aandeel 1:1

*Depositaris:*
The Bank of New York
101 Barclay Street
New York, NY 10286

**BORG**
Rand Aksepbank
('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

**WEBWERF**
www.remgro.com

# AANDEELHOUERSINLIGTING

## DATUMS VAN BELANG VIR AANDEELHOUERS

| | |
|---|---|
| Finansiële jaareinde | 31 Maart |
| Algemene jaarvergadering | Donderdag, 21 Augustus 2008 |
| **Finansiële verslae** | |
| Aankondiging van tussenresultate | November |
| Tussenverslag | Desember |
| Aankondiging van jaarresultate | Junie |
| Finansiële jaarstate | Julie |
| **Dividende** | |
| Tussendividend | |
| – verklaar | November |
| – betaal | Januarie |
| Finale dividend | |
| – verklaar | Junie |
| – betaal | Augustus |
| **Finale dividend nommer 16** | |
| Gewone dividend per aandeel | 330 sent |
| Laaste dag van verhandeling ten einde vir die finale dividend te kwalifiseer | Vrydag, 8 Augustus 2008 |
| Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die finale dividend wees | Maandag, 11 Augustus 2008 |
| Rekorddatum | Vrydag, 15 Augustus 2008 |
| Betaaldatum | Maandag, 18 Augustus 2008 |

## STATISTIEK OP 31 MAART 2008

| | 2008 % | 2008 Aantal aandele | 2007 % | 2007 Aantal aandele |
|---|---|---|---|---|
| **VERNAAMSTE VOORDELIGE AANDEELHOUERS** | | | | |
| **Gewone aandele** | | | | |
| Public Investment Commissioner | 14.22 | 63 829 870 | 15.68 | 70 376 263 |
| Old Mutual Life Assurance Company SA | 5.35 | 24 044 096 | 5.47 | 24 558 168 |
| Ander | 80.43 | 361 129 640 | 78.85 | 353 867 776 |
| | 100.00 | 449 003 606 | 100.00 | 448 802 207 |
| **B-gewone aandele** | | | | |
| Rembrandt Trust (Edms) Beperk | 100.00 | 35 506 352 | 100.00 | 35 506 352 |
| **Totaal** | | 484 509 958 | | 484 308 559 |

Geen ander aandeelhouer het op 31 Maart 'n voordelige belang van meer as 5% in die gewone aandele van u maatskappy gehou nie.


| | 2008 | 2007 | 2006 | 2005 |
|---|---|---|---|---|
| **VERSPREIDING VAN AANDEELHOUERS** | | | | |
| **Gewone aandele** | | | | |
| *Publieke aandeelhouers* | 41 832 | 28 728 | 30 929 | 27 321 |
| Persentasie van aandeelhouers | 99.94 | 99.90 | 99.92 | 99.91 |
| Aantal aandele | 433 151 212 | 432 253 223 | 440 740 885 | 448 808 224 |
| Persentasie van aandele uitgereik | 96.47 | 96.31 | 98.20 | 92.25 |
| *Nie-publieke aandeelhouers* | | | | |
| Direkteure en hulle verwantes/Aandeletrust/Tesourie-aandele | 27 | 29 | 26 | 24 |
| Persentasie van aandeelhouers | 0.06 | 0.10 | 0.08 | 0.09 |
| Aantal aandele | 15 852 394 | 16 548 984 | 8 061 322 | 37 685 426 |
| Persentasie van aandele uitgereik | 3.53 | 3.69 | 1.80 | 7.75 |
| *Aantal aandeelhouers* | 41 859 | 28 757 | 30 955 | 27 345 |

## STATISTIEK OP 31 MAART 2008


| | 2008 | 2007 | 2006 | 2005 |
|---|---|---|---|---|
| **AANTAL AANDELE UITGEREIK** | | | | |
| – Gewone aandele van 1 sent elk | **449 003 606** | 448 802 207 | 448 802 207 | 486 493 650 |
| Uitgereik op 1 April | **448 802 207** | 448 802 207 | 486 493 650 | 486 493 650 |
| Uitgereik gedurende die jaar | **201 399** | – | – | – |
| Gekanselleer gedurende die jaar | **–** | – | (37 691 443) | – |
| – Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk | **35 506 352** | 35 506 352 | 35 506 352 | 35 506 352 |
| Totale aantal aandele uitgereik | **484 509 958** | 484 308 559 | 484 308 559 | 522 000 002 |
| **Aantal aandele in tesourie gehou** | **(11 972 555)** | (11 948 372) | (4 473 004) | (34 903 000) |
| Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou | **(8 554 019)** | (8 554 019) | (1 379 635) | (30 521 841) |
| Gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust gekoop en as tesourie-aandele verantwoord | **(3 418 536)** | (3 394 353) | (3 093 369) | (4 381 159) |
| | **472 537 403** | 472 360 187 | 479 835 555 | 487 097 002 |
| **Geweegde aantal aandele** | **472 052 993** | 474 123 689 | 483 154 691 | 497 292 403 |

### ADDISIONELE INLIGTING (2008)

**Institusionele en privaat aandeelhoudings in Remgro Beperk gewone aandele**





**Buitelandse en plaaslike aandeelhoudings in Remgro Beperk gewone aandele**





### ADDISIONELE INLIGTING (2007)

**Institusionele en privaat aandeelhoudings in Remgro Beperk gewone aandele**




**Buitelandse en plaaslike aandeelhoudings in Remgro Beperk gewone aandele**



**Belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy**
**Gewone aandele**

| Direkteure | Direk voordelig | Indirek voordelig | Verwantes | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **31 Maart 2008** | | | | |
| P E Beyers | **70 024** | **13 000** | **–** | **83 024** |
| W E Bührmann | **223 256** | **–** | **–** | **223 256** |
| G D de Jager | **57 740** | **108 300** | **–** | **166 040** |
| J W Dreyer | **–** | **–** | **2 600** | **2 600** |
| D M Falck | **200** | **18 133** | **–** | **18 333** |
| P K Harris | **–** | **169 118** | **–** | **169 118** |
| E de la H Hertzog | **228 245** | **1 671 903** | **129 984** | **2 030 132** |
| J Malherbe | **26 826** | **222 511** | **22 500** | **271 837** |
| J A Preller | **75 069** | **–** | **–** | **75 069** |
| F Robertson | **–** | **5 000** | **–** | **5 000** |
| J P Rupert | **–** | **–** | **2 600** | **2 600** |
| T van Wyk | **117 585** | **–** | **100** | **117 685** |
| M H Visser | **–** | **715 145** | **–** | **715 145** |
| | **798 945** | **2 923 110** | **157 784** | **3 879 839** |
| **31 Maart 2007** | | | | |
| P E Beyers | 70 024 | 13 000 | – | 83 024 |
| W E Bührmann | 223 256 | – | – | 223 256 |
| G D de Jager | 38 740 | 108 300 | – | 147 040 |
| J W Dreyer | – | – | 2 600 | 2 600 |
| D M Falck | 200 | 18 133 | – | 18 333 |
| P K Harris | – | 169 118 | – | 169 118 |
| E de la H Hertzog | 228 245 | 1 671 903 | 129 984 | 2 030 132 |
| J Malherbe | 26 826 | 222 511 | 22 500 | 271 837 |
| J A Preller | 75 069 | – | – | 75 069 |
| F Robertson | – | 5 000 | – | 5 000 |
| J P Rupert | – | – | 2 600 | 2 600 |
| T van Wyk | 117 585 | – | 100 | 117 685 |
| M H Visser | – | 715 145 | – | 715 145 |
| | 779 945 | 2 923 110 | 157 784 | 3 860 839 |

**B-gewone aandele**

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust (Edms) Beperk wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

Sedert die einde van die finansiële jaar tot datum van hierdie verslag het die belange van die direkteure onveranderd gebly.

# KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

Die 2008 algemene jaarvergadering van die maatskappy sal op Donderdag, 21 Augustus 2008, om 15:30 in Magnifica 2 & 3, Protea Hotel Stellenbosch, Tegnolaan, Tegnopark, Stellenbosch, 7600, gehou word om, indien goedgevind, die volgende gewone en spesiale besluite met of sonder wysiging aan te neem:

## 1. GOEDKEURING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE

**Gewone Besluit Nommer 1**

**Besluit dat** die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 aanvaar en goedgekeur word.

## 2. GOEDKEURING VAN DIREKTEURE SE VERGOEDING

**Gewone Besluit Nommer 2**

**Besluit dat** die direkteursvergoeding vir dienste as direkteure vir die afgelope finansiële jaar geëindig 31 Maart 2008 asook vir die toekomstige finansiële jaar, eindigende 31 Maart 2009, as volg vasgestel word:

| Tipe fooi | Fooi vir die afgelope finansiële jaar 31 Maart 2008 R | Fooi vir die toekomstige finansiële jaar 31 Maart 2009 R |
|---|---|---|
| Raadslid | 150 000 | 160 000 |
| Voorsitter van die oudit-en-risikokomitee | 100 000 | 108 000 |
| Lid van die oudit-en-risikokomitee | 50 000 | 54 000 |
| Lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee | 25 000 | 27 000 |

## 3. VERKIESING VAN DIREKTEUR

**Gewone Besluit Nommer 3**

**Besluit dat** mnr G D de Jager wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

## 4. VERKIESING VAN DIREKTEUR

**Gewone Besluit Nommer 4**

**Besluit dat** mnr J W Dreyer wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

## 5. VERKIESING VAN DIREKTEUR

**Gewone Besluit Nommer 5**

**Besluit dat** dr E de la H Hertzog wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

## 6. VERKIESING VAN DIREKTEUR

**Gewone Besluit Nommer 6**

**Besluit dat** mev J A Preller wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en haarself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

## 7. VERKIESING VAN DIREKTEUR

**Gewone Besluit Nommer 7**

**Besluit dat** mnr F Robertson wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

## 8. VERKIESING VAN DIREKTEUR

**Gewone Besluit Nommer 8**

**Besluit dat** mnr T van Wyk wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

## 9. VERKIESING VAN DIREKTEUR

**Gewone Besluit Nommer 9**

**Besluit dat** mnr L Crouse wat kragtens artikel 31.4.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

Biografiese inligting van al die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 10 en 11 van die jaarverslag.

## 10. MAGTIGING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE

**Spesiale Besluit Nommer 1**

**Besluit dat** die direksie van die maatskappy hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernieubare algemene magtiging, om die koop van sy eie aandele deur die maatskappy, of om die koop van gewone aandele in die maatskappy deur enige filiaal van die maatskappy, goed te keur, met dien verstande dat:

- hierdie algemene magtiging geldig sal wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy of vir 15 maande vanaf die datum van hierdie besluit, welke tydperk ook al die kortste is;
- die gewone aandele deur die bestelboek van die JSE verhandelingsisteem gekoop word sonder enige voorafgaande verstandhouding of ooreenkoms tussen die maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty, met dien verstande dat indien die maatskappy ingevolge hierdie algemene magtiging sy eie aandele van enige volfiliaal van die maatskappy koop, vir die doel om sodanige tesourie-aandele te kanselleer, die bogemelde bepalings nie van toepassing sal wees op sodanige kooptransaksie nie;
- die maatskappy ooreenkomstig paragraaf 11.27 van die noteringsvereistes van die JSE ("noteringsvereistes") 'n aankondiging publiseer (i) wanneer die maatskappy en/of sy filiale kumulatief 3% van die gewone uitgereikte aandele soos op die datum wat magtiging verleen is ("die aanvanklike getal") teruggekoop het, en (ii) vir elke 3% in totaal van die aanvanklike getal gewone aandele wat daarna deur die maatskappy en/of sy filiale teruggekoop word;
- die terugkoop deur die maatskappy van sy eie gewone aandele in enige enkele finansiële jaar in totaal nie 20% van die maatskappy se uitgereikte aandele van daardie klas mag oorskry nie, met die voorbehoud dat die verkryging van gewone aandele deur 'n filiaal as tesourie-aandele nie 10% van die totale getal uitgereikte aandele van die maatskappy mag oorskry nie;
- terugkope nie gedoen mag word teen 'n prys wat meer as 10% bo die geweegde gemiddelde markwaarde van die gewone aandele vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die datum waarop die transaksie uitgevoer word, is nie;
- die maatskappy te eniger tyd net een verteenwoordiger mag aanwys om namens die maatskappy, of namens 'n filiaal van die maatskappy, die terugkoop van gewone aandele uit te voer;
- die maatskappy na die terugkoop steeds aan die bepalings van die noteringsvereistes insake aandeelhouerverspreiding sal voldoen;
- onderhewig aan die uitsonderings vervat in die noteringsvereistes, die maatskappy en die groep nie gedurende 'n verbode tydperk (soos gedefinieer in die noteringsvereistes) gewone aandele sal terugkoop nie, tensy hulle 'n terugkoopprogram in plek het ingevolge waarvan die datums en aantal sekuriteite waarmee gehandel word tydens die betrokke tydperk vas is (nie onderhewig is aan enige verandering nie) en volle besonderhede van die program in 'n kennisgewing oor SENS openbaar gemaak is voor die aanvang van die verbode tydperk; en
- sodanige terugkope onderhewig sal wees aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig ("Maatskappywet"), die statute van die maatskappy en die noteringsvereistes.

Dit is die voorneme van die direksie om hierdie algemene magtiging te gebruik indien die heersende omstandighede (insluitende die belastingbedeling en marktoestande) dit na hulle mening regverdig.

Die direkteure van die maatskappy onderneem dat hulle nie enige sodanige terugkoop sal implementeer terwyl hierdie algemene magtiging geldig is nie, tensy:

- die maatskappy en die groep in staat sal wees om, in die gewone loop van besigheid, hul skulde vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die kennisgewing van die algemene jaarvergadering waartydens hierdie besluit voorgestel is ("die algemene jaarvergadering"), te betaal;
- die bates van die maatskappy en die groep hul laste vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die kennisgewing van die algemene jaarvergadering sal oorskry. Vir hierdie doel sal die bates en die laste erken en waardeer word in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van die maatskappy en die groep se jongste geouditeerde finansiële jaarstate;
- die maatskappy en die groep voldoende aandelekapitaal en reserwes vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die kennisgewing van die algemene jaarvergadering;
- die bedryfskapitaal van die maatskappy en die groep voldoende sal wees vir gewone besigheidsdoeleindes vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die kennisgewing van die algemene jaarvergadering; en
- die maatskappy se borg, voor enige terugkoop van aandele in die mark, skriftelik aan die JSE bevestig het dat die maatskappy voldoende bedryfskapitaal vir doeleindes van 'n terugkoop van aandele het.

**Rede vir en die effek van die Spesiale Besluit Nommer 1**
Die rede vir en die effek van die spesiale besluit is om aan die direkteure van die maatskappy 'n algemene magtiging te verleen om die koop van sy eie aandele goed te keur of om 'n filiaal van die maatskappy toe te laat om aandele in die maatskappy te koop.

Vir doeleindes van die oorweging van Spesiale Besluit Nommer 1, en in ooreenstemming met paragraaf 11.26 van die noteringsvereistes, is die inligting hieronder aangedui in die jaarverslag, waarin hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering vervat is, ingesluit:

- Direkteure en bestuur (bladsy 10 en 11);
- Wesentlike aandeelhouers (bladsy 115);
- Geen wesentlike veranderinge;
- Direkteure se belange in sekuriteite (bladsy 117);
- Aandelekapitaal van die maatskappy (bladsy 90 en 115);
- Die direkteure wie se name vermeld word op bladsy 10 en 11 aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting vervat in hierdie Spesiale Besluit Nommer 1 en sertifiseer dat, na die beste van hulle kennis en wete, daar geen ander feite nagelaat is wat enige verklaring vals of misleidend mag maak nie, en dat hulle alle redelike navrae in hierdie verband gedoen het en dat hierdie besluit alle inligting wat regtens en deur die noteringsvereistes vereis word, vervat;
- Daar is geen regs- of arbitrasieverrigtinge (insluitende enige verrigtinge wat hangend of dreigend is waarvan die maatskappy bewus is) wat 'n wesentlike effek mag hê of gehad het ten opsigte van die maatskappy se finansiële posisie oor die laaste 12-maandetydperk nie.

## 11. MAGTIGING VIR SLUITING VAN AFGELEIDE TRANSAKSIES

**Spesiale Besluit Nommer 2**
**Besluit dat**, onderhewig aan die aanvaarding van Spesiale Besluit Nommer 1, die direksie van die maatskappy hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernieubare algemene magtiging, om afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele koop, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die beperkinge vervat in paragraaf 5.84(a) van die noteringsvereistes.

**Rede vir en die effek van die Spesiale Besluit Nommer 2**
Die rede vir en die effek van die spesiale besluit is om aan die direkteure van die maatskappy 'n algemene magtiging te verleen om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele koop.

**En om enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.**

Lede wat nog nie hul aandele gedematerialiseer het nie, of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul eie naam geregistreer het, is geregtig om die vergadering by te woon, te stem en het die reg om 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes te benoem (vir welke doeleindes 'n volmagvorm hierby aangeheg word) om die vergadering namens hulle by te woon, daarop te praat en te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie. Volmagvorms moet ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Dinsdag, 19 Augustus 2008, om 15:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.

Volmagvorms moet slegs deur lede voltooi word wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul eie naam geregistreer het.

Elke lid van die maatskappy wat self teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word, sal slegs een stem hê in die geval waar stemming plaasvind by wyse van 'n opsteek van hande. By stemming per stembrief is elke lid geregtig op sodanige aantal stemme van die totale stemme in die maatskappy as wat die verhouding is waarin die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele deur so 'n lid gehou in die maatskappy staan tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die maatskappy.

Lede wat hulle aandele gedematerialiseer het en nie in eie naam geregistreer is as lede van die maatskappy nie, moet hulle Sentralesekuriteitebewaarplek-deelnemer ("CSDP") of makelaar kontak op die wyse en binne die tyd bepaal in hulle ooreenkoms, om:

- hulle CSDP of makelaar van hul stemopdragte te voorsien; of
- die nodige toestemming te reël, sou hulle die vergadering self wou bywoon.

In opdrag van die raad van direkteure.

**M Lubbe**
*Sekretaris*

Stellenbosch
18 Junie 2008

## GEWONE BESLUITE

### Gewone Besluit Nommer 1

**Goedkeuring van finansiële jaarstate**

Kragtens die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig ("die Maatskappywet"), is direkteure verplig om aan die lede van die maatskappy sowel die finansiële jaarstate van die maatskappy as die finansiële jaarstate van die groep by die algemene jaarvergadering vir oorweging voor te lê.

### Gewone Besluit Nommer 2

**Goedkeuring van direkteure se vergoeding**

Kragtens die statute van die maatskappy moet die vergoeding van direkteure by die maatskappy se algemene jaarvergadering vasgestel word.

### Gewone Besluite Nommers 3-9

**Verkiesing van direkteure**

Kragtens die statute van die maatskappy tree een-derde van die direkteure of, indien hulle nie 'n veelvoud van drie is nie, die getal naaste aan 'n derde, maar nie minder nie as 'n derde, jaarliks by die algemene jaarvergadering af. 'n Persoon wat deur die direkteure aangestel is, moet by die eersvolgende algemene jaarvergadering aftree en vorm nie deel van die derde van direkteure wat volgens rotasie moet aftree nie. Direkteure mag hulself vir 'n verdere termyn herkiesbaar stel. Biografiese inligting van die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 10 en 11 van die jaarverslag.

## SPESIALE BESLUITE

### Spesiale Besluit Nommer 1

**Magtiging vir die terugkoop van aandele**

Die jaarlikse hernuwing van dié magtiging word deur die Maatskappywet en die noteringsvereistes van die JSE ("noteringsvereistes") vereis. Die bestaande goedkeuring aan die direkteure verval by die eerskomende algemene jaarvergadering, tensy dit hernu word.

### Spesiale Besluit Nommer 2

**Magtiging vir sluiting van afgeleide transaksies**

Die algemene magtiging word aan die direkteure gegee ten einde hulle in staat te stel om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele moet koop.

**Remgro**
**Beperk**

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
(Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480)
("die maatskappy")

# VOLMAGVORM

**HIERDIE VOLMAGVORM IS SLEGS VIR GEBRUIK DEUR:**

1. **GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT NOG NIE HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET NIE; EN**
2. **GEREGISTREERDE AANDEELHOUERS WAT REEDS HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET EN IN EIE NAAM GEREGISTREER IS IN DIE MAATSKAPPY SE SUBREGISTER. ***

*** Sien verduidelikende aantekening 3 op die keersy hiervan.**

Vir gebruik deur bogenoemde geregistreerde aandeelhouers wat gewone aandele van die maatskappy hou ("lid") en welke lid nie die 2008 algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Donderdag, 21 Augustus 2008, om 15:30 in Magnifica 2 & 3, Protea Hotel Stellenbosch, Tegnolaan, Tegnopark, Stellenbosch, 7600, gehou word ("die algemene jaarvergadering") in persoon kan bywoon nie.

Ek/Ons ______________________________________________

die eienaar/s van ____________ gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee aan (verwys na aantekening 1 op die keersy)

1. ______________________________________ of, by ontstentenis van hom/haar,

2. ______________________________________ of, by ontstentenis van hom/haar,

3. die voorsitter van die algemene jaarvergadering, as my/ons gevolmagtigde aan om namens my/ons die algemene jaarvergadering van die maatskappy by te woon en daar, of by enige verdaging daarvan, namens en ten behoewe van my/ons te praat, te stem, of buite stemming te bly soos volg (verwys aantekening 2 en aanwysing 2 op die keersy):

| | Dui aan met 'n "X" of vul aantal stemme in (een stem per gewone aandeel) | | |
|---|---|---|---|
| **Gewone besluite** | Ten gunste van | Teen | Buite stemming |
| 1. Goedkeuring van finansiële jaarstate | | | |
| 2. Goedkeuring van direkteure se vergoeding | | | |
| 3. Verkiesing van direkteur – mnr G D de Jager | | | |
| 4. Verkiesing van direkteur – mnr J W Dreyer | | | |
| 5. Verkiesing van direkteur – dr E de la H Hertzog | | | |
| 6. Verkiesing van direkteur – mev J A Preller | | | |
| 7. Verkiesing van direkteur – mnr F Robertson | | | |
| 8. Verkiesing van direkteur – mnr T van Wyk | | | |
| 9. Verkiesing van direkteur – mnr L Crouse | | | |
| **Spesiale besluite** | | | |
| 10. Magtiging vir die terugkoop van aandele | | | |
| 11. Magtiging vir sluiting van afgeleide transaksies | | | |

Geteken te ______________________ op ______________________ 2008

Handtekening/e ______________________________________________

Bygestaan deur ______________________________________________
(waar van toepassing)

**Lees asseblief die aantekeninge en aanwysings op die keersy hiervan.**

## AANTEKENINGE

1. 'n Lid wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en te stem het die reg om een of meer gevolmagtigdes te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon en te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.

2. Elke lid persoonlik, of by wyse van volmag, teenwoordig en geregtig om te stem by die algemene jaarvergadering van die maatskappy, het slegs een stem by die opsteek van hande, ongeag die aantal aandele gehou deur so 'n lid. Wanneer per stembrief gestem word, is elke lid egter geregtig op sodanige aantal stemme van die totale stemme in die maatskappy as wat die verhouding is waarin die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele deur so 'n lid gehou in die maatskappy staan tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die maatskappy.

3. Eie naam geregistreerde lede is lede wat gekies het om nie aan die Uitreiker-geborgde Genomineerde Program deel te neem nie en vir Computershare Beperk aangestel het as hul Sentralesekuriteitebewaarplek-deelnemer ("CSDP") met die uitdruklike instruksie dat hul ongesertifiseerde aandele **in hulle eie naam** in die elektroniese subregister van lede geregistreer moet word.

## AANWYSINGS VIR DIE ONDERTEKENING EN INLEWERING VAN VOLMAGVORM

1. 'n Lid mag die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes invul in die spasie/s voorsien op die keersy met of sonder die deurhaling van "die voorsitter van die algemene jaarvergadering", maar enige sodanige deurhaling moet deur die lid geparafeer word. Indien hierdie spasie/s oopgelaat word, sal die volmag uitgeoefen word deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering. Die naam van die persoon wat eerste op die volmagvorm verskyn en wat aanwesig is by die algemene jaarvergadering is geregtig om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van die persone wie se name daarna volg.

2. 'n Lid moet sy/haar stemopdragte aan die gevolmagtigde aandui deur 'n "X", of die aantal stemme wat die lid wil uitoefen, in die toepaslike spasies op die keersy in te vul. By gebrek hieraan sal dit geag word dat die gevolmagtigde by die algemene jaarvergadering mag stem of buite stemming bly soos hy/sy goeddink ten opsigte van al die stemme waarop die lid geregtig is. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al sy/haar stemme te gebruik nie, maar die totaal van stemme wat uitgeoefen word, of dié ten opsigte waarvan daar buite stemming gebly word, mag nie die totale aantal stemme oorskry waarop die lid of sy/haar gevolmagtigde geregtig is nie.

3. 'n Minderjarige moet bygestaan word deur sy/haar ouer of voog tensy dokumente, wat sy/haar regsbevoegdheid staaf, gelewer word of reeds by die oordragsekretaris aangeteken is.

4. Ten einde geldig te wees moet voltooide volmagvorms ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Dinsdag, 19 Augustus 2008, om 15:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.

5. Persone wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet dokumentêre bewys van sodanige magtiging aan die volmagvorm heg, tensy dit reeds by die oordragsekretaris ingelewer en aangeteken is, of die voorsitter van die algemene jaarvergadering daarvan afstand gedoen het.

6. Die voltooiing en inlewering van hierdie volmagvorm sal nie die lid belet om, indien hy/sy so sou verkies, die algemene jaarvergadering by te woon en self daar te praat en te stem in die plek van die gevolmagtigde wat deur hom/haar aangewys is nie.

7. Geen parawe is nodig wanneer lede blanko spasies op hierdie volmagvorm voltooi nie. Enige wysigings of veranderings wat aan hierdie volmagvorm aangebring word, moet deur die ondertekenaar/s geparafeer word.

8. Die voorsitter van die algemene jaarvergadering mag enige volmagvorm wat nie in ooreenstemming met hierdie aantekeninge voltooi is nie, aanvaar indien hy tevrede is dat die lid se wense ten opsigte van die uitoefening van sy stemme nagekom word.